UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# LITURGIESE KATEGESE DEUR SPORT ONTWIKKELINGSPROGRAMME: 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE EVALUERING

deur

DALéNE SHONNIE FLYNN

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Theologiae

in die

**FAKULTEIT TEOLOGIE**

van die

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

Departement:
Praktiese Teologie

Studieleier:
Prof. Cas Wepener

Datum van indiening:
**September 2012**

© University of Pretoria

# INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE ........ i
VERKLARING ........ iii
ERKENNING ........ iv
SUMMARY ........ vi

HOOFSTUK 1 ........ 1
INLEIDING ........ 1
1.1 Agtergrond ........ 2
1.2 Persoonlike motivering tot hierdie ondersoek ........ 3
1.3 Probleemstelling ........ 4
1.4 Doelstelling ........ 4
1.5 Vraagstelling ........ 4
1.6 Konsepte en stappe in die ondersoek ........ 5

HOOFSTUK 2 ........ 6
OMSKRYWING VAN BELANGRIKSTE TERME ........ 6
2.1 Lewensafrigting ("life coaching") ........ 6
2.2 Formele, nie-formele en informele leer ........ 7
2.3 Opvoeding ("education") en onderrig ("teaching") ........ 9
2.4 Onderrig funksie in die Kerk ("Teaching Office") ........ 10
2.5 Kategumenaat ........ 11
2.6 Waardes ........ 12
2.7 Liturgie ........ 12
2.6 Liturgiese kategese ........ 15
2.8 "Belief", "belonging" en "behavior" ........ 17
2.9 Osmer se teoretiese model vir praktiese teologiese ........ 18

HOOFSTUK 3 ........ 20
BESKRYWENDE-EMPIRIESE TAAK ........ 20
3.1 Ubabalo eAfrica 2010 ........ 21
3.2 Bhubesi Pride ........ 30
3.3 Ander ........ 31
3.4 Samevattend ........ 32

HOOFSTUK 4 ........ 33
GESKIEDENIS VAN DIE KATEGUMENAAT IN DIE VROEë KERK ........ 33
4.1 Geskiedenis van die kategumenaat ........ 33
4.2 Samevattend ........ 41

HOOFSTUK 5 ........ 42

DIE INTERPRETATIEWE TAAK .......... 42

5.1 'n Kort terugblik .......... 44
5.2 Oortuiging ("belief") .......... 44
5.2.1 Verskillende vorme van leer .......... 45
5.3 Gedrag .......... 47
5.4 Behoort / Deel uitmaak .......... 52
5.5 Waardes .......... 58
5.6 Samevattend .......... 65

HOOFSTUK 6 .......... 66

DIE NORMATIEWE TAAK .......... 66

6.1 'n Kort terugblik .......... 66
6.2 Oortuiging ("belief") .......... 67
6.3 Gedrag .......... 70
6.4 Behoort / Deel uitmaak .......... 79
6.5 Waardes .......... 82
6.6 Samevattend .......... 89

HOOFSTUK 7 .......... 90

DIE PRAGMATIESE TAAK .......... 90

7.1 Inleiding .......... 90
7.2 Liturgiese kategese .......... 91
7.2.1 Oortuiging ("belief") .......... 92
7.2.2 Gedrag .......... 96
7.2.3 Behoort aan / Deel uitmaak .......... 102
7.2.4 Waardes .......... 105
7.2.5 Praktiese voorbeelde .......... 106
7.3 Samevattend .......... 110

HOOFSTUK 8 .......... 112

GEVOLGTREKKING .......... 112

HOOFSTUK 9 .......... 115

BIBLIOGRAFIE .......... 115

# VERKLARING

Ek verklaar dat die verhandeling wat ek hiermee vir die graad MTh aan die Universiteit van Pretoria indien, my eie werk is en nie voorheen deur my vir ‘n graad aan hierdie of ‘n ander tersiêre instelling ingedien is nie.

**DS FLYNN** **SEPTEMBER 2012**

# ERKENNING

My opregte dank en waardering aan:

- Ons hemelse Vader van wie alle kreatiwiteit kom.
- My man Patrick, dat jy vir my vlerke gee en so dikwels my arms ophou! Soveel dinge word "gebore" tydens ons urelange geselsies rondom die kombuistafel. Dit is tye waarvan die waarde nooit in monetêre terme gemeet kan word nie. Dankie dat ons saam kan groei en ontdek!
- Henry, Bernardine en Charlene vir julle aanmoediging, liefde en nog 'n jaar van opofferings.
- My surrogaat ouers Danie en Miempie von Wielligh vir geloof, hoop en liefde!
- My studieleier, prof. Cas Wepener wat my die liturgie en die moontlikhede daarvan laat ontdek het. Dankie dat u altyd bereid is om te luister en saam te dink op watter maniere ons die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (en dan veral sport liturgieë) bymekaar kan uitbring. Dankie dat ons alreeds kan dink aan die pad vorentoe en nuwe idees. Ek sien baie uit na my PhD en nog 'n paar jaar se saamdink!
- Dr. C. Verburgh vir u proefleeswerk, waardevolle opmerkings, aanmoediging, ondersteuning en vriendskap!
- Zuna Botha vir jou waardevolle hulp met die tegniese versorging.
- Vriende, familie en kollegas vir volgehoue belangstelling, ondersteuning en gebede.
- LEVLO en BFAP – Ferdi (veral vir jou) en die res van die span. Dankie vir al julle ondersteuning, aanmoediging en belangstelling. Baie dankie weereens vir die fondse om my verhandeling te druk en te bind!
- My kollegas by NG Pretoria-Garsfontein – Gavin, Lieneke, Johan, Ronnie en Koos – dis 'n voorreg om saam met julle te werk.
- Rabboeni (Dr. Johan van der Merwe) – in my lewe sou ek dit nie geglo het dat ek geskiedenis in 'n studie sou gebruik nie. Dankie dat jy my die waarde

van geskiedenis geleer het en dat ons nie die toekoms kan ingaan sonder om die verlede in ag te neem nie.

- Fakulteit Teologie, al die dosente en ander personeel – dit is steeds ‘n onvergeetlike reis!
- ***Ubabalo*** – what can I say...? You guys were truly amazing. Since the first day I contacted you, you opened your lives and hearts to me. To visit you in April 2012 were one of the best experiences of my life. John Yip nothing was too much trouble to arrange that I can meet all the guys. Thanks a lot! Joseph Jacobs your stories about the Soccer World Cup 2010 had me in tears. Nkosinathi Sixabayi you are a legend! I would love to hear and learn even more from you. Sylvester Ngoda you are a witness of the impact of ***Ubabalo***. So young and already by God’s grace you are changing lives. Ben Marais another amazing testimony. Chris Welman with your big heart. Thanks for allowing me to do the ***Ubabalo*** training. Apart from meeting your guys this was my highlight of 2012. The *Discovery Bible Study* will always be a special part of my ministry. Thank you also for speaking so much wisdom into my life. I honour God for you guys. May my dream still become a reality to put your stories on paper for the benefit of all. You are hope givers!

# SUMMARY

Kenneson (1999:242-245) tells the Japanese story of an old barren, aged and war-damaged cherry tree and an old man who attempts to nurse it back to life. One day two children stumble upon him. They were puzzled by his devotion to a tree that already appears to be dead. They inquired about this and he explained that he realizes that she hasn't blossomed since before the war but one day, with a little kindness and patience, she may again. The children were inspired by the old man's devotion and hope and agreed to join him in his efforts to nurse the tree back to life. They worked hard, but much of their time they spend waiting and hoping. And then one day a single pink petal appeared, followed by a rapturous display of fruit-producing blossoms.

The Church can be compared to this dying tree that needs to be nurtured back to life. We are called to devote our lives to nurturing this tree called the church even when she seems dead and even when we have no guarantees that we will see a bountiful harvest of the Spirit's fruit, in our lifetime. We may or may not see the church bear abundant fruit in our generation. But we must not give up hope that God will do what God has promised to do.

What is also important is that we will inspire children and youth by our example and that they will be willing to continue to nurture this "tree", no matter how hard the work to be done or how much waiting and hoping they have to put in. Unfortunately our catechism does not always provide them with all the "tools" they need to nurture the "tree" back to life. This study is about finding new ways.

I looked into sport programmes, especially *Ubabalo* to see how their program works and what they do to keep the youth captivated and committed. I used the practical theologian RR Osmer's model to guide me through this study. He works with the four tasks of Practical Theology and suggests four questions to guide a researcher.

The questions are:

- **What is going on?**

Gathering information that helps us discern patterns and dynamics in particular episodes, situations, or contexts is the **descriptive-empirical task** of practical theological interpretation. Here we look at sport programmes and three patterns and categories from the Catechumenate that Kreider (1999:xv-xvi) identified. They are *belief*, *behavior* and *belonging*. To this I added *values*.

- **Why is this going on?**

Here we try to make sense of what we've found. What theories might help us to better understand and explain the patterns and dynamics we've begun to discover? These are the key questions of the **interpretive task** of practical theological interpretation. Here I've used theories from the arts and sciences to better understand and explain why this is going on.

- **What ought to be going on?**

This is the **normative task** of practical theological interpretation. Here theological concepts are used to interpret particular episodes, situations, contexts and in this study, the patterns and categories identified. The aim of this task is to construct ethical norms to guide our responses, and to learn from "good practice".

- **How might we respond?**

This is the **pragmatic task** of practical theological interpretation. The aim is to determine strategies of action that will influence situations in ways that are desirable. Here I looked into the possibility of using the principles of a sport development program like ***Ubabalo*** for liturgical catechesis. Practical suggestions were made. ***Ubabalo*** is practical and based on sound educational and sport science principles. Their aim is to transfer Biblical values while coaching different sports. They want to assist a fatherless generation. Sport is a tool, a vehicle to establish discipleship groups introducing *Discovery Bible Studies*. ***Ubabalo*** and Liturgical catechesis can interact in a useful way to help our youth understand

what we *belief*, how we should live as Christians (*behavior)* and how we should interact and be a faith community (*belong*). In all of this our *values* play a very important role. We should inspire our youth to join in our efforts to keep the old tree (the Church) blooming for many generations to come.

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

Philip Kenneson (1999:242-243) verwys na 'n kinderstorie *The Cherry Tree* wat deur Daisaku Ikeda geskryf is. Dit gaan oor twee Japannese kinders wat op 'n ou man afkom wat stoei om 'n ou, droë kersieboom te versorg en aan die lewe te probeer hou. Die kinders kan nie verstaan hoekom die ou man so spook met 'n boom wat op die oog af reeds dood is nie. Hulle nader hom hieroor en hy verduidelik dat dit waar is dat die boom baie, baie jare gelede laas geblom het. Tog weet hy dat met 'n bietjie sorg en geduld die boom dalk weer eendag sal blom. Moontlik nie in sy leeftyd nie maar wel eendag. Hy was baie seker van sy saak. Die twee kinders was geïnspireer deur die ou man se toegewydheid  en hoop en het besluit dat hulle hom sou help in sy poging om die boom weer aan die lewe te kry. Hulle het baie hard gewerk maar meeste van die tyd moes hulle net wag en hoop. En toe... op 'n dag het daar een klein pienk blomblaartjie verskyn, en mettertyd het daar 'n oorvloedige klomp vrugdraende bloeisels verskyn.


Kenneson (1999:243) vergelyk dan die kerk met hierdie boom. Ons roeping is om ons te wy aan hierdie boom, die kerk. Selfs wanneer sy redelik dood vertoon en ook wanneer ons geen waarborg het dat ons in ons leeftyd haar vrugte sal sien nie. Ons mag egter nooit hoop opgee dat God sal doen wat Hy beloof het om te doen nie. Ons moet volhard en die wedloop voltooi. Ons mag nie ophou om harde medewerkers met die Gees te wees nie, ons moet voortdurend en soos nodig ernstig en kreatief reflekteer oor dit wat ons behoort te doen en te wees in die *alreeds* en dan te hoop en te wag op die *nog nie* van die Koninkryk. Hoe ons hulle kan inspireer wat die boom na ons moet versorg is van wesenlike belang. Die wyse waarop ons die aflosstokkie oorgee kan 'n bepalende invloed hê op die eindresultaat van die wedloop...

## *1.1 Agtergrond*

Daar is sportprogramme soos onder andere die ***UBABALO projek*** en ***Bhubesi Pride***. Hulle stel hulself as volg bekend:

**UBABALO:** [1]




**BHUBESI PRIDE:** [2]

'**Bhubesi**' is **Zulu** for '**lion**', Africa's most respected hunting animal and pride member. It is anticipated that, through the hard work of a committed team (or **PRIDE**) of expedition members, **Bhubesi Pride's** mission of uniting African communities through the game of rugby will prove successful, leaving behind a rugby legacy, while creating long-term sustainable links between schools and communities in the UK, and in Africa. You too can be a part of the **PRIDE**.

[1] http://www.ubabalo2010.com/ (Besoek op 29/8/201)

[2] http://rugbyinafrica.org/about/ (Besoek op 11/112011)

> "Sport has the power to change the world, the power to inspire, the power to unite people in a way that little else can."
>
> *Nelson Mandela*

Programme soos hierdie maak gebruik van sport om waardes aan kinders en jongmense oor te dra.

## *1.2 Persoonlike motivering tot hierdie ondersoek*

Vandag se jongmense sal na jou sit en luister met een oor terwyl hul iPod se oorstukkie in die ander oor is. Terselfdertyd is hulle op Facebook of Twitter besig of hulle stuur sms'e of MXit. Dit beteken nié dat hulle nie na jou luister of jou nie hoor nie. Hulle luister en hoor net soveel beter as hulle kan besig wees en as kennis visueel of "liggaamlik" aan hulle oorgedra word. My persoonlike mening is dat dit 'n onreg is om van jongmense te verwag om doodstil te sit en luister na Bybelstories waarvan hulle niks weet en kontekste wat vir hulle geen sin maak nie. Hiermee sê ek nié dat die Bybel irrelevant geraak het nie. As 'n mens jongmense toets op hulle Bybelkennis kom jy egter gou agter dat hulle nie veel daarvan weet nie. Om dan te dink jy kan vir hulle die storie lees of vertel en dit gaan vir hulle sin maak of enigsins iets beteken, is onrealisties. Die Kerk sal werklik meer kreatief moet wees as ons die jongmense wil bereik. Dalk is daar moontlik al kreatiewe programme wat gebruik kan word maar ek weet ongelukkig nie daarvan nie en het dit nog nie gesien waar ek die afgelope paar jaar binne gemeentes betrokke was nie.

Wat vir my besonder hartseer was, my aangegryp het en ernstig laat besin het, is iets wat ek gehoor het. Op Sondag 6 November 2011 het die kategese vir die jaar afgesluit in die gemeente waar ek op daardie tydstip betrokke was. Tydens die vooraf sang het die meisie wat dit gelei het gevra dat almal moet opstaan en uit volle bors moet sing aangesien dit die laaste liedjie en laaste byeenkoms vir die jaar is. Van die meisies wat agter my gesit het, het daar 'n vreugdevolle uiting gekom: "Yeah!!" Dit het my laat besef dat my waarneming waarskynlik korrek is, dat dit vir die meeste jongmense nié lekker is om kategese toe te kom nie en dat hulle waarskynlik kom omdat hulle ouers dit van hulle verwag.

Ons sal móét kyk na maniere om meer relevant te wees vir ons jongmense! Sport sou ons moontlik hierin kon help.

## *1.3 Probleemstelling*

Tradisionele kerke is besig om hul jongmense te verloor[3] omdat die meeste gemeentes voortgaan om kategese aan te bied op maniere wat twintig, dertig jaar en langer gelede goed gewerk het. Ons verwag dat kinders moet stilsit en luister, iets wat vir hulle 'n vreemde milieu is. Wat kan ons anders doen? Hoe kan ons aandag gee aan hierdie uitdaging? Wat doen sportprogramme wat daarop gemik is om waardes by jongmense te vestig? Hoe doen hulle dit? Kan ons van hulle leer en dit gebruik in ons bediening aan kinders?

## *1.4 Doelstelling*

Die doel van hierdie ondersoek is om te kyk na programme wat reeds binne Suid-Afrika gebruik word om deur middel van sport waardes aan jongmense oor te dra. Daar sal gekyk word of hierdie programme aangepas sou kon word om die liturgie meer jongmens "vriendelik" te maak en veral om deur middel van liturgiese kategese ons jongmense te bereik. Dit is nie die doel van hierdie studie om 'n kategese program te ontwikkel nie. Wel om voorstelle met betrekking tot 'n teorie vir die praxis te maak na aanleiding van dit wat waargeneem is binne sport ontwikkelingsprogramme.

## *1.5 Vraagstelling*

Hoe werk programme soos ***UBABALO*** wat gebruik word om waardes deur middel van sport aan jongmense oor te dra? Is hulle suksesvol? Indien wel, hoe sou mens hierdie selfde metodes kon gebruik om deur middel van sport en soortgelyke

[3] Vir statistieke verwys ek graag na http://www.gemeentes.co.za/webbladsye/kerkspieel.html (besoek op 18/8/2012)

programme meer jongmens "vriendelik" te wees binne die liturgiese konteks en die kategese?

## *1.6 Konsepte en stappe in die ondersoek*

Relevante konsepte sal in die volgende hoofstuk omskryf word. Hierdie ondersoek sal binne die raamwerk van die teoretiese model van Osmer (2008:4) gedoen word. Hierdie model sal ook in die volgende hoofstuk kortliks verduidelik word. Met elke vraag wat aan die orde kom, sal dit dan in meer detail verduidelik word. Osmer se model is gebaseer op die volgende vier vrae:

- Wat is aan die gang?
- Hoekom is dit aan die gang?
- Wat behoort hier aan te gaan?
- Hoe kan ons hierop reageer?

# HOOFSTUK 2

## OMSKRYWING VAN BELANGRIKSTE TERME

In hierdie hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die bespreking, omskrywing en verduideliking van sleutelbegrippe wat binne hierdie verhandeling gebruik sal word.

### *2.1 Lewensafrigting ("life coaching")*

Anthony Grant (Groskop 2007:29) beskryf lewensafrigting as volg: "A collaborative solution-focused, results-orientated and systematic process in which the coach facilitates the enhancement of work performance, life experience, self-directed learning and personal growth of the coachee." Dit verskil van tradisionele terapie omdat dit poog om oplossings te vind vir probleme eerder as wat dit poog om die oorsaak van die probleme te probeer oplos. Dit is doelgerig eerder as kliënt gesentreerd. Simptome word aangespreek eerder as oorsake. Kliënte word aangemoedig om kognitiewe tegnieke te gebruik om hul suksesse te ontsluit.

McCluskey (2008:266) het vantevore as ’n Christen terapeut gewerk. Nou verkies hy om eerder te fokus op Christelike lewensafrigting. Sy siening is dat ’n Christen terapeut konsentreer op mense wat in ’n toestand van gebrokenheid na die terapeut kom en wat begelei moet word tot ’n mate van stabiliteit en genesing. Die lewensafrigter sien mense wat reeds oor ’n relatiewe mate van stabiliteit en gesondheid beskik. Hulle word dan gehelp om hulself verder te verbeter. Daar bestaan ’n voortgaande vennootskap tussen die afrigter en die kliënt en die fokus is daarop dat die kliënt aktief moet optree om sy of haar doelwitte en begeertes te realiseer. Die lewensafrigter beweeg "langs" of saam met die kliënt. Dit is nie hier die geval van leermeester-leerling of mentor-leerling nie. Aktiewe optrede is belangrik. Die lewensafrigter poog om die kliënt af te rig om te beweeg van waar hy/sy huidiglik is tot waar hy/sy behoort te wees of graag wil wees. Dit is dus gerig op die toekoms

en op die navolging van die kliënt se passie. Volgens McCluskey (2008:268) verskil dit van ander terapie, dissipelskap en selfs mentorskap wat met die kliënt werk van buite na binne. Die doel by tradisionele terapieë is om as terapeut of meer volwasse persoon (wat dan ook geestelike volwassenheid insluit) soort van dit waaroor die kliënt nie beskik nie in hom/haar in te giet. Dit sou dan ook morele kodes, geestelike dissiplines ensovoorts kon insluit. Lewensafrigting poog daarenteen om te werk met dit wat binne die kliënt is, om te probeer "trek" uit die kliënt uit en hom of haar self daarmee te laat werk. Die lewensafrigter fasiliteer deur vrae, verheldering, bemoediging, uitdaging en toerekenbaarheid.

## *2.2 Formele, nie-formele en informele leer*

Die Europese Kommissie vir Lewenslange Leer[4] definieer hierdie drie terme as volg:

- "**Formal learning** takes place in education and training institutions, leading to recognised diplomas and qualifications.

- **Non-formal** learning takes place alongside the mainstream systems of education and training and does not typically lead to formalised certificates. Non-formal learning may be provided in the workplace and through the activities of civil society organisations and groups (such as in youth organisations, trade unions and political parties). It can also be provided through organisations or services that have been set up to complement formal systems (such as arts, music and sports classes or private tutoring to prepare for examinations).

- **Informal learning** is a natural accompaniment to everyday life. Unlike formal and non-formal learning, informal learning is not necessarily intentional learning, and so may well not be recognised even by individuals themselves as contributing to their knowledge and skills."

Colley, Hodkinson & Malcolm (2002:1) haal McGivney aan wat sê dat dit baie moeilik is om 'n onderskeid te tref tussen formele en informele leer aangesien daar dikwels heen en weer beweeg word tussen die twee. Colley, Hodkinson & Malcolm (2003:7-9) het uitgebreide navorsing gedoen oor die verskillende sienings en interpretasies

---

4 A Memorandum on Lifelong Learning, European Commission, Unit E-3, http://www.irlgov.ie/educ/new/LifeLongLearninghtm.htm (besoek op 21/1/2012)

ten opsigte van die verskillende vorms van leer. Oor die algemeen wil dit lyk asof daar twee afsonderlike paradigmas is:

- Informeel – leer deur alledaagse praktyke; horisontale kennis; nie-opvoedkundige omgewings

- Formeel – aangeleerde en individuele leer; vertikale of proposisionele kennis; binne opvoedkundige instellings
(Malcolm, Hodkinson & Colley 2003:314)

Op grond van hul navorsing het hulle tot 'n paar gevolgtrekkings gekom:

- Alle situasies waartydens leer plaasvind bevat kenmerke van formaliteit en informaliteit.

- Hierdie kenmerke van formaliteit en informaliteit is onderling verbonde op verskillende wyses tydens verskillende situasies van leer.

- Hierdie kenmerke en hul onderlinge verbondenheid beïnvloed die aard en effektiwiteit van leer tydens enige gegewe situasie.

- Hierdie onderlinge verbondenheid en effekte kan slegs na behore begryp word as leer ondersoek word binne die wyer kontekste waarbinne dit plaasvind. Leer en konteks kan nie van mekaar geskei word nie.

- Een vorm van leer is nie verkieslik bo 'n ander vorm van leer nie.

- Deelnemende leer vind nie nét plaas tydens situasies van informele leer nie.
(Colley, Hodkinson & Malcolm 2003:7-9)

## *2.3 Opvoeding ("education") en onderrig ("teaching")*

Opvoeding en onderrig sluit baie nou aan by punt 2.2 hierbo. Volgens Osmer (1990:19-22) fokus opvoeding op bestaande en voortgaande strukture en patrone binne die gemeenskapslewe. Onderrig fokus op spesifieke geleenthede binne opvoedkundige strukture en prosesse en poog om leer te bevorder en begrip te verhelder.

Osmer (1990:19) definieer **opvoeding** as volg: "Education is a community's systematic and intentional effort to transmit and evoke knowledge, attitudes, values, and skills that are deemed worthwhile." Die begrippe sistematies en intensioneel onderskei opvoeding van sosialisering en enkulturasie. Heelwat leer vind geredelik plaas waar en wanneer mense ook al met mekaar interaksie het. Leer is dan 'n terloopse byproduk van die ervaring. Hierdie tipe leer behels nie strukture en prosesse soos wat ons kry by opvoeding wat intensioneel is nie. Die intensionaliteit van opvoeding is sistematies en staan tradisioneel bekend as 'n opvoedkundige kurrikulum. Die intensionaliteit en gesistematiseerde aard van die opvoedkundige kurrikulum beteken dat opvoeding normatief is. Slegs sekere kennis, vaardighede, waardes en gesindhede word as waardevol beskou en word ingeluit in die kurrikulum.

Volgens Osmer (1990:21) is **onderrig** 'n spesifieke gebeurtenis. Dis is nie 'n voortgaande proses of struktuur nie. Opvoeding omvat meer as onderrig en behels onder meer ook administrasie, die publikasie van hulpbronne, navorsing, ensovoorts. Onderrig is egter die kern doelwit hiervan. Onderrig wil die leerder help om sy/haar verstaan te verbeter. Opvoedkundige instansies bepaal watter kennis, waardes, gesindhede en vaardighede aan die kern lê van die opvoedkundige proses maar wanneer dit kom by die werklike gebeurtenis van onderrig moet dit op so 'n wyse geskied dat die leerder se verstaan of begrip verhelder word. Verstaan moet nie net gesien word in die eng intellektuele sin van die woord nie. Dit behels die integrasie van interne en eksterne ervaring met kognitiewe prosesse en inhoude ten einde by

sinvolle betekenisse uit te kom. Dit bou dus voort op en sluit aan by patrone van kennis waaroor die leerder reeds beskik.

## *2.4 Onderrig funksie in die Kerk ("Teaching Office")*

Volgens Osmer (1990:14) is die onderrig funksie een van die essensies van kerkwees. Sonder hierdie funksie sal kerk nie kerk wees nie. Hierdie funksie impliseer strukture en prosesse. Dodd (Osmer 1990:14) onderskei tussen κερυγμα ("verkondiging") en διδαχη ("onderrig"). Volgens hom verwys "verkondiging" na die openbare prediking van die Evangelie. Dit word gerig op die nie-Christelike wêreld. Daarenteen is "onderrig" gerig op hulle wat reeds oor geloof beskik. Dit behels morele vermaning en instruksies rakende dit wat die kerk glo sowel as voorbereiding vir die doop.

Osmer (1990:15) verduidelik dat 'n siening soos dié van Dodd gegeld het in die vroegste tye na die dood van Jesus. Daar was toe nog ooggetuies wat Jesus se bediening kon voortsit. Na hulle dood en met die vinnige verspreiding van die Christelike geloof het dit meer kompleks geraak. Selfs in die tyd van Paulus was daar reeds verskillende weergawes van die Christelike geloof wat die rondte begin doen het. Die uitdaging vir die vroeë kerk was om te bepaal hóé hulle kontinuïteit kon behou met die oorspronklike boodskap van Jesus en die leer van die apostels.

Hierin het die onderrig funksie 'n belangrike rol begin speel. Dit help met die bepaling van die normatiewe oortuigings en gebruike van die kerk. Verder is dit voortdurend nodig om hierdie oortuigings en gebruike te herinterpreteer binne nuwe kulturele en historiese kontekste. Prosesse en kurrikula moet daargestel word waardeur die kerk se normatiewe oortuigings en gebruike sinvol en betekenisvol oorgedra kan word van een generasie na 'n volgende (Osmer 1990:15).

Nel (1994:84) sê die volgende oor opvoeding en onderrig:

> (dit wy die mens in) in die weg van Jahwe met sy mense (en) die mens word ook begelei en gehelp om sy weg met wysheid en onderskeidingsvermoë te

bewandel.... Gelowige mense (word) individueel en saam met ander opgebou tot doelgerigte funksievervulling. Hulle kom tot insig in hulle identiteit en bestaansdoel as volk van God; evalueer self hulle huidige funksionering; formuleer self hulle missie, doelwitte en aksieplanne; ontwikkel self strukture wat so effektief moontlik die heilshandelinge van God in hulle bepaalde situasie dien.

## *2.5 Kategumenaat*

Die kategumenaat was 'n hele proses wat bekering, doopvoorbereiding en kategese ingesluit het. Die Griekse woord waarvan kategumenaat afgelei is κατηχέω dui op mondelinge onderrig. Die inhoud van die Christelike geloof is dus oorgedra deur mondelinge lering (Fahlbusch & Bromiley 1999-2003:360).

In die vroeë kerk was hierdie onderrig van wesenlike belang aangesien mense vanuit alle sfere en kulture wou kom aansluit het by die "Weg." Ten einde deel te word van hierdie Christelike konteks moes hulle aan die vereistes van die "Weg" voldoen. Bekering was die eerste vereiste. Hulle moes wegdraai van hul ou weë en 'n nuwe manier van lewe en 'n nuwe waardesisteem aanvaar. Bekering het dus 'n proses van multidimensionele, omvattende verandering ingesluit. Kreider (1999:xv) praat daarvan as 'n verandering ten opsigte van "belief", "belonging" en "behavior".

Dit wat die vroeë Christene geglo het ("belief") en hulle manier van lewe ("behavior") het die Christelike geloof vir baie aanloklik gemaak. Die vroeë Christene het geleer dat mens nie die dood hoef te vrees nie aangesien Christus die dood oorwin het. Demoniese magte kon hulle ook nie meer onderdruk nie want hulle is deur Christus verlos daarvan. Baie het tot geloof gekom op grond hiervan (Kreider 1999:16-17). Dan het die lang pad van onderrig begin. Die nuwe volgelinge van die "Weg" moes dus eerstens tot bekering kom, dit is wegdraai van hul vorige leefstyl. Hulle is deeglik ondervra om seker te maak dat hulle wel sou kon afstand doen van hul vorige leefwyse. Baie kandidate is hier afgewys. Hierna is hulle onderrig ten einde hul gedrag ("behavior") te verander en dit in pas te kry met gedrag wat pas by mense van die "Weg". Dan is hulle deeglik onderrig ten opsigte van die leer van die "Weg" ("belief"). Na verdere toetsing is die kandidate wat aanvaar is gedoop. Nou eers het

hulle ten volle behoort ("belonging") aan die gemeenskap van gelowiges (Kreider 1990:21-25).

## 2.6 Waardes

Duduit (1992:456) sê ten einde waardes te beskryf moet drie vrae beantwoord word:

- Wat word beskou as belangrik vir 'n geloofsgemeenskap?
- Waar kom hierdie waardes vandaan?
- Hoekom hou die kerk vas aan hierdie waardes?

Kultuur en beskawing word gebaseer op normatiewe beginsels of waardes. Kulturele waardes is dinge soos vaardighede, skoonheid, duidelikheid, waarheid en sekerheid. Beskawingswaardes is respek, diens, dissipline, geregtigheid en liefde. Hierdie waardes beïnvloed verhoudinge binne gemeenskappe (Stafleu 2007:25).

Etiek en etos sluit baie nou hierby aan. Etiek is die reëls waarvolgens ons leef (byvoorbeeld die Tien Gebooie) en etos dit is wat ons doen en hoe ons leef. Die een kan nie sonder die ander een nie. Etiek sonder etos is leeg en waardeloos.

## 2.7 Liturgie

Barnard & Vos (2001:19) maak die volgende stelling: "symbolen en rituelen vormen grondpatronen van de liturgie; net als de liturgie is ook de cultuur een geordend systeem van betekenis en symbolen". Simboolhandelinge en liturgie staan nie geïsoleerd van kultuur nie. Dit maak deel uit van kultuur en is in wisselwerking daarmee.

Liturgie is 'n lewende en lewegewende handeling. Dit het ten doel om 'n veranderende effek te hê op die lewens van hulle wie daarin betrokke is. Dit is 'n drama wat almal wat byeenkom om te aanbid, onontkombaar betrek. Dit is 'n

gebeure. Dit het die bedoeling om 'n epifanie te wees. Liturgie is ons storie van ons verhouding met God en met mekaar. Liturgie is 'n oop en publieke uitdrukking van waar die Kerk self staan in haar verhouding met God. 'n Christelike aanbidder se onderliggende gedagtes handel oor God. In die hart van ons aanbidding is ons intensie, ons behoefte en opdrag om God te ontmoet en ons gebruik liturgie om dit te doen. Liturgie is 'n pad om te volg, 'n berg om te klim, 'n brug om oor te steek maar bo alles is dit die dekor vir 'n misterieuse geleentheid – 'n ontmoeting met die gans Andere. Ons "nader tot" God is die manier waarop ons Hom ontmoet. Ons laat onsself agter en konsentreer net op Hom. (Grainger 2009:vi, 1-4, 11, 17).

Liturgie gaan oor die maak van tyd vir God in ons lewens. Ons gebruik 'n periode van tyd om saam te konsentreer op God. Aanbidding gebruik 'n spesiale vorm van taal wat ons "ritueel" noem. Liturgie verwys na die verlede en die toekoms van menslike lewe. Dit sien die toekoms in die konteks van die verlede en het daarom 'n veranderende effek op die hede. Liturgiese simboliek dui op twee rigtings – verlede en toekoms, sienlike en onsienlike, aarde en hemel. Liturgie simboliseer ook die ontmoeting tussen God en die mens, die verhouding tussen die mens en die goddelike. Liturgie moet nooit buite rekening laat wat aan die gebeur is in die lewens van die mense wat deelneem aan die liturgiese aktiwiteite nie. Wanneer mense herontdek wat die bedoeling van liturgie in werklikheid is, begin hulle verstaan dat dit lewe gewende potensiaal het in plaas van 'n gevoel van verveeldheid wat baie daarmee assosieer (Grainger 2009:5, 6, 9-10). Burger (2009:22-23) se siening oor 'n mens se verwagting tydens die erediens stem hiermee ooreen. Hoe ons dink oor wat binne die erediens gebeur, of nie gebeur nie, maak 'n reuse verskil! Smit (2009:99) beklemtoon dit ook as 'n kritiese punt – hoe ons dink en glo ten opsigte van die lewende teenwoordigheid van God by ons en hoe ons dink en glo dit gebeur. Dit is van die uiterste belang as ons die lewegewende potensiaal wil ontgin en opnuut wil ontdek.

Liturgie vind plaas binne ruimte, tyd en verhoudings. Ons open onsself vir mekaar, ons laat ons privaatheid agter ten einde met mekaar te deel en so open die rite ons ook vir God. Dit gee uitdrukking aan ons diepste behoefte om deur God se Gees verander te word. Hier kan ons onsself verloor, ons selfbewustheid, ons rusteloosheid en soos Augustinus gesê het, kan ons rustelose harte rus vind in Hom

(Grainger 2009:21, 37). Die meeste rituele tydens die erediens kan beskou word as versoeningsrituele aangesien almal op een of ander manier ten doel het om verhoudings te herstel – óf tussen mens en medemens óf tussen mens en God (Wepener 2009b:72).

Λειτουργεω – Die werkwoord beteken "om openbare dienste te lewer/verrig", "om te dien", dit kon ook wees "om 'n baas/eienaar te dien/bedien" en dan ook "om "godsdienstige diens te verrig" (Liddell 1996:467).

Λειτουργια – 'n Liturgie was oorspronklik "'n openbare plig/verpligting/diens". Van hier dan enige "diens" of "hulp" of "bediening" (Liddell 1996:467).

Van der Leeuw (Barnard 2009:118) gebruik liturgie as "diens van God" waar "van God" *genetivus subjectivus et objectivus* is. God is tegelykertyd die Een wat handel in die erediens en die Een aan wie 'n diens bewys word. Ons kan nie in die liturgie die handelinge van God en van die mens van mekaar onderskei nie.

Long (2001:vii-ix) gebruik 'n illustrasie/beeld om liturgie te beskryf. Hy sê dat dit is soos 'n Moedersdagontbyt. Kinders wil ma se hart bly maak hierdeur. Net soos die Moedersdagontbyt is die voorbereiding van die liturgiese ontbyt altyd die werk van amateurs, kinders wat dit ter wille van die liefde doen, kinders wat in die kombuis die gebede te lank kook, die preke half gaarmaak, wat voel-voel en sukkel-sukkel probeer uitkom by opregte aanbidding. Tog neem kinders hierdie skinkbord met onvolmaakte ontbyt vir ma met die trots van wêreldklas kokke – 'n liturgiese ontbyt, voorberei met die grootste liefde. Soos 'n ma liefdevol hierdie ontbyt sal ontvang en dit opeet asof dit die smaaklikste kos in die hele wêreld is, wag God ook liefdevol op ons om onvolmaakte liturgiese ontbyt te ontvang.

Liturgie het egter nie net te make met wat tydens die erediens gebeur nie. Van der Merwe (2001:2) sê dat "Liturgie" twee gestaltes het. Enersyds is daar die samekomste van die gelowiges op afgesproke tye en plekke. Andersyds is daar die gelowiges se alledaagse lewe, wat vir die Nuwe Testament die terrein is vir die uitlewing van die gelowiges se roeping. Daar word dan ook dikwels in die NT na die

lewe verwys in liturgies-klinkende terme: die kerk is die liggaam van Christus, gelowiges is 'n heilige priesterdom, die liggaam van elke gelowige is 'n tempel. Daar moet dus geen skeiding tussen erediens en lewe wees nie. Christene moet elke dag in die erediens van die lewe 'n "lewende offer" bring.

In die liturgie herdenk ons die groot dade van God in die verlede en word ons herinner daaraan dat ons 'n toekomsverwagting het. Dit is 'n toekomsdroom waaraan ons binne die liturgie herinner word. Al is die voleinding van dié droom nog nie daar nie, word die droom van die voleinding binne die liturgie lewend gehou. Die droom skep 'n dringendheid by die gelowiges om alles in die werklikheid (dus binne die liturgie van die lewe) wat nie met die droom korreleer nie met agterdog te bejeën en aktief te ondermyn. Die gelowiges is soos 'n swemmer wat in die stroom van die geskiedenis sy kop kan lig om doel en toekoms te verkry. Die erediens kan hierdie koplig-moment wees. Dit behels ook asemskep, maar die eintlike doel is en bly om die rigting van die geskiedenis-trajek en die eindbestemming weer in oog te kry (Van der Merwe 2001:6-7).

> Die liturgie is dus 'n komplekse simboliese patroon van woorde, gebare, simbole, rituele wat houdings vorm vir die lewe voor God in die wêreld. Dit bring 'n nuwe oriëntasie op die lewe, behels 'n bekering van die hart en berus op ons vermoë om ons sosiale verbeelding só te kan gebruik dat ons vir ons 'n wêreld en 'n toekoms kan inbeeld wat te rym is met die regering van God in sy Koninkryk soos dit in Jesus Christus verpersoonlik is... Die liturg se rol is hierin soos dié van 'n mimiekkunstenaar. Soos wat 'n mimiekkunstenaar mure en deure sien, waar ander niks sien nie, en dit tog só realisties kan uitbeeld dat toeskouers 'n aanvoeling vir die voorgestelde realiteit kry, so moet die liturg sien wat nog nie gesien word nie. Dit liturg moet mense help verstaan en verbeeldend laat "sien" wat hulle nog nie gesien, gehoor én in die lewe gaan doen het nie. Dan is liturgie die kuns om God se toekoms vir die wêreld te ontvang.
>
> (Van der Merwe 2001:12-13)

## *2.6 Liturgiese kategese*

**Kategese** is die mondelinge onderrig in die basiese beginsels van die Christelike geloof en godsdiens (Deist 1984:25).

Anderson (1997:350) gebruik die term “liturgiese kategese” in ‘n artikel waar hy die waarde van onderrig deur middel van die liturgie bespreek. Die liturgiese praktyk het ‘n formatiewe waarde. Hy beskou die sing van gesange as die begin punt hiervan. Die teks en woorde van gesange verskaf aan die Christen taal waarmee hy of sy oor geloof kan praat en dit dan ook kan sing. Liturgie vorm en hervorm. Deur die liturgie leer ken ons onsself as mense van geloof maar leer ons ook die God wat ons aanbid ken (Anderson 1997:350-351).

Anderson (1997:351) voer verder aan dat ons die kategetiese krag van die liturgiese praktyk onderskat. Ons het nie meer opwindende liturgieë nodig nie. Ons het wel nodig om weer die potensiële dieptes van die liturgiese praktyk te ontdek. Dit het die potensiaal om ‘n aanbidder te transformeer. Dit beteken nié dat didaktiese oomblikke in die liturgie ingebou word nie. Die liturgie moet liefs nie deurgepraat of verduidelik word tydens die erediens nie. Dit sal wees soos om tydens ‘n spel, die spel te stop, die reëls te bespreek, die spel dan te beëindig en sê dat ons lekker gespeel het... (Anderson 1997:356).

Die hele liturgie het vormende en her-vormende (met ander woorde didaktiese) waarde. Daarom is herhaling van bepaalde momente binne die liturgie so belangrik. Ons word geleer om te aanbid en ons leer deur te aanbid. Gemeenskaplike aanbidding (λειτουργια) is medebepalend van ons identiteit as gelowiges. Dit is iets anders om deel te neem aan gebed, sakramente en sang as wat dit is om bloot net daaroor te praat. Ons neem nie maar net passief deel nie, ons is deel van die gebeure. Ons gee, ons ontvang, ons kniel, ons staan, ons beweeg, ons sing, ons bid. Liturgiese praktyke moedig ons aan om iets te doen, sowel as om te luister en te kyk. Ons keuse, ons besluit om deel te neem behels ‘n bepaalde verbintenis tot dit waaraan ons deelneem. Deur herhaling word die liturgie deel van ons. Dit word deel van wie ons is, wat ons glo en hoe ons ons geloof uitleef. Liturgiese taal omskep dit wat ons glo in praktiese handelinge (Anderson 1997:352-353, 355). Ons leer deur deelname aan en uitvoering van die liturgiese rituele eerder as deur ingelig of onderrig te word in liturgiese praktyke. Tog word kennis wel oorgedra. ‘n Diepe gedeelde, ervaring van betekenis (Anderson 1997:358).

Verandering in liturgiese praktyke moet dus baie goed bedink word, met die kategetiese en didaktiese waarde daarvan voortdurend in die oog. Verandering moet nooit bloot net ter wille van verandering geskied nie. ‘n Balans is nodig tussen bewaring en verandering, tradisie en enkulturasie, inskripsie en inkorporering (Anderson 1997:355).

Liturgiese kategese is dus iets wat gedoen word eerder as wat dit mondelinge onderrig is. Dit is die vormgewende praktyk van die Christelike gemeenskap. Ons vind ons Christelike identiteit in die vertel en oorvertel en uitleef van die Christelike narratiewe en gebeure, in die deelneming aan die sakramente en die sang. Liturgiese kennis omsluit ons hele menswees. In die liturgie gee ons uitdrukking aan ons geloof én ons word gevorm in hierdie geloof (Anderson 1997:359). Die liturgie kan ons ook help om ‘n potensiële nuwe wêreld te sien. Tydens die liturgie is ons almal gelyk, een. Ons identiteit neem nuwe betekenis aan. Ons neem deel aan ‘n ander wêreld. Dit het die potensiaal om ons te herdefinieer. Die liturgie vorm ons na gelang van ons verhouding met God en as gemeenskap en gaan alle vorige definisies van wie ons is te bowe. Ons bely wie ons is, wie ons nie is nie en wie ons nog moet word (Anderson 1997:360-361).

## *2.8 “Belief”, “belonging” en “behavior”*

Kreider (1999:xv-xvi) het die volgende patroon en kategorieë raakgesien by die vroeë Christene: “belief”, “belonging” en “behavior”. Die Christelike leefwyse was gebaseer op ‘n totale her-vorming van ‘n persoon wat hom/haar bekeer het tot die Christendom. So ‘n persoon se algehele lewenswyse en waardesisteme moes verander word om aan te pas en in te pas by die leefwyse wat die Christelike gemeenskappe gehandhaaf het.

Die Christelike geloof (“belief”) het vir die mense vryheid gebring. Hierdie vryheid het tot gevolg gehad dat hulle op ‘n ander manier begin leef het. Dit het dus gelei tot ‘n verandering in hul optrede en leefwyse (“behavior”). Hulle moes met hul lewens wys dat hulle leef volgens die lering en voorbeeld van Jesus. Dit alles het gelei tot ‘n unieke belewenis van behoort aan (“belonging”). Die Christelike gemeenskap het nou

verbonde met mekaar geleef en saam gesoek na maniere waarop hulle kon deel met die uitdagings van hul tyd. Dit moes egter altyd in pas wees met dit wat Jesus hulle geleer het. Hulle wat ‘n gemeenskaplike geloof (“belief”) en manier van lewe in Christus (“behavior”) gedeel het kon tasbaar voel en weet dat hulle behoort (“belonging”). Hulle kon dit ervaar in hul mededeelsaamheid en daar wees vir mekaar. Verder was hulle inklusief en is diverse Christene binne hierdie groepe aangetref – vry, slaaf, mans, vroue, Kappadosiërs, Frigiërs, Romeine ensovoorts (Kreider 1999:5-7).

Hierdie drie kategorieë wat geïntegreerd deel was van die vroeë Christene se lewe het nie-Christene na hulle toe aangetrek. Hierdie nie-Christene is dan ondervra en beoordeel voordat hulle toegelaat is om die “lang pad van bekering”[5] te begin stap.

Ek wil hierdie drie kategorieë van Kreider, “belief”, “behavior” en “belonging” as ‘n raamwerk gebruik tesame met die teoretiese model van Osmer wat ek vervolgens sal beskryf.

## *2.9 Osmer se teoretiese model vir praktiese teologiese*

Ek wil graag in hierdie studie gebruik maak van die metodologie wat Osmer (2008:4) voorstel. Daarom wil ek dit kortliks verduidelik. Daar is vier vrae wat ons onsself moet afvra en hierdie vier vrae lei dan tot die vier basiese take van praktiese teologiese interpretasie. Die vier vrae is:

- Wat gaan aan?
- Hoekom is dit aan die gang?
- Wat behoort aan te gaan?
- Hoe kan ons hierop reageer?

Die take is die volgende:

[5] Term wat gebruik is in ‘n reeks artikels deur Wepener, C.J. in NGTT 2007

- ***Die deskriptiewe-empiriese taak***

  Hier word inligting versamel wat ons kan help om patrone en dinamika vas te stel binne bepaalde episodes, situasies of kontekste.

- ***Die interpretatiewe taak***

  Hier word van verskillende teorieë binne die wetenskappe gebruik om tot 'n beter verstaan te kom en om te probeer verduidelik hoekom hierdie patrone en dinamika gebeur of aangetref word.

- ***Die normatiewe taak***

  Teologiese konsepte word gebruik om spesifieke episodes, situasies of kontekste te interpreteer. Etiese norme word gekonstrueer om ons reaksies te rig en om ons te help om te leer vanuit "goeie praktyke". Hierdie "goeie praktyke" behels praktyke vanuit die Christelike tradisie - verlede en hede. Hierdie praktyke voorsien ons van normatiewe leiding vir die vorming van die patrone vir ons Christelike lewe.

- ***Die pragmatiese taak***

  Hier gaan dit oor die bepaling van strategieë om ons aksies te rig sodat dit die situasies kan beïnvloed ten einde by die gewenste doelwitte te kan uitkom. Ons moet op 'n getroue en effektiewe manier kan reageer en 'n verskil kan maak.

# HOOFSTUK 3

# BESKRYWENDE-EMPIRIESE TAAK

Die beskrywend-empiriese taak is een van die vier take van praktiese teologiese interpretasie soos wat dit deur Osmer (2008:4) gebruik word. Dit fokus op die vraag: "Wat gaan hier aan?" Dit is gegrond in wat Osmer noem 'n "spirituality of presence" (2008:34). Ons moet bewus wees en kan raaksien wat aangaan in die lewens van individue, families en gemeenskappe. Ons moet leer om metodes van "eksegese" aan te wend ten opsigte van die volle omvang van die sosiokulturele sy van ons gemeente en dan ook van ons gemeenskappe. Ons moet ons gemeentes en gemeenskappe ken binne die werklikheid van hul alledaagse lewens situasies. Ons moet aandag gee aan dinge en andere rondom ons te midde van die teenwoordigheid van God. Ons sal dit nooit perfek kan regkry nie maar ons kan sekere dinge doen om die wyse waarop hiervan bewus is en raak, op informele, formele en semiformele maniere te ontwikkel (2008:35-41).

Van Niekerk (2009:6-7) skryf dat 'n holistiese bediening *kerygma* (die verkondiging van die woord), *koinonia* (verhoudings met mense) en *diakonia* (versorging van mense se daaglikse behoeftes) insluit. Al drie kom vanuit en lei terug na die liturgie of kerkdiens waar die gemeente saamgebring is deur God. Liturgie en gemeente is natuurlik nie net beperk tot 'n kerkdiens nie en mens sou hier ook die liturgie van die lewe kon insluit. Nie alle bedienings kry dit altyd reg om al vier bymekaar uit te bring nie. Dit wil tog vir my lyk of daar sekere sportbedienings is wat slaag om dit reg te kry. Hier dink ek veral aan een program, ***Ubabalo*** waarvan ek bewus geword het. Hulle gebruik sport om waardes, sosiale- en lewensvaardighede oor te dra aan die jeug van Afrika. Daar is verskeie ander sportbedienings in Afrika en Suid-Afrika. Weens die beperkte omvang van hierdie studie gaan ek net op Ubabalo fokus. Ek meld egter ook kortliks 'n ander sportontwikkelingsprogram ***Bhubesi Pride***. Hulle gebruik ook sport om waardes en lewensvaardighede oor te dra. Hulle spesifieke fokus is egter nié soos Ubabalo, om ook Bybelse beginsels te betrek nie. By Bhubesi

Pride sal mens dus *koinonia* en *diakonia* aantref maar nie *kerygma* nie. By Ubabalo word *kerygma* doelbewustelik betrek. Ek wil hierdeur maar net daarop wys dat sport op meer as een wyse gebruik kan word.

### *3.1 Ubabalo eAfrica 2010*[6]

Hierdie program is geïnisieer deur die South African Sports Coalition (SASCOL) en die International Sports Coalition (ISC). Die fokus was op die 2010 Sokker Wêreldbeker in Suid-Afrika. Die International Sports Coalition het dit egter ook gesien as 'n nuwe geleentheid wat in Afrika ontstaan het. Volgens hulle het sport die mag om:

- Lewens te verander
- Kulture te oorbrug
- MIV en VIGS te beveg
- Gemeenskappe te transformeer

Die doelwit was om iets daar te stel, om 'n fondasie te lê waarop kerke, skole en gemeenskappe kon voortbou lank ná 2010. Lewensafrigting word gebruik met die doel om die jeug van Afrika te transformeer. As deel van die program word sportafrigters opgelei om lewensvaardighede tesame met sportvaardighede af te rig. Dit wil juis 'n paradigma skuif bewerkstellig om sportafrigting te verander na "hele lewe" afrigting. Daar word gepoog om op die hele mens te fokus: emosioneel; intellektueel; sosiaal; omgewing; fisies en dan met die morele as die kern.

Ubabalo is nie 'n konsep wat uniek aan Suid-Afrika is nie. Ubabalo beteken "deur God se genade." Dit is 'n beweging wat verskillende name in verskillende lande het. Alhoewel dit egter verskillende name het, is die visie dieselfde. Dit word reeds in 100

[6] Inligting verkry by http://www.ubabalo2010.com (besoek op 9/11/11) en by http://www.max7.org/search.aspx?s=ubabalo (besoek op 14/7/2012)

verskillende lande aangetref. Dit betrek alreeds ongeveer 15 verskillende sportsoorte en die getal groei steeds. Dit is al in 19 verskillende tale beskikbaar. Verskillende name waaronder dit bekend staan is byvoorbeeld:

- Whole life coaching in Amerika
- Football Max in Maleisië
- Sportsnet in Singapoer
- Jamchange in Jamaika

Ubabalo hoop om drie dinge te doen:

- Om mense, gemeenskappe en nasies te transformeer deur die verandering van huidige wêreldbeskouings

- Om te help om van kinders en tieners dissipels te maak en om dit op 'n wyse te doen wat maklik kan vermenigvuldig

- Om die wêreldwye besorgdheid oor vaderloosheid aan te spreek

Dis is juis die besorgdheid oor vaderloosheid wat gelei het tot die hele Ubabalo visie. Die statistieke hieromtrent is skrikwekkend. 'n Studie wat in Groot Brittanje gedoen is wys die volgende[7]:

- 40% van alle kinders woon nie by hulle biologiese vaders nie
- 85% van kinders met gedragsprobleme kom uit vaderlose huise
- 90% van hawelose kinders kom uit vaderlose huise
- 71% van kinders wat nie skool voltooi nie kom uit vaderlose huise
- 63% van selfmoorde kom uit vaderlose huise

[7] http://www.max7.org/resource.aspx?id=81ef014f-b21e-42a4-a0ed-8836c9ece872&division=True of http://www.fathersforlife.org/divorce/chldrndiv.htm (Beide besoek op 15 Julie 2012)

- 80% van verkragters wie se optrede gemotiveer word deur verplaasde woede kom uit vaderlose huise
- 70% van jeugmisdadigers kom uit vaderlose huise

Baie van ‘n samelewing se probleme spruit dus uit die probleem van vaderloosheid. Daar is meer as een vorm van vaderloosheid. Een vorm is waar die vader oorlede is of glad nie deel van die gesin is nie as gevolg van egskeiding of siekte. ‘n Ander vorm van vaderloosheid is die afwesige vader. Die vader is deel van die gesin maar hy is afwesig in die kind se lewe. Dit kan weens verskeie faktore gebeur. Ubabalo lig dan ook die rol van ‘n vader uit. Daar is vier aspekte wat belangrik is:

- ‘n Vader stel gesag vas
- ‘n Vader kommunikeer identiteit
- ‘n Vader verskaf sekuriteit
- ‘n Vader sien potensiaal raak

Hierdie vier aspekte het ‘n diep vormende impak op ons lewens. Of ons ‘n goeie vader of ‘n nalatige vader of geen vader gehad het nie, ons idees en wêreldbeskouing ten opsigte van gesag, identiteit, sekuriteit, en ons potensiaal word gevorm deur ons verhouding met ons vader.

Dit is belangrik om te besef dat ‘n goeie pa onvervangbaar is in die lewe van ‘n kind. Tog is daar baie kinders en tieners wat glad nie ‘n vader het nie of wat met ‘n afwesige vader leef. Ubabalo vra die vraag: “Wie is in die beste posisie om hierdie kinders te help?” Die slotsom waartoe hulle gekom het, is ‘n afrigter (“coach”). Die vraag word dan gevra: “Hoe/op watter wyse is ‘n afrigter soos ‘n vader?”:

- Verskaf hulle gesag? JA
- Kommunikeer hulle identiteit? JA
- Verskaf hulle sekuriteit? SOMS
- Sien hulle potensiaal raak? HOPELIK

Die rol van ‘n afrigter of ‘n onderwyser is ‘n baie groot verantwoordelikheid. Kinders wil hulself modelleer volgens die lewe van iemand na wie hulle opkyk. Ons kan hulle ten goede beïnvloed of ons kan hulle baie slegte gewoontes laat sien.

Hoekom kies Ubabalo sport om jong lewens te help vorm? Sport is ‘n kragtige wêreldwye taal. Groot sport gebeure neem mense se aandag gevange. Daar word geraam dat ongeveer drie biljoen mense die vorige sokker wêreldbeker gevolg het. Jong lewens word nie in ‘n vakuum gevorm nie. Die beste manier vir ‘n vader om die lewe van sy kind te vorm is wanneer hulle dinge saam doen wat hulle beide geniet. As hulle byvoorbeeld saam gaan visvang of met ‘n bal speel of insekte versamel is daar spontane leergeleenthede en geleenthede om karakter te vorm.

Is sport dan die ideale plek vir mentorskap en karakter ontwikkeling? Die antwoord hierop is ja en nee.


- JA – sport kan help om karakter te vorm. Redes hiervoor is byvoorbeeld dat sport ‘n goeie motiveerder is, omdat sport reëls het, afrigters en skeidsregters gee kinders leiding, sport hou ons fiks, ensovoorts.

- NEE – sport kan egter ook goeie karaktervorming verhinder. Sport het ‘n eie kultuur. Hierdie kultuur sluit houdings, waardes, kennis en gedrag in. Dit kom deur in die taalgebruik, gebare, belonings en strawwe wat ons tydens sport sien. Soms ontwikkel persone wat gereeld sport beoefen ongelukkig baie slegte karaktereienskappe en gedrag. Die kultuur van sport kan baie lelik wees. Negatiewe sport kultuur kan onder ander die volgende insluit: kullery, geweld, ego, onsin pratery, disrespek ensovoorts.

Mense is dikwels een tipe persoon in hul daaglikse lewe en ‘n ander persoon op die sportveld. Dit is omdat ons so maklik ons lewe in kompartemente verdeel. Sport en spiritualiteit word in verskillende kompartemente geplaas. Ons skei die dinge wat ons

in die kerk en met Christene doen van dit wat ons as 'n span saam doen wanneer ons sport beoefen. Dit is twee verskillende kulture met twee verskillende stel reëls.

Ubabalo wil graag op holistiese ontwikkeling deur sport fokus. Dit kan as volg voorgestel word[8]:




Die spirituele is die middelpunt van alles. Dikwels word daar glad nie gefokus op die geestelike sy van die mens tydens oefening nie. Dit word weggelaat omdat daar gevoel word dat dit irrelevant is. Daar word dan onder andere geredeneer dat jy die spel goed speel omdat jy hard geoefen het en bepaalde vaardighede onder die knie gekry het, nie omdat jy vrygewig en vergewensgesind is nie.

[8] http://www.max7.org/search.aspx?s=ubabalo (Diagram kom uit Ubabalo Opleiding Module 1 – Besoek op 27/6/2012)

Integrasie maak 'n belangrike deel van Ubabalo se strategie uit[9]. Wanneer praktiese vaardighede saam met geestelike en morele waardes geleer word is daar ontsagwekkende krag en sinergie in die lesse. Die praktiese vaardigheid help om 'n dieper geestelike waarheid te verduidelik en te versterk. Jy kan byvoorbeeld oefen om die bal vir mekaar aan te gee. Om die bal aan te gee gaan ook daaroor om met mekaar te deel. Terwyl die kinders leer om die bal beter aan te gee kan hulle ook leer wat die waarde daarvan is om te deel en hoe dit hul alledaagse lewe raak. Om te leer om te deel kan 'n impak op hul gesinslewe sowel as hul lewe by die skool hê.

As ons dan net weer samevattend kyk na wat Ubabalo is, het ons gesien dat dit 'n holistiese lewensafrigting ("whole life-coaching") konsep[10] is wat aangepas kan word tot enige sportsoort. Dit poog om gemeenskappe te transformeer deur gebruik te maak van God se Woord en die transformerende krag daarvan. Die gebrek aan goeie ouerskap, veral vaders, laat baie kinders en tieners reg oor die wêreld sonder 'n goeie morele kompas wat hulle kan help om wyse besluite vir hul lewens te maak. Baie aspekte van hul lewens is dikwels los van mekaar en sonder verband. Hele lewe afrigting ("whole life coaching") verbind iets wat hulle baie van hou om te doen, soos sport, op 'n kragtige wyse met hulle alledaagse lewe. Elke deel van die sport word 'n leergeleentheid om hulle te help om te groei tot die persoon wat God wil hê hulle moet wees. Die afrigter word 'n belangrike mentor, nie net ten opsigte van sport nie maar ook te opsigte van hul lewe as geheel.

Nou sal kortliks verduidelik word hoe dit werk.

Die afrigter ontmoet sy/haar span van jongmense elke week vir 30 weke. Na 'n jaar het so 'n groepie jongmense 60 sessies bygewoon waar leierskap, lewensvaardighede en sport afrigting geïnkorporeer is. Vir elke sessie is daar 'n spesiaal uitgewerkte program / les. Elke program / les het 'n doelwit wat bereik moet word, 'n lewensvaardigheid wat oorgedra moet word en sekere uitkomste wat bereik moet word. Dit word duidelik uiteengesit. Daar is reeds 10 sportsoorte waarvoor daar uitgewerkte lesse bestaan en nog 16 sportsoorte waaraan daar op die oomblik

[9] http://www.max7.org/search.aspx?s=ubabalo (Ubabalo Opleiding Module 1 – Besoek op 27/6/2012)
[10] http://www.max7.org/search.aspx?s=ubabalo (besoek op 27/6/2012)

gewerk word.[11] Sodra 'n afrigter egter die konsep verstaan is dit maklik om self lesse uit te werk op dieselfde beginsels. Ek het die Ubabalo Vlak 1 Module 1 kursus bygewoon.[12] Daar moes ons self lesse uitgewerk en binne groepsverband aangebied het. Aangesien ek 'n sport beoefen waarvoor daar nog nie uitgewerkte lesse is nie moes ek dit doen sonder dat ek uitgewerkte voorbeelde vir die spesifieke sport kon raadpleeg. Deur net die beginsels te volg kon ek dit wel heel gemaklik regkry.

Die program[13] verloop soos volg (sokker word hier as voorbeeld gebruik):

- *Life skill activity preparation*

  Hier word daar gekyk na wat nodig gaan wees tydens die sessie – byvoorbeeld sokkerballe en keëls. Dit word reggekry en saamgeneem na die sessie.

- *Life skill activity instructions*

  Die afrigter verduidelik aan die groep hoe die aktiwiteit gaan verloop. Instruksies word ook gegee as daar enige ander opdragte is waaraan die groep moet voldoen tydens die sessie. Die hele groep neem deel aan die aktiwiteit wat een of ander deel van die sokkerspel inkorporeer. Byvoorbeeld die aangee van die bal of die skop van 'n doel ensovoorts.

- *Life skills insights & application*

  Die spel word nou bespreek en vrae word gevra om sekere lesse en beginsels oor te dra.

- *Going deeper*

---

[11] http://www.ubabalo2010.com/Curriculum.html (besoek op 21/7/2012)
[12] Ek het die Ubabalo Opleidingskursus Module 1 bygewoon van 25-27 Junie 2012. Dit is aangebied deur Operasie Mobilisasie se Sportbediening, **Sportslink.** Dit was na my mening noodsaaklik om die beskrywend-empiriese deel van my kwalitatiewe navorsing so goed moontlik te kan doen
[13] http://www.max7.org/search.aspx?s=ubabalo (besoek op 27/6/2012)

'n Bybelteks of 'n Bybelstorie word hier gebruik. Die spel en die leerles vanuit die teks of storie word nou met mekaar in verband gebring deur die vra van verdere vrae.

Tydens elke sessie word daar tegelykertyd gefokus op 'n sportvaardigheid, 'n waarde sowel as op 'n lewensvaardigheid. Dit kan kortliks aan die hand van 'n voorbeeld verduidelik word:

| | |
|---|---|
| **Sportvaardigheid** | Om die bal aan te gee |
| **Waarde** | Om te deel |
| **Lewensvaardigheid** | Om beurte te maak om te praat<br>Om dit wat ons het met mekaar te deel<br>"If you want to go fast... go alone. If you want to go far... go together." |
| **Dieper les** | Saliger om te gee as om te ontvang<br>Bybelteks byvoorbeeld Hand. 20:33-35<br>Bybelstorie byvoorbeeld: seuntjie met vyf brode en twee vissies |
| **Uitdaging** | Om te gaan en vrygewig te wees met iets wat jy nie graag deel nie òf om te deel met iemand van wie jy nie juis hou nie |

Die hele proses hoef nie kunsmatig in segmente te geskied nie. Die hele proses kan in die oefening ingewerk word en gelyktydig geskied. Aan die einde van die les kan daar dan net 'n kort ontlonting sessie wees waartydens daar aan die hand van vrae en begeleiding seker gemaak word dat die groep wel die nodige leer lesse hul eie gemaak het. Die Bybelteks of storie kan hier gedeel word en dan kan die afrigter aan die hand van vrae seker maak dat die groep dit wel kan verbind met die lesse wat tydens die oefening geleer is.

'n Verdere benadering wat Ubabalo by hul program byvoeg wanneer die omstandighede of die spelers/spanne hul daartoe leen, is die *Discovery Bible Study* (DBS)[14]. Dit word veral gebruik waar die afrigter 'n dissipelskap pad stap met sy spelers. Dit bied aan hom/haar 'n instrument wat hulle kan gebruik om die spelers te help om die Bybel te leer ken. Hierdie Bybelstudie bestaan uit vier stappe:

- Bybel – die teksgedeelte word gelees. 'n Paar spelers of selfs elkeen teenwoordig word gevra om die gedeelte hardop te lees terwyl die ander luister.

- Begrip (kop) – elke speler word gevra hoe hy/sy die gedeelte verstaan deur dit te parafraseer in sy/haar eie woorde.

- Gehoorsaamheid (hart) – "Ek sal..." – elke speler word gevra hoe hy/sy die gedeelte sal toepas of gehoorsaam? Dit moet baie spesifiek wees en die vrae hoe, wanneer en wie moet beantwoord word. Byvoorbeeld: ek sal lief wees vir my naaste. Wie? My buurman Tshepo. Wanneer? Hierdie week. Hoe? Ek sal hierdie week vir my buurman Tshepo 'n ete kook.

- Aksie (hand) – Elke speler word gevra met wie hy/sy die gedeelte sal deel in die komende week. (Toerekenbaarheid is vir die leiers van Ubabalo baie belangrik. Ons het elke oggend tydens ons opleiding begin met 'n DBS. Jy het geleentheid gekry om oor hierdie

[14] http://www.max7.org/search.aspx?s=ubabalo (besoek op 27/6/2012)

vraag te dink. Dan moes jy sê met wie jy hierdie gedeelte dieselfde aand sou gaan deel. Die volgende oggend tydens die DBS het jy geleentheid gekry om te vertel met wie jy dit gedeel het en hoe dit verloop het. Jy het dan weer die geleentheid gekry om te sê met wie jy die nuwe gedeelte sou gaan deel. Absolute opregtheid en eerlikheid word verwag. As iemand dit nie met iemand anders gedeel het nie, kry jy die geleentheid om te vertel wat jou verhinder het. Raad, hulp en ondersteuning word dan verleen. Voortdurende terugvoer is van die uiterste belang en help om goeie gewoontes te vestig).

Daar sal nou ook kortliks na ‘n ander program gekyk word.

### *3.2 Bhubesi Pride*[15]

Bhubesi Pride gebruik ’n span gekwalifiseerde afrigters en onderwysers. Hulle ry deur Afrika vir ses maande op ’n slag en bewerk massa deelname aan rugby, sport en opvoedkundige programme in skole en straat gemeenskappe in tien lande in Afrika. Dit is ’n langtermyn projek en op hierdie stadium is die beplanning reeds gedoen tot in 2014.

Hulle doelwit is om sport te gebruik as ’n katalisator vir betrokkenheid en verandering en die ontwikkeling van gemeenskappe. Op hierdie manier poog hulle om geleenthede vir gemeenskappe daar te stel om te verenig deur middel van sport. Hulle leuse is dan ook “*unite through sport*”. Hulle werk nou saam met ander organisasies ten einde alles in die stryd te werp om hiervan ’n sukses te maak. Dit is vir hulle belangrik om te kan voorsien, te bemagtig en toe te rus.

Hulle dra by tot 3 van die *United Nations* se 8 *Millenium Development Goals*[16] en werk in Ethiopië, Kenya, Rwanda, Tanzanië, Malawi, Zambië, Botswana, Namibië en Suid-Afrika. Die projek se doelwitte is die volgende:

[15] Inligting verkry by: http://rugbyinafrica.org (besoek op 11/11/2011 en op 10/3/2012)
[16] http://www.un.org/millenniumgoals/ (besoek op 10/3/2012) Die 8 doelwitte is: “End Poverty and hunger; Universal education; Gender equality; Child health; Maternal health; Combat HIV/AIDS; Environmental sustainability; Global partnership”

***UNITE***

Om die kinders (seuns en dogters) van Afrika te verenig deur sport, die lewering van gesondheidsopvoeding en lewensvaardighede.

***EMPOWER***

Om die plaaslike onderwysers (manlik en vroulik) te bemagtig, om hulle te voorsien van toerusting, hulpbronne en kennis.

***INSPIRE***

Om langtermyn ontwikkeling te inspireer deur die tot stand bring en ontwikkeling van internasionale konneksies en verbintenisse tussen skole oor kontinente heen.

In Maart en April 2011 het hulle 'n projek geloots om die nodige voorbereiding te doen vir *TransAfrique 2012*. Hierdie projek het bekend gestaan as *EDU DEV* en moes ook vennootskappe bewerkstellig tussen Britse skole wat betrokke is by die *Bhubesi Pride* internasionale skool skakeling programme en die vyftien skole in Afrika wat betrokke is by hierdie projek.

## *3.3 Ander*

Ek wil graag twee ander projekte net vermeld:

- **Operasie Mobilisasie se Sportbediening, Sportslink**[17]
  reik ook uit na gemeenskappe deur gebruik te maak van onder andere die *Ubabalo* program

[17] http://omsouthafrica.org/get-involved/sportslink.html (besoek op 13/8/12)

- **Max 7**[18] is ‘n webwerf op die Internet wat Bybelse bronne versamel. Dit sluit in kurrikulums, video’s, musiek en opleidingsmateriaal wat gebruik kan word deur jeugbedienings, sportbedienings of kreatiewe bedienings. Hierdie bronne is in enige taal denkbaar, gratis beskikbaar. Die hele *Ubabalo* biblioteek van bronne en programme is onder andere hier beskikbaar. **Max 7** omdat hulle aan kinders en jongmense die geleentheid wil bied om voluit (Joh. 10:10) te lewe vir Jesus, 7 dae per week. Hulle onderskryf die Lausanne verklaring.

## *3.4 Samevattend*

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op die vraag: “Wat gaan hier aan?” Dit staan volgens Osmer se model; bekend as die beskrywend-empiriese taak van praktiese teologiese interpretasie.

Ek het waargeneem dat daar sportontwikkelingsprogramme soos Ubabalo en Bhubesi Pride is wat sport gebruik om waardes, sosiale- en lewensvaardighede oor te dra aan die jeug van Afrika. Ubabalo inkorporeer waar moontlik en ‘n land dit toelaat, die Bybel hierby. Ubabalo se programme is geredelik beskikbaar op die Internet. Ek het ook met van hul leiers gesels en een van hul opleidingsmodules bygewoon. Dit het bygedra daartoe dat ek kon waarneem wat hulle doen en hoe hulle dit doen en hieroor verslag kon doen. Bhubesi Pride het ingestem daartoe dat ek vryelik gebruik mag maak van hul inligting op die Internet. Ek kon egter nie nadere details kry in verband met hoe hulle programme lyk en hoe dit ontwerp word nie. Vandaar net die kort beskrywing van wat hulle doen.

Die volgende hoofstuk is nie direk deel van Osmer se take van praktiese teologiese interpretasie nie. Dit fokus op die kategumenaatgeskiedenis en maak gebruik van Kreider (1999:xv-xvi) se raamwerk van *“belief”, “belonging” en “behavior”.*

[18] http://www.max7.org/ (besoek op 13/8/12)

# HOOFSTUK 4

# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGUMENAAT IN DIE VROEë KERK

Hierdie hoofstuk hou nie direk verband met die beskrywend-empiriese taak, wat die eerste van Osmer se vier take van praktiese teologiese interpretasie is nie. Dit is so omdat dit nie direk antwoord op sy vraag: “Wat gaan hier aan?” nie. Dit neem nie direk iets waar wat binne ons gemeenskap of binne die Suid-Afrikaanse konteks aangaan nie. Hierdie hoofstuk is egter van wesenlike belang in die versameling van inligting vir hierdie studie en dit sluit ook aan by die raamwerk van Kreider (1999:xv-xvi) wat ek hier wil gebruik en wat ek wil inkorporeer met Osmer se model. Vandaar dan ‘n aparte hoofstuk.

## *4.1 Geskiedenis van die kategumenaat*

Die geskiedenis van die kategumenaat in die Vroeë Kerk sal benader word met die lense van “geloof/belief”, “behoort/belonging” en “gedrag/behavior” (cf. Kreider: 1999:xv-xvi). Waar moontlik sal die klem geplaas word op hoe dit daar uitgesien het in (Noord-)Afrika eerder as op kategumenaat in die algemeen. Die feit dat ek kies om op Noord-Afrika te fokus beïnvloed noodwendig die era wat bekyk word. Dit sal strek tot en met die einde van Augustinus se lewe (ca. 430 n.C.). Enkele primêre bronne sal gebruik word en verder sal daar met sekondêre bronne gewerk word.

My hipotese is dat dit ‘n veel moeiliker proses was as wat ons dit vandag maak. Moontlik kan ‘n nuwe kyk hierop en ‘n heroorweging van hoe ons dit vandag doen, nuwe lewe blaas in ons liturgiese kategese.

Wepener (2007:308) wat ‘n studie gedoen het van die kategumenaatsproses skryf dat dit ‘n lang proses was wat 3-5 jaar kon duur. Dit het ook groot opofferings van mense gevra. Lering, liturgie en sakramente was nou verbonde aan mekaar. Laasgenoemde is beslis iets wat ons weer kan herontdek en sinvol kan aanwend binne die erediens.

Arnold (2004:39) sê dat hy tot die diepe besef gekom het hoe oppervlakkig ons omgaan met die onderrig van nuwe Christene, nadat hy 'n studie gemaak het van hoe die Vroeë Kerk en die Kerkvaders omgegaan het met nuwe Christene. Daar was 'n vaste en beduidende plan en verbintenis om nuwe gelowiges te help om hulself te anker binne die Christelike manier van lewe (*gedrag*).

As ons na van die vroeë bronne kyk sien ons in die *Didascalia apostolorum* dat dit lyk asof Christelike inisiasie in twee stadiums plaasgevind het (2.39). Die eerste stadium was die "apotaxis" (die wegdraai van Satan). Mens sou dus kon sê die keuse vir die Christelike *geloof* en nuwe *gedrag*. Die tweede stadium was die "syntaxis" (die aanklewing van Christus en die Heilige Gees). Die kategumenaat het moontlik tussen hierdie twee stadiums plaasgevind (Fahlbusch & Bromiley 1999-2003:187). Ons lees in *Didascalia apostolorum* 2.39: "When the heathen desire and promise to repent, saying 'We believe', we receive them into the congregation so that they may hear the word, but do not receive them into communion until they receive the seal and are fully initiated." Hieruit wil dit voorkom asof hulle reeds tot *geloof* gekom het en verbind is tot die verandering van hulle *gedrag.* Hulle was egter nog nie ten volle deel van die geloofsgemeenskap nie (*behoort)* (Bradshaw 1999:143).

Volgens die *Apostoliese tradisie van Hippolitus* is persone wat wou deel word van die Christelike geloof ondervra oor hulle redes waarom hulle na die geloof wou kom (*geloof*). Hulle moes ook getuies gehad het wat kon bevestig dat hulle erns bedoel het en dat hulle lewenswandel (*gedrag*) sodanig was dat hulle in staat sou kon wees om die woord te hoor. Dit was 'n moeilike pad wat vir hulle voorgelê het en daar is seker gemaak dat die kandidate verbind was hiertoe. Eers na deeglike ondersoek is hulle toegelaat tot die kategumenaat. Volgens die *Apostoliese tradisie van Hippolitus* het die kategumenaat drie jaar geduur. Dit was 'n periode van onderrig en ondersoek en het lesse in die Skrif en die morele, eksorsismes en gereelde gebed ingesluit (Fahlbusch & Bromiley 1999-2003:186). Hierdie tydperk was so lank dat dit soms gebeur het dat katkisante 'n marteldood gesterf het as gevolg van vervolging voor hierdie onderrig periode verby was en hulle gedoop kon word. Hulle is dan beskou as gedoop in hul eie bloed (White 1993:46).

'n Persoon se lewenswandel (*gedrag*) is voortdurend dopgehou en dit kon gebeur dat iemand afgewys en nie gedoop word nie. Wanneer dit nader gekom het aan die tyd wanneer hulle gedoop sou word (gewoonlik tydens Paasfees), het diegene wat wel gedoop sou word meer intense voorbereiding ontvang. Dit het daaglikse eksorsismes met handoplegging behels, voorlesing uit die Skrif en verdere onderrig. Die dag voor die doop het die kandidate 'n eksorsisme deur die biskop ontvang (Fahlbusch & Bromiley 1999-2003:186). Op die dag wat hulle gedoop sou word, het die kandidate teen dagbreek by die doopvont bymekaar gekom, het hulle Satan verwerp, is hulle met olie van eksorsisme gesalf, het hulle ontklee en in die water ingegaan. Hulle is dan getoets ten opsigte van hulle geloof, deur woorde ooreenstemmend met die van die Apostoliese Geloofsbelydenis en hulle is na elkeen van die drie afdelings van die geloofsbelydenis ingedompel in die water. Hierna is hulle gesalf met die olie van danksegging, het hulle aangetrek en kon hulle die kerk binnegaan. Hier het die biskop hande op hulle gelê ten einde God se genade op hulle af te bid en daarna het hy die olie van danksegging op hul koppe uitgegiet (White 1993:47).

Hierna kon die neofiete vir die eerste keer saam met die gelowiges deel in hul gebede en is die vredeskus met hulle uitgeruil. Hulle kon ook nou vir die eerste keer saam met die res van die gemeenskap van gelowiges deel hê (*behoort*) aan die nagmaal. Hulle het nie net brood en wyn ontvang nie maar ook water (as 'n teken van innerlike wassing) en melk en heuning (as 'n simboliese inkom in die beloofde land) (Fahlbusch & Bromiley 1999-2003:186).

Wat opvallend is hier is dat die nuwe gelowiges vir 'n lang tydperk (3 jaar) onderrig ontvang het. Omdat die lewenswandel van die gelowiges so belangrik was sou mens moontlik kon aflei dat hulle deeglik onderrig is in hoe hulle as Christene behoort te lewe. My aanname is dat die fokus hier was op hul *gedrag* ten einde waardig te kon lewe as deel van die geloofsgemeenskap waaraan hulle sou *behoort* nadat hulle die proses deurloop het.

By Tertullianus sien ons in sy *De Baptismo* en in van sy ander dooppreke dat daar van die kandidaat wat toegelaat is tot die voorbereiding vir die doop verwag is om getrou die kategetiese onderrig by te woon. Hy of sy is ook dadelik onderwerp aan 'n lewenswyse (*gedrag)* wat streng toewyding en berouvolle dissipline vereis het.

Tertullianus het dit as volg gestel: "Those who are coming to Baptism, must be constantly engaged in prayers, fastings, kneelings, and watchings, together with confession of all past faults" (Gifford 1894:xviii). Tertullianus het gesê dat Christene gemaak en nie gebore word nie (Wepener 2007:313). ''n Kandidaat moes die duiwel ten minste twee maal afgesweer het voordat hy/sy gedoop kon word. Na die doopseremonie is die gedoopte gesalf met geseënde balsem. Dit het volgens Tertullianus teruggegryp op Aaron wat met olie uit 'n horing deur Moses gesalf is en waarom Jesus ook die titel "Christus" het (Wepener 2007:313). Hierna is hulle die hande opgelê en geseën. Die Heilige Gees is genooi en verwelkom deur 'n seënbede. Die liturgiese tyd wat volgens Tertullianus die mees gepaste tyd was vir die doop is die Paasfees. Pinkster was egter ook 'n gepaste tyd. As dit egter nie kon nie sou enige ander dag ook kon doen aangesien elke dag tog die Here se dag is (Wepener 2007:313).

Folkemer (1946:286) wys daarop dat die onderrig van die katkisante in die tweede eeu meer prakties as leerstellig was. Die *Didache* wy ses hoofstukke aan Christelike lewe en handelinge/optrede. Die *Constitutiones Apostolorum* beklemtoon die karakter en praktyke van die gelowiges. Soos ons reeds gesien het, het die onderrig in twee stadiums plaasgevind. Folkemer (1946:291) wys daarop dat die eerste stadium langer was as die tweede stadium. Tydens hierdie eerste stadium was die katkisant voortdurend onder die toesig en onderrig van die Kerk en moes hy/sy eers bewys lewer van hul motiewe en verbintenis ("commitment") voordat hul toegelaat is tot die *Competentes*. Dit was dan ook 'n wyse waarop die Kerk kon seker maak dat ongewenste en onopregte mense nie toegelaat word as lede van die geloofsgemeenskap nie. Tydens die eerste stadium is die katkisant se motiewe dus getoets en is hul persoonlike ontwikkeling in 'n bepaalde rigting gestuur.

Wanneer die katkisant 'n bevoegde (*competent)* geword het en die tweede stadium van die proses bereik het, is hulle steeds goed dopgehou en aan bepaalde leerstellings en dissipline onderwerp. Die tweede stadium was korter as die eerste stadium maar meer intens en gespesialiseerd. Liturgiese reinigings het ook deel van hierdie stadium uitgemaak (Folkemer 1946:291). Hulle is onderrig in die Christelike leerstellings tesame met daaglikse verduidelikings van bepaalde gedeeltes vanuit die Ou en Nuwe Testamente. Verskeie geloofsartikels is behandel en die Apostoliese

Geloofsbelydenis is vir die eerste keer aan hulle voorgehou en ten volle verduidelik. Hulle moes die Geloofsbelydenis leer aangesien hulle deur die biskop getoets is of hulle dit ken, net voor hulle gedoop is. Hierdie proses het bekend gestaan as die "oorhandiging" (*traditio*) van die Geloofsbelydenis aan die kandidate en hulle het dit dan tydens hul doop "teruggegee" (*redditio*) (Yarnold 1994:13). Die Geloofsbelydenis is nie neergeskryf nie aangesien sommiges wat nie *Competentes* was nie dit dalk in die hande kon kry en kon lees. Hulle is aangemoedig om dit elke dag te resiteer. Kort voor hul doop (Augustinus het dit agt dae voor hul doop gedoen), het die kandidate die Onse Vader geleer. Hulle mag dit egter nie gebid het tot *na* hul doop nie. Eers dan is hulle as kinders van God beskou en mag hulle Hom as sodanig aangespreek het (Folkemer 1946:292-293, 299).

Die kandidate is ook onderrig oor die belangrikheid van eerlike berou, selfverloëning, ondersoek van motiewe en onbaatsugtigheid wanneer jy 'n lid is van die gemeenskap van gelowiges (Folkemer 1946:293). Dit gaan dus hier oor die tipe *gedrag* wat verwag word van 'n persoon wat *behoort aan* 'n *geloof*sgemeenskap. Vir Augustinus was *gedrag* ook 'n baie belangrike saak. Hy het hom sterk uitgespreek in sy *De Fide et Operibus* teen diegene wat hul geloof in Christus bely deur die Geloofsbelydenis maar wat nogtans nie bereid is om heidense praktyke en immoraliteit af te sweer nie. Geloof wat die morele eise van die Christelike lewe ignoreer is 'n dooie geloof (Folkemer 1946:294).

Die *Competentes* moes hierdie tyd voor hul doop sover moontlik in stilte deurbring. As hulle getroud was is hulle gevra om onthouding te handhaaf. Vas, daaglikse gebede en selfs nagwake of dan nagtelike gebede is aangemoedig (Folkemer 1946:294-295). Die kandidate is ook aangemoedig om gedurende hierdie tydperk gereeld belydenis van hul sonde te doen. Hierdie asketiese voorbereiding van die *Competentes* was intens en moeilik. Dis was egter juis so ten einde seker te maak dat slegs hulle wie werklik erns bedoel het met hul *geloof* deel sou word *(behoort aan*) van die *geloof*sgemeenskap (Folkemer 1946:296).

Tydens die voorbereidingstyd was eksorsisme belangrik en is 'n simboliese ritueel daagliks uitgevoer. Die kandidate is gereinig met water, sout en olie. Hulle het die teken van die kruis op hul voorkoppe ontvang en is ook hande opgelê. Tydens die

laaste toetsing voor die doop (gewoonlik op die Saterdag voor Pase) het die priester self die eksorsisme waargeneem en nié een van die ander geestelikes nie. Die kandidate was nou gereed vir hul finale afstanddoening van die mag van die duiwel en om verbind te word aan Christus. Ander simboliese handelinge van eksorsisme was die *exsufflatio* (uitaseming) van die duiwel en die *insufflatio* (inaseming) van die Heilige Gees, die reinigende salwing met olie, die oplegging van hande en die maak van die kruisteken (Folkemer 1946:297). Slawe en soldate het 'n merk op hul hand of voorkop gehad om te wys in wie se diens hulle gestaan het. 'n Moontlike verduideliking van die maak van die kruisteken op die kandidate se voorkoppe sou dus kon wees dat dit hulle "gemerk" het om aan te dui dat hulle aan Christus behoort. Dit is ook deur sommige skrywers beskryf as 'n "seël" (Yarnold 1994:4). 'n Blaas aksie is soms uitgevoer om die duiwel mee weg te jaag (Yarnold 1994:6). Daar was 'n simboliese handeling waar die kandidaat wes gekyk het om die duiwel aan te spreek. Die weste is beskou as die bron van donkerte en simbolies van die duiwel se woning, van dood. Nadat hy dan in sy gesig verloën is kon die kandidaat weg draai van die duiwel in die weste ten einde Christus, die bron van lig, te ontmoet in die ooste (Yarnold 1994:19-20). Oos is geassosieer met geboorte, lig, wysheid, hoop, heelheid.[19] Die Vaders het verskeie ander verduidelikings gegee: die Paradys was in die ooste geleë, die Opstanding het oos van Jerusalem plaasgevind, die wederkoms word vanuit die ooste verwag (Yarnold 1994:20).

Nadat die *Competentes* gedoop is kon hulle deel in verskeie voorregte. Hulle kon nou onderrig ontvang in die dieper betekenis van die doop. Hulle kon deel in die sakrament van die nagmaal ten einde versoening vir hul sondes te ontvang en hul geloof te versterk. Voor hulle gedoop is, het die ongedooptes in menslike sonde geleef. Hulle kon geen vergifnis ontvang nie. Gedurende die hele onderrig tydperk moes die kategumene die skuld van al hul sondes dra. Op grond hiervan het hulle in hul doop die grootste moontlike geskenk ontvang – die volledige versoening van hul sondes. Sondes wat hulle na hul doop pleeg kon vergewe word deur gebed of die belydenis daarvan. Hulle het ook eers na hul doop onderrig ontvang oor die betekenis van die brood en die wyn en ander liturgiese handelinge soos die geestelike kus, danksegging ensovoorts. Hulle mag ook nou die Onse Vader bid.

---

[19] http://www.symbolism.org/writing/books/bs/traditional/home.html (Besoek op 21/7/2012)

Verder kon hulle nou ten volle deelneem en *behoort aan* die geloofsgemeenskap (Folkemer 1946:299-301). Daar was die siening dat 'n Christen eers die sakramente moes ervaar en beleef en deel hê daaraan voordat hy/sy gereed was om onderrig daaroor te ontvang. Teologiese sowel as pedagogiese redes is hiervoor aangevoer . Kennis moes nie met 'n aspirant gelowige gedeel word totdat hy/sy gereeld was om dit met vrug te kon ontvang nie (Yarnold 1994:57-58). Dit wat te geredelik en openlik beskikbaar is lei tot 'n vervlakking daarvan.

Augustinus het baie aandag gegee aan die hele kategumenaat proses. Hy wys daarop dat daar tog diegene sal kom wie se motiewe nie suiwer is nie. Die leermeester kan egter hierdie onsuiwer motief as 'n vertrekpunt neem om die leerder te onderrig. Hy sê dat dit juis nodig sal wees om hierdie mense met meer vriendelikheid, sagtheid en geduld te behandel sodat hulle nie verward en onrustig hoef te voel nie (Folkemer 1946:302-303). Diegene wat reeds die Skrifte en ander Christelike geskrifte ken hoef nie so lank onderrig te word nie. Daar hoef nie baie tyd spandeer te word aan dit wat hulle reeds geleer het nie. Daar moet uitgevind word wat hulle beweeg het om Christene te wil word. Die geheimenisse (sakramente) moet eerder aandag geniet as die leerstellings. Hulle moet geleer word om hulself te beklee met Christelike nederigheid en om nie so verwaand te wees dat hulle reinheid van hart vergelyk met 'n geoefende tong nie (Folkemer 1946:303).

Augustinus spreek kategete aan wat moeg word om te onderrig. Hy vermaan hulle om Christus se voorbeeld te volg, Hy wat homself verneder het deur die vorm van 'n dienskneg aan te neem en aan 'n kruis te sterf. Die kategeet mag dalk moeg word vir die materiaal wat hy onderrig maar vir die katkisant is dit nuut en vars en wil hy/sy dit graag leer. Dit gaan vir Augustinus oor jou plig en die wil van God en nie oor jou eie wense en belewenisse nie (Folkemer 1946:303-304).

Augustinus is baie prakties en gee 'n voorbeeld van 'n les wat hy sou aanbied vir mense wat wou deel word van die Christelike geloof. Hy sou begin by die belangrikheid van die korrekte motiewe om gedoop te word, geleidelike bekendstelling aan sleutel gedeeltes in die Ou en Nuwe Testamente, 'n opsomming van Christus se lewe, dood en opstanding en die betekenis daarvan, die belangrikste leerstellings van die Kerk, die heiligheid van die sakramente en 'n subtiele

bekendstelling aan die betekenis van die Geloofsbelydenis. Augustinus het altyd seker gemaak dat hy die leerstellings en morele saam weef in sy gesprekke. Daar kon geen onduidelikheid by die hoorders gewees het oor die lewenswyse wat hulle verwag sou word nie. In sy laaste lesing sou hy dan seker maak dat hulle wel bereid is om hulle te verbind hiertoe en om heidense gebruike af te sweer. Eers wanneer hulle hiertoe ingestem het, is hulle aangeteken as kategumene (Folkemer 1946:304).

Ons sien dus dat mense wat hulle bekeer het tot die Christelike geloof, stap vir stap deur 'n inisiasie proses in verskillende stadiums moes gaan. Die lengte van hierdie reis het van gemeenskap tot gemeenskap verskil. Die verskillende elemente het egter in die meeste gevalle ooreengestem. Die kategumenaat was 'n tydperk van voorbereiding, van opleiding, van inisiasie of inlywing by die lewende gemeenskap van Christene. Dit het geskied deur middel van sekere liturgiese rites. Chrysostomus praat van dit as "the holy and awesome rites of initiation". Hy het gehoop dat die geheimsinnigheid waarmee dit omring was juis nuuskierigheid sou bewerk en dat hierdie nuuskierigheid daartoe sou lei dat die kategumene hul name sou opgee vir die doop ten einde verdere onderrig en inlywing te ontvang (Yarnold 1994:57). Die kategumene is nie net onderrig in die leerstellinge en voorskrifte van die Kerk nie maar hulle moes ook ingelyf word by die leefwyse (*gedrag*) van die Liggaam van Christus. Die geloofsgemeenskap het geleef deur middel van geloof, die liturgie en die beoefening of praktiese uitleef van liefde. Dit was belangrik dat die kategumene moes verstaan wat verlossing beteken, watter rol liefde in hul lewe sou speel en hoekom Christene 'n sekere manier van (morele) lewe het (Die Oratorium Uitgewery 2012:2). Chrysostomus wys daarop dat die onderrig wat die kategumene ontvang het nie net vir hul eie ore bedoel was nie. Dit moes in hul gedagtes resoneer en uitdrukking vind in hul lewens (*gedrag*) (Yarnold 1994:7).

Deur die sakramente van inisiasie is die kategumeen bevry van die mag van die bose deurdat hulle geestelik saam met Jesus gesterf het en saam met Hom begrawe is en weer saam met Hom opgestaan het. Op hierdie manier het die kategumeen ook die Heilige Gees ontvang en 'n seun/dogter van God geword. Die hele kategumenaat proses het plaasgevind teen die agtergrond van die Liturgiese Jaar van die Kerk. Op hierdie manier is die hele verlossingsgeskiedenis tuisgebring en deur aktiewe deelname aan die liturgie het hierdie geskiedenis (die verhouding tussen God en sy

uitverkore volk) ook deel geword van elkeen se eie geskiedenis (verhouding) met God. Kategumene is by ‘n lewende geloofsgemeenskap ingelyf (*behoort aan*) en het so lid geword van die Familie van God (Die Oratorium Uitgewery 2012:2).

## *4.2 Samevattend*

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die geskiedenis van die kategumenaat en soos en waar moontlik is daar gefokus op Noord-Afrika. Niemand weet presies hoe die kategese materiaal daar uitgesien het nie. Ons kan egter met redelike sekerheid vasstel hoe die hele proses verloop het. Hierdie geskiedenis is benader met die lense van *“geloof”, “behoort”* en *“gedrag”* (cf. Kreider 1999:xv-xvi).

In die volgende hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die vraag: “Hoekom is dit aan die gang?” Dit is die tweede taak (die interpretatiewe taak) van praktiese teologiese interpretasie.

# HOOFSTUK 5

## DIE INTERPRETATIEWE TAAK

Ons is nou by die volgende taak van Osmer se vier take van praktiese teologiese interpretasie. Dit is die interpretatiewe taak. Hier word van verskillende teorieë binne die wetenskappe gebruik gemaak om tot 'n beter verstaan te kom en om te probeer verduidelik hoekom hierdie patrone en dinamika gebeur of aangetref word. Die vraag wat hier aan die orde is, is: "Hoekom is dit aan die gang?"

In hoofstuk drie is twee verskillende projekte voorgehou wat poog om deur middel van sport 'n verskil te maak in die lewens van jongmense in Suid-Afrika en Afrika. Sport is iets wat 'n geweldige rol speel in Suid-Afrika.[20] Daar is verder ook gekyk na die geskiedenis van die kategumenaat en veral na hoe dit in Afrika verloop het (hoofstuk 4).

Die vraag is dan nou: "Hoekom is dit aan die gang?" Is daar sekere teorieë binne die wetenskappe waarvan gebruik gemaak kan word om lig te werp op wat hier aangaan en om ons te help om dit beter te verstaan. Teorieë is feilbaar en onderworpe aan heroorweging soos wat ons kennis verbreed. 'n Bepaalde teorie benader kennis vanuit 'n spesifieke perspektief of posisie. Geen enkele perspektief kan die volle waarheid weergee nie. Daarom is verskillende perspektiewe dikwels nodig om komplekse, multidimensionele fenomene te verstaan. Die mens het 'n diepgewortelde behoefte aan sekerheid, aan een, ware, regte antwoord. Tog weet ons al dat dit nie so eenvoudig is nie. Hoe meer ons weet hoe meer besef ons hoe min ons weet! Daar is ook altyd die spanning tussen verskillende perspektiewe. Menslike kennis is feilbaar. Die perfekte kennis behoort aan God alleen. Absolute sekerheid en een ware perspektief is dus nie iets waarby ons kan uitkom nie (Osmer 2008:80-84). Tog hoef ons nooit op te hou soek, waar te neem, te identifiseer, uit te lig, te oorweeg, te heroorweeg nie! Alle wysheid kom van God af. Wysheid begin met

[20] Ek verwys graag na 'n vorige studie wat ek gedoen het om juis hierdie belangrike rol wat sport in Suid-Afrika speel uit te wys. Flynn D.S. 2011. *'n Verkennend-beskrywende prakties-teologiese ondersoek na die waarde van "liturgiese" momente binne sport gemik op liturgiese inkulturasie.* MDiv skripsie. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

vrees/eerbied vir die Here, om Hom te ken en in verhouding met Hom te wees. Hieruit vloei 'n gesindheid van openheid tot die wêreld voort. 'n Denkende geloof is 'n geloof wat bereid is om te leer van die intellektuele hulpbronne van die hedendaagse kultuur. Ons móét gewillig wees om te leer by moderne wetenskappe. Vanuit 'n teologiese raamwerk kan ons in dialoog tree met die wêreld. As ons dit wys hanteer kan die kerk die wêreld iets bied ten opsigte van die morele en wyse gebruik van menslike kennis (Osmer 2008:93-94). In hierdie hoofstuk word daar slegs na wetenskappe buite die teologie gekyk om te sien watter teorieë en perspektiewe ons buite die teologie kan vind wat meer lig werp op dit wat beskryf is in hoofstuk drie. In verdere hoofstukke sal die dialoog dan plaasvind tussen hierdie teorieë en 'n teologiese perspektief ten einde te kyk watter bydrae die teologie tot hierdie tendense binne ons samelewing kan lewer.

'n Voorbeeld mag groter duidelikheid gee oor wat in hierdie hoofstuk gedoen gaan word. Osmer (2008:100-113) gebruik die kwessie van alkoholisme en wys op die verskillende teorieë wat gebruik kan word om te probeer verduidelik wat aan die gang is. Dit is alles verskillende perspektiewe op dieselfde kwessie. Hieruit blyk duidelik dat die fenomeen *alkoholisme* op baie verskillende maniere geïnterpreteer kan word. Daar is die mediese model wat alkoholisme beskou as 'n siekte. Dit kan ook vanuit verskillende sielkundige teorieë benader word, byvoorbeeld die individuele eienskappe en sosiale bevoegdheid teorie. Mense gebruik dwelms en alkohol om sekere tekorte in hul sosiale funksionering te bowe te probeer kom. Die ontwikkelingsteorie kan gebruik word waar gefokus word op adolessensie as 'n ontwikkelingstadium waar die adolessent vatbaar is vir dwelm en alkohol misbruik. Die disfunksionele familie teorie fokus op destruktiewe patrone binne families en die verhoogde voorkoms van dwelm en alkohol misbruik binne sulke families. Daar is ook verskillende teorieë binne die sosiologie wat gebruik kan word, byvoorbeeld die drinkende kultuur teorie – die kulturele patrone en houding van die gemeenskap teenoor drank beïnvloed drank probleme en alkoholisme; geslag konstruksie teorie – geslag speel op verskillende wyses 'n rol; en die sosiale drama teorie – narratiewe benadering tot alkoholisme waar elke persoon se individuele verhaal 'n rol speel.

## *5.1 'n Kort terugblik*

In hoofstuk drie is daar na twee programme gekyk wat sport gebruik om waardes, sosiale- en lewensvaardighede oor te dra aan die jeug van Afrika. Dit is:

- Ubabalo eAfrica 2010
- Bhubesi Pride Project

Hierdie studie wil egter op 'n manier verlede en hede, sport en liturgie bymekaar uitbring en daarom is daar ook gekyk na die geskiedenis van die kategumenaat in Afrika. Dit is benader vanuit die eerste taak van prakties teologiese interpretasie naamlik "*Wat gaan hier aan*?" (in die geval van die sportprogramme) en "*Wat het hier* aangegaan?" (in die geval van die kategumenaat). 'n Belangrike fokus wat na vore gekom het, is *geloof* / *oortuiging*, *behoort* / *deel uitmaak* en *gedrag.*

Daar sal nou gepoog word om te kyk "*Hoekom gaan dit aan?"*

## *5.2 Oortuiging ("belief")*

Oortuigings kan omskryf word as eksistensiële vooronderstellings. Dit is die persoonlike waarhede waaraan elke persoon vashou en waarmee hy/sy waarde-oordele fel en fenomene, objekte en individue beoordeel. Individuele oortuigings bly gewoonlik van krag selfs wanneer dit weerspreek word deur rede, bewyse of ervaring. Oortuigings ontwikkel al van 'n jong ouderdom af (Leonard et al. 2011:125). Nespor (Pajares 1992:311) sê dat oortuigings basies onveranderlik is. Wanneer dit wel verander gebeur dit nie as gevolg van argumentering of redevoering nie. Dit gebeur deur bekering of 'n gestalt verskuiwing, 'n paradigma skuif.

Pajares (1992:307) hou voor dat gedrag beter verstaan kan word as daar gekyk word na wat 'n persoon se oortuigings is. Hieruit volg die aanname dat oortuigings die beste aanduiding is van die besluite wat 'n individu regdeur sy/haar lewe sal maak. Pajares pleit daarvoor dat daar groter aandag gegee moet word aan die rol wat oortuigings speel binne die **opvoedkunde**. Hy vind dat daar dikwels gevoel word dat dit eerder tuishoort by filosofie of godsdiens. Tog is oortuigings 'n onderwerp wat

binne diverse velde bestudeer word, soos byvoorbeeld medies, regte, antropologie, sosiologie, politieke wetenskappe, besigheid en sielkunde. Dit is veral navorsing op die gebied van **sosiaal kognitiewe teorie** wat binne die opvoedkunde van waarde kan wees. Leerders se denkprosesse en hoe hulle leer kan deurgetrek word na hul self-oortuigings (soos selfbeeld en selfgenoegsaamheid) maar ook na hul oortuigings aangaande die aard van intelligensie, kennis en motivering (Pajares 1992:308).

Ons onderliggende oortuigings gaan bepaal hoe ons andere en dan ook hulle wat ons onderrig, sien en behandel en ook hoe ons dit wat ons onderrig, oordra. Ons kan dan nou na verskillende vorme van leer kyk.

### 5.2.1 Verskillende vorme van leer

In al drie gevalle - Ubabalo eAfrica 2010, Bhubesi Pride Project en by die kategumenaat is daar onderrig ingebou. ‘n Mens kan dus gaan kyk na teorieë en modelle binne die **opvoedkunde** om te probeer verstaan wat hier aangaan.

Om te onderrig (“teach”) kan vertaal word as “om leer te veroorsaak” (“to cause to learn”). Om dit te illustreer word die volgende staaltjie vertel. ‘n Man tel ‘n klip op en gooi ‘n boom raak. Dan verduidelik hy aan sy seun: “Dit is hoe mens die klip vashou. Dit is hoe mens jou arm uitstrek. Hou jou oog op die boom en volg die beweging deur.” Hierna sê die pa: “Nou sal ons sien of ek leer by jou veroorsaak het”. Die seun moet dan self gooi (Hestenes, Hendricks & Palmer 1991:130). Die fokus verskuif van die persoon wat onderrig gee en alles oordra wat hy/sy weet na hoe mens die leerder kan kry om te leer.

Bloom (Moriarty 2003:3), wat ‘n bekende binne die Opvoedkunde is, het in sy navorsing gefokus op uitkomste, op dit wat leerders behoort te weet en wat hulle behoort te kan doen. Hy het ‘n taksonomie van leer saamgestel. Dit is ‘n hiërargie met ses vlakke en lyk as volg:

- Level 1 – **Knowledge**. The knowledge objective is primarily concerned with recall, remembering facts and information (processes, directions, criteria, methodology), and the use of cues to retrieve information from the file cabinet of the mind.

Examples: Recall multiplication facts; name the criteria for classifying rocks. This is the lowest level of learning outcomes.

- Level 2 – **Comprehension**. This is considered the lowest level of understanding and involves interpreting the material. "The emphasis is on the ability to grasp the meaning and intent of the material".

- Level 3 – **Application**. A demonstration of comprehension shows that a student can use an abstraction when the use is specified. A demonstration of application shows he (/she) will use it correctly, given an appropriate situation, without prompting. In other words, the ability to apply information or concepts in a new situation or to problem-solve using the information.

- Level 4 – **Analysis**. This outcome asks the learner to be able to sort through the elements, relationships, or organizational principles of the material to understand its organizational structure. Examples include distinguishing fact from hypothesis, detecting logical fallacies in an argument, recognizing form and pattern.

- Level 5 – **Synthesis**. Synthesis is "...the putting together of elements and parts so as to form a new whole...the student must draw upon elements from many sources and put these together into a structure or pattern not clearly there before." This can be thought of as using previous knowledge to create new concepts, relating knowledge to several areas, predicting, drawing conclusions and hypothesizing. Examples: writing creatively, giving extemporaneous speeches, planning a unit of instruction and making mathematical discoveries and generalizations.

- Level 6 – **Evaluation**. This level is defined as "the making of judgments about the material. It involves the use of criteria as well as standards" for evaluating. It can be qualitative or quantitative and the criteria can be given or determined by the evaluator. Learning outcomes are at the highest level here because they contain elements of all other categories.

(Moriarty 2003:4-5)

Leer fokus noodwendig op uitkomste, op dit wat leerders behoort te weet en wat hulle behoort te kan doen. Vervolgens sal ons aandag gee aan *gedrag*.

## 5.3 Gedrag

Ons het gesien dat die sportprogramme poog om waardes, sosiale- en lewensvaardighede oor te dra aan die jeug van Afrika. Dit het dus as oogmerk om bepaalde gedragsveranderinge teweeg te bring. ‘n Teorie binne die **sportwetenskappe** wat ons kan help om dit beter te verstaan is *Teaching Personal and Social Responsibility* (*TPSR*). Don Hellison (2011:6) wat die teorie ontwerp het, sê dat mens nie kan wegkom daarvan om waardes te leer en oor te dra nie. Waardes is volgens hom sentraal aan menslike verhoudings, besluitneming en die ontwikkeling van lewensvaardighede. Geen waarde moet egter afgedwing word nie en die kinders is en bly self verantwoordelik om hierdie waardes in hul lewens te aanvaar, aan te pas of te verwerp. Hellison (2011:13) se program wat hy hier rondom ontwerp het, is waarde gebaseer. Dit het psigologiese voordele om aan kinders verantwoordelikhede te gee. Deur hulle lewensvaardighede te leer word die emosionele sowel as die sosiale dimensies aangespreek ten einde ‘n gebalanseerde persoon te wees. As hulle gehelp word om persoonlike en sosiale verantwoordelikhede te aanvaar, word die mag met hulle gedeel en mettertyd skuif die besluitneming oor na hulself. TPSR probeer nie om binne in die kinders se koppe in te kom nie maar om hulle binne hul eie koppe te kry. Almal kan nie alles doen nie maar dit is belangrik dat elkeen tog iets doen. Vir Hellison (2011:13-15) is ‘n paar vrae belangrik, naamlik *Wat is die moeite werd om te doen?*, *Werk dit wat ons doen?* en *Wat is moontlik?* Hellison (2011:17-18) bied ‘n raamwerk waarbinne daar gewerk kan word. Dit is egter baie belangrik dat dit buigbaar moet bly en nooit rigiede reëls moet word nie. Die TPSR raamwerk lyk as volg:

⚽ **Kernwaardes**

- Die kinders moet altyd eerste kom – nié ‘n aktiewe leefstyl of sport of fiksheid of jou eie wen-verloor rekord nie.
- Die bevordering van menslikheid en positiewe verhoudings met andere. Hulp aan mekaar is belangriker as kompetisie.
- Holistiese selfontwikkeling – Fisies, emosioneel, sosiaal en kognitief.

- "A way of being" – hierdie waardes moet deel wees van wie jy is. Programleiers moet dit elke dag uitleef sodat dit vir die kinders 'n voorbeeld kan wees waarna hulle kan streef.

**Aannames**

Dit gaan hier oor die onderliggende oortuigings en waardes wat die grondslag bied van die programme.

- Persoonlike en sosiale ontwikkeling gebeur nie outomaties nie. Doelwitte, strategieë en bepaalde kwaliteite by hulle wie onderrig, is nodig.
- "Less-is-more" is 'n beginsel wat behoort te geld. 'n Program met 'n paar doelwitte sal 'n beter effek op kinders hê as een met baie doelwitte.
- Onderwysers en/of afrigters moet bevoeg wees. Fisiese aktiwiteite is hier sentraal al is dit gebaseer op TPSR en daarom moet die onderrig gewer ook goed onderlê wees om dit af te rig.

**Vlakke van verantwoordelikheid**

Uitgespelde vlakke of 'n drie punt plan het altyd die gevaar dat dit kan ontaard in 'n plakkaat teen die muur wat goeie intensies uitdruk maar mettertyd nie eers meer raakgesien word nie. Tog bied die feit dat dit wel daar is altyd half 'n troos en herinner dit ons aan wat ons behoort te doen. Dit is hier glad nie die idee met die uitspel van bepaalde vlakke nie. Dit is veel belangriker om dit uit te leef as om dit puntsgewys te onthou. Dit is egter menslik om altyd riglyne te wil hê en daarom word dit tog wel weergegee.

| VLAK | KOMPONENTE |
|---|---|
| 1. Respekteer die regte en gevoelens van andere | Selfbeheersing |
| | Reg op vreedsame konflik oplossing |
| | Reg om ingesluit te word en om mekaar behulpsaam te wees |
| 2. Bydrae (”effort”) en Samewerking | Self motivering |
| | Verkenning van bydraes en nuwe take |
| | Kom oor die weg met andere |
| 3. Selfaangedrewenheid | Onafhanklike uitvoering van take |
| | Vordering met die stelling van doelwitte |
| | Moed om groepsdruk teen te staan |
| 4. Hulp aan andere en Leierskap | Omgee en die bewys van deernis |
| | Sensitiwiteit en gepaste optrede |
| | Innerlike krag |
| 5. Oordrag buite die gimnasium (of sportveld) | Probeer hierdie idees op ander terreine van die lewe uitleef |
| | Positiewe rolmodel vir andere, veral vir jonger kinders |

**Verantwoordelikhede van programleiers**

- Geleidelike bemagtiging – verskuiwing van verantwoordelikhede na die kinders
- Self-refleksie – Socrates het gesê: “The unexamined life is not worth living”. Dit dra by tot bemagtiging. Self-refleksie moet begelei en daagliks geoefen word
- Insluiting van TPSR in die fisiese aktiwiteite – dit moet deel vorm van die daaglikse aktiwiteit en les plan. Daar moet gewaak word teen “add-on” wat dit oneffektief maak
- Oordrag – die hele doel van hierdie programme is om kinders te help om beter lewens te lei. Daarom is dit belangrik om te besef

dat hul lewens nie eindig wanneer hulle die gimnasium of die sportveld verlaat nie. Hul lewens strek verder as dit en daarom moet hulle gehelp word om hul aangeleerde en geoefende gedrag binne die aktiwiteit opset, verder te kan neem en te kan beoefen binne ander areas van hul lewens

- In verhouding wees met die kinders – fokus op hul sterk punte; erken hul individualiteit; elke kind het 'n stem, 'n opinie en behoort gehoor te mag word of ons daarmee saamstem of nie; elke kind het die kapasiteit om besluite te neem en moet die geleentheid gegun word om dit te oefen. Hulle sal foute maak maar dit is deel van die leerproses. Hanteer elke kind met waardigheid. Kinders moet gekonfronteer word indien nodig maar dit moet met respek en waardigheid geskied. Daar moet altyd ruimte wees vir onderhandeling. Die boodskap is: "Wat jy gedoen het is nie reg nie; die vraag is nie of jy dit gedoen het nie maar wat jy daaromtrent gaan doen?" Kinders moet verstaan dat in verhouding wees nie beteken dat die program leier iemand is met wie hulle kan kanse vat nie

**Daaglikse program formaat**

- Verhoudingstyd – dit vind plaas voor, gedurende of na die program. Kinders word erken, hulle name word genoem of iets spesiaals oor hulle word vermeld
- Bewustheid praatjie – dit open die sessie alhoewel daar van tyd tot tyd 'n ysbreker voor die praatjie gedoen kan word. Dit behoort kort gehou te word. Hier kan gefokus word op een van die komponente van een van die vlakke. Die kinders word betrek en een van hulle word gevra om te deel wat hulle onder 'n bepaalde konsep verstaan. Die belangrikheid van weet en dan doen moet beklemtoon word

- Fisiese aktiwiteitsplan – Hierdie aktiwiteit behoort die grootste deel van die tyd saam te beslaan. Alle beginsels van TPST behoort ingebed te word in hierdie aktiwiteit
- Groep byeenkoms – aan die einde van 'n dag se program kom die groep bymekaar en praat oor hoe die dag se program verloop het. Dit kan terugvoer insluit oor wie positiewe bydraes gemaak het, wat gewerk het en wat nie, ensovoorts
- Self-refleksie tyd – tyd word gegee vir selfevaluasie

**Voorgestelde inbedding strategieë**

Dit is dikwels die moeilikste taak vir iemand wat nog nie ingeoefen is hierin nie. TPSR waardes en beginsels moet ingebed word in die inhoud van die fisiese aktiwiteit. Die uitkoms moet wees om die kinders te leer om self verantwoordelikheid te neem. Oordrag en aanwending van wat hulle geleer het móét ook buite die gimnasium en die sportveld plaasvind anders is die program nie geslaagd nie. Deeglike beplanning is dus nodig.

**Probleem oplossing**

Lesse en programme word vooraf noukeurig uitgewerk. Wat doen jy as iets onverwags gebeur? Wat as 'n kind besluit dat 'n aktiwiteit na sy/haar mening simpel is en hy/sy weier om dit te doen? Probleem oplossing en hantering van die onverwagte moet deel uitmaak van jou voorbereiding.

**Evaluering**

Evaluering is die finale deel van die TPSR raamwerk. Dit is baie belangrik dat evaluering wel sal plaasvind ten einde te bepaal of die program bereik wat dit beoog het.


(Hellison 2011:17-18)

TPSR werk binne groepsverband en dit hou dan ook nou verband met ons volgende punt naamlik *"behoort/deel uitmaak"*

## *5.4 Behoort / Deel uitmaak*

Daar is teorieë binne sosiologie, sielkunde en antropologie wat ons kan aanwend om iets hiervan te probeer verstaan. Volgens die **sosiale identiteit teorie** bestaan die selfkonsep uit 'n persoonlike identiteit en 'n sosiale identiteit. Sosiale identifikasie is die persepsie van behoort aan 'n groep en 'n gevoel van eenheid met die groep. Deur die identifisering met 'n groep ervaar mense hulself as sielkundig vervleg met die groep se lotsbestemming, deel hulle dieselfde lot en ervaar hulle mekaar se suksesse en mislukkings. Identifikasie is 'n komplekse persepsie gebaseer op oortuigings, gesindhede en emosies. Die mees direkte emosionele en gedragsuitdrukking van identifikasie is lojaliteit. Dit behels gewillige, praktiese toegewydheid aan 'n persoon, entiteit of groep (Mael & Ashforth 2001:198). Die gevoel van behoort aan, die persepsie van 'n gemeenskaplike identiteit, is een van die potensiële voordele van identifikasie. Die lede van hierdie groep kan selfs interpersoonlike vreemdelinge bly. Tog deel hulle sekere doelwitte, waardes en oortuigings. Hulle ervaar gemeenskap, sosiale samehorigheid en solidariteit met mekaar. Dit bied 'n teenmiddel teen die afsondering en vervreemdheid wat mense dikwels ervaar in die moderne stedelike lewe (Mael & Ashforth 2001:201). Met die verspreiding van die tradisionele uitgebreide familie en die stam het hierdie behoefte om te identifiseer met 'n groep van soorte, meer intens geword.

Om te behoort aan of deel te wees van is een van die basiese menslike behoeftes volgens **Maslow se hiërargie van menslike behoeftes**. Hierdie is 'n teorie wat ons binne die sielkunde aantref. Maslow se hiërargie (Maslow 1943:location 54-88) lyk as volg:




Die mens is ‘n veel meer komplekse wese as net bestaande uit ‘n hiërargie van behoeftes. Wat Maslow egter voorhou is dat as ‘n mens van alles in die lewe ontneem word, dit meer waarskynlik sal wees dat hy/sy gemotiveerd sal wees om eerste sy/haar fisiologiese behoeftes te vervul. ‘n Persoon wat nie kos, veiligheid, liefde en selfverwesenliking het nie sal waarskynlik ‘n groter behoefte aan kos en water openbaar as aan enige iets anders. Alle ander behoeftes sal nou na die agtergrond verskuif. Die behoefte om poësie te skryf, om ‘n motor te koop, om belang te hê by die land se geskiedenis, ‘n nuwe paar skoene, sal alles vergete wees of van mindere belang. Vir ‘n persoon wat uiters honger is sal niks anders so belangrik wees as kos nie. Hy/sy sal droom oor kos, onthou van kos, dink aan kos en sy/haar begeerte sal na kos wees. So ‘n persoon sal dink en glo dat as hy/sy net genoeg kos kan hê sal hy/sy tevrede en gelukkig wees vir die res van sy/haar lewe. Dit is egter slegs waar solank as wat kos so ‘n persoon ontwyk. Sodra sy/haar behoefte aan kos bevredig word en bevredig bly vervaag die ek sal “gelukkig wees vir ewig” as ek net kos het om te eet. Nuwe en hoër behoeftes tree nou na vore (Maslow 1943:location 54-88). Een behoefte hoef nie 100% bevredig te wees voor ‘n volgende behoefte na vore tree nie. Dit kan ook wees dat meer as een behoefte gelyk na vore tree. ‘n Behoefte hoef ook nie noodwendig bewustelik aanwesig te wees nie. Dit kan ook onbewustelik teenwoordig wees. Dit is en bly ‘n komplekse saak  (Maslow 1943:location 279, 284).

Wanneer 'n persoon se fisiologiese en veiligheidsbehoeftes geredelik tevrede gestel is, tree behoeftes aan liefde en affiliasie na vore. So 'n persoon sal intens bewus wees van die afwesigheid van vriende, of 'n geliefde of geliefdes. Hy/sy sal 'n begeerte hê na liefdevolle verhoudings met mense in die algemeen, hy/sy sal graag deel wil wees van 'n groep en sal streef daarna om dit te verwesenlik. Baie wanaangepaste gedrag en psigopatologie spruit uit gevalle waar hierdie behoefte nie bevredig word nie (Maslow 1943:location 163-167).

Vanuit die ontwikkelingsielkunde kry ons die **bindingsteorie**. Hierdie teorie is deur Bowlby ontwikkel (Meredith 2009:285). Volgens hierdie teorie is die ontwikkeling van 'n "gesonde" persoonlikheid afhanklik van die konsekwentheid en toepaslikheid van die reaksie en optrede van die primêre versorgers teenoor die ontwikkelende baba. Optimale versorging en omgewingsfaktore lei tot 'n geborge bindingspatroon terwyl minder optimale omstandighede bydra tot die ontwikkeling van 'n onseker bindingspatroon. Daar word algemeen aanvaar dat daar drie vorme van onseker of onveilige binding is, naamlik:

- Angstigheid oor verhoudings
- Vermyding van verhoudings
- Vreesagtige verbondenheid (wat beide angstigheid en vermyding insluit)

Die angstige bindingsdimensie word gekenmerk deur 'n negatiewe siening van die self terwyl die vermyding dimensie gekenmerk word deur 'n negatiewe persepsie van andere (Meredith 2009:285-286).

Op grond hiervan is dit moontlik om vier kategorieë te identifiseer waarop volwassene bindingstyle ontwikkel. Bartholomew & Horowitz (Meredith 2009:286) stel dit skematies as volg voor:

| | Low relationship anxiety (Positive model of self) | High relationship anxiety (Negative model of self) |
|---|---|---|
| Low relationship avoidance (Positive model of others) | **Secure** | **Pre-occupied** (anxious-ambivalent) |
| High relationship avoidance (Negative model of others) | **Dismissing** (dismissing-avoidant) | **Fearful** (fearful-avoidant) |

Hewitt (2008:67) lig ook die belangrikheid van die **bindingsteorie** uit as sy bespreek hoe dit binne Freud se **psigoanalise** gefunksioneer het. Die baba en jong kind se diepgaande hunkering en begeerte aan die liefde en beskerming van 'n sterk versorger sluit nou aan by die mens se interne drang om te oorleef. Hierdie hunkering en begeerte geskied nie bewustelik nie, dit is eerder 'n ongeformuleerde, diepgaande inherente behoefte aan binding, 'n universele behoefte daaraan om nabye, liefdevolle bande te vorm. Een van die hoof bydraes van die bindingsteorie is die konklusie waartoe dit kom dat die self slegs kan bestaan binne die konteks van die ander. Die ontwikkeling van die self is dus uiters noodsaaklik vir die saamvoeging van ervaringe van die self in verhoudings (met ander woorde, hoe ons in interaksie sal tree met andere). Die wyse waarop die baba en jong kind self-ander verhoudings ervaar en beleef sal bepalend wees vir hul self-ander verhoudings later in hul lewe (Hewitt 2008:68-68).

**Vaderloosheid** is ‘n groot probleem in die hedendaagse samelewing. Navorsing vanuit die sosiologie, antropologie en maatskaplike werk toon dat die afwesigheid van ‘n pa lei tot swak ontwikkelingsuitkomste by kinders. Wanneer kinders wat groot word sonder die aktiewe betrokkenheid van ‘n toegewyde en verantwoordelike vader, vergelyk word met kinders wat wel groot word met so vader blyk dit dat eersgenoemde meer geneig is om swak te presteer op skool, om gedrag- en emosionele probleme te ontwikkel, om met die gereg te bots, om betrokke te raak in vroeë en promiskue seksuele aktiwiteite en om later in hul lewe afhanklik te raak van staatshulp (Horn 2006:21). Daar is ook bevind dat kinders wat voel dat hulle na aan hul pa’s is, meer geneig is om goed te presteer op skool en tekens toon dat hulle minder internaliserings- en eksternaliseringsprobleme het (Horn 2006:23). Gesaghebbende vaderskap dra by tot kinders se psigologiese gesondheid. Vaders wat luister na hul kinders se probleme, wat hulle advies gee, wat verduidelik hoekom sekere reëls geld, wat hul kinders se akademiese vordering monitor, wat hulle help met hul huiswerk, wat projekte saam met hul kinders aanpak en wat hulle ook dissiplineer se kinders vaar sielkundig beduidend beter as kinders wie se vaders meestal net betrokke is by hul ontspanningsaktiwiteite, soos om hulle uit te neem vir ete, om hulle met vakansie te neem en om vir hulle dinge te koop (Horn 2006:23).

Vaderloosheid binne gemeenskappe verhoog die behoefte aan en die noodsaaklikheid van rol modelle en volwassenes wat ‘n positiewe invloed kan uitoefen op kinders en jong volwassenes. Vanuit die **sport sielkunde** word daar gekyk na die belangrike rol wat die afrigter (“coach”) kan speel in die fasilitering van positiewe jeugontwikkeling. Vir kinders sonder ‘n vader gebeur dit dat die afrigter mettertyd die rol van ‘n vader figuur in hul lewens oorneem. Navorsing (Vella, Oades & Crowe 2011:33) toon dat die afrigter agt temas fasiliteer wat juis belangrik is ook binne positiewe jeugontwikkeling. Dit is: vaardigheid, selfvertroue, verbondenheid, karakter, lewensvaardighede, klimaat, positiewe affek en positiewe psigologiese kapasiteite. Die voorveronderstelling van positiewe jeugontwikkeling is dat alle jeug binne in hulself bepaalde sterkpunte en hulpbronne het waarop gebou kan word. Sportprogramme met die jeug kan vanuit hierdie veronderstelling positiewe ontwikkeling fasiliteer en karakter bou. Positiewe jeugontwikkeling fokus veral op wat hulle noem die vyf C’s: “competence, confidence, connection, character and caring”

(Vella, Oades & Crowe 2011:33). Omdat sport so gewild is onder die jeug en omdat hulle ‘n groot deel van hul tyd hieraan spandeer is bevind dat dit een van die mees sinvolle plekke is om positief te probeer inbou in die jeug se lewens. Daar is bevind dat deelname aan sport meehelp met ander ontwikkelingstake soos identiteitsontwikkeling, persoonlike ontdekking, inisiatief, verbeterde kognitiewe en fisiese vaardighede, die aanleer van sosiale vaardighede, sosiale verbintenisse en spanwerk. Die aanleer van lewensvaardighede binne sport kontekste geniet ook reeds wye erkenning (Vella, Oades & Crowe 2011:33-34). In dit alles speel die afrigter ‘n kritiese rol.

Navorsing binne die **ontwikkelingsielkunde** wys op die belangrikheid van ondersteunende verhoudings met volwassenes en rolmodelle ten einde positiewe ontwikkelingsuitkomste teweeg te bring. Alhoewel ontwikkelingsprogramme en dan ook sport ontwikkelingsprogramme die potensiaal het om positiewe jeugontwikkeling tot stand te bring, is dit die persoonlike eienskappe van die groepleiers of dan die afrigter wat die noodsaaklike bestanddeel is vir die sukses van alle jeugontwikkelingsprogramme. Opleiding en die ondersteuning van afrigters kan meehelp in die verhoogde waarskynlikheid van positiewe uitkomste (Vella, Oades & Crowe 2011:34). In gesprekke met afrigters is bevind dat afrigters deeglik bewus is van die feit dat hulle die geleentheid het om ‘n wesenlike verskil te maak in die lewens van hul spelers. Hulle besef dat hierdie impak ook ‘n rol speel in die spelers se lewens weg van die sportveld af en dat hul dit met hul saamneem vir die res van hul lewe. Om hierdie geleenthede aan te gryp is deel van afrigter wees. Hy/sy het die geleentheid om hierdie jongmense te vorm en van hul beter mense te maak. Hulle besef ook die waarde en bydrae wat hulle maak ten opsigte van die atleet se ervaring van positiewe selfwaarde. Dit maak ‘n groot verskil in die kinders se lewens wanneer hulle ervaar dat hulle belangrik is vir die afrigter en dat iemand vir hulle omgee. Dit help hulle om in hulself te begin glo. Om deel te wees van die span beteken vir die jongmense baie. Die afrigter kan hierdie bande bevorder. Op die veld word vriendskappe gesmee wat dikwels ‘n leeftyd hou. Oor die algemeen besef afrigters dat hul afrigtingstaak holisties behoort te wees en nie net sport-spesifiek nie (Vella, Oades & Crowe 2011:38, 41-44).

Ons het egter in hoofstuk 3 (p. 24) gesien dat *Ubabalo* daarop wys dat sport ook 'n donker kant kan hê en dat daar ook 'n negatiewe sport kultuur bestaan. Ook hierin speel die afrigter 'n belangrike rol. Hy behoort hierdie negatiewe kant te kan raaksien en dit voortdurend uit te wys en aan te spreek. Dit kan opsigself goeie leermomente skep.

In die praktyk het die **Ubabalo-projek** duidelik uitgewys dat die afrigter 'n uiters belangrike rol speel in die lewens van die kinders wat hy afrig. Hy word 'n vader figuur vir die kinders wat oor die algemeen almal vaderloos is. Die kinders voel deel van die span. Hier kan hulle behoort. Dit word hulle familie en die afrigter word hul vader. Daarom word dit deur die projekleiers as belangrik beskou om met die afrigter 'n pad te stap en te help dat hy ontwikkel en groei en die nodige vaardighede bekom om lewensvaardighede aan die kinders te kan oordra, wat hulle dan ook buite hierdie sport konteks kan gaan leef.

In hierdie hele proses speel waardes 'n baie belangrike rol en ons sal dan nou hieraan aandag gee.

## *5.5 Waardes*

In al drie bogenoemde gevalle is waardes van belang sowel as die oordra daarvan. Dit kan weereens vanuit  verskillende hoeke bekyk word.

Lawrence Kohlberg het 'n **teorie vir morele ontwikkeling** ontwikkel wat uit verskillende stadiums bestaan. Dit is gebaseer op die **kognitiewe ontwikkelingsteorie** van Piaget. Volgens Piaget dink kinders jonger as 10 of 11 anders oor morele dilemmas as ouer kinders. Vir die jonger kinders is reëls vas en absoluut. Dit word gegee of geskep deur volwassenes of God en is onveranderlik. Ouer kinders verstaan dat reëls nie absoluut is nie en dat dit kan verander as almal saamstem oor die verandering. Dit is bloot hulpmiddels om die samelewing te help orden. Jonger kinders baseer hul morele oordele op gevolge waar ouer kinders dit baseer op intensies (Crain 1985:118-119). Volgens Kohlberg vind morele ontwikkeling gelyktydig met kognitiewe ontwikkeling plaas. Volgens sy teorie beweeg

die mens deur drie vlakke van morele denke soos wat hy/sy intellektueel ontwikkel. Die eerste fase is die fase van moraliteit. Hier is moraliteit gefokus op selfbelang, dit is dus egosentries. Die kind sal byvoorbeeld reëls gehoorsaam om straf te vermy. Kinders onder die ouderdom van 9 verkeer gewoonlik in hierdie fase. Die tweede fase is die konvensionele fase van moraliteit. Hier word daar vir ander omgegee en word reëls gehoorsaam bloot omdat dit reëls is. Dit vind hoofsaaklik plaas tydens vroeë adolessensie. Die derde fase is postkonvensionele moraliteit. Tydens hierdie fase word abstrakte redenering bemeester deur formele operasionele denke. Reëls word nou gehoorsaam omdat dit ooreenstem met hulle eie innerlike etiese beginsels sowel as die van die ander. Op hierdie vlak is die individu in staat om morele kompleksiteite op 'n stabiele en konsekwente wyse te hanteer (Van der Westhuizen 2008:18; Marthinus 2005:16).

Daar is verskeie faktore wat die morele ontwikkelingsproses kan beïnvloed. Warm en liefdevolle ouers wat as positiewe rolmodelle optree en wat bereid is om oor beginsels te kommunikeer, sal waarskynlik hul kinders help om positiewe morele waardes te internaliseer. Portuurgroep speel ook 'n belangrike rol in morele keuses. Die wyse waarop kinders opgevoed is sal in die meeste gevalle bepalend wees of hulle groepsdruk kan hanteer of nie (Marthinus 2005:18-19).

Volgens Kohlberg is basiese norme en beginsels kognitiewe strukture wat uit die ervaring van sosiale interaksie tussen die self en ander persone ontstaan. Sy benadering het ten doel om leerders te help om minder selfgesentreerd te wees (pre-konvensionele vlak) en meer mensgesentreerd (konvensionele tot post-konvensionele vlak). Hoe hoër 'n persoon se vlak van morele ontwikkeling is, hoe meer geneig is 'n persoon om volgens sy morele oordele op te tree. So 'n persoon behoort dan ook meer integriteit ten opsigte van sy/haar persoonlike morele standaarde te openbaar (Marthinus 2005:20).

Binne die Opvoedkunde kry ons **McPhail se konsiderasiemodel**. McPhail beskou homself as 'n humanitêre opvoeder soos Maslow en Carl Rogers. Vir hom is die behoefte aan persoonlike uniekheid, insig en kreatiwiteit belangrik, sowel as die teorie en praktyk van sosiale kondisionering. Volgens McPhail kan morele opvoeding nie gereduseer word tot 'n analisering van reëls en van wat nie toelaatbaar is nie. Die

fokus moet eerder wees op die wyse waarop 'n persoon met hom/haarself en met ander om gaan. Sy benadering beklemtoon dat om vir jou naaste te leef, belowend en motiverend is. Volgens navorsing wat hy in Britse sekondêre skole onderneem het, het hy bevind dat die mees basiese menslike behoefte is om met andere oor die weg te kom, om lief te hê en liefgehê te word. Georganiseerde opvoedkunde kan hiermee help. McPhail haal John Ruskin aan wat sê: "Education does not mean teaching people to know what they do not know, it means teaching them to behave as they do not behave" (Marthinus 2005:29-30).

Volgens McPhail is morele opvoeding gemoeid met die vorming van gedrag en die ontwikkeling van probleemoplossingsvaardighede. Morele waardes word aangeleer deur die waarneming van betekenisvolle persone in ons lewens se optrede teenoor individue met wie hulle in aanraking kom. 'n Leerder sal meer leer na aanleiding van wat 'n opvoeder is en doen, as deur dit wat die opvoeder aan hulle leer deur sy woorde. Die belangrikheid van leer deur waarneming en sosiale modellering kan nie oorbeklemtoon word nie. Jongmense word gekondisioneer deur die optrede van hul opvoeders, afrigters en vriende. Dit help dus nie om leerders rasioneel te probeer oortuig dat dit reg is om ander met bedagsaamheid te behandel nie. Dit moet gedemonstreer word deur 'n bedagsame lewe in die praktyk. Dit motiveer leerders gewoonlik om die bedagsame leefwyse hul eie te maak (Marthinus 2005:30-31).

Hierdie model poog om die leerder bewus te maak om bedagsaam teenoor ander op te tree en om ander in nood te help. Hulle moet ook die vaardigheid aanleer om die gevolge van hul aksie en optrede te voorspel as 'n belangrike maatstaf vir besluitneming. Redenering en kennis speel dus 'n belangrike rol in hierdie model. Omgee word deur 'n kombinasie van intellektuele en emosionele faktore bevorder. Op 'n praktiese wyse word 'n verskeidenheid geleenthede voorsien vir kinders om hul samewerking in die skool te gee. Hulle kan in pare, in kleingroepe of as 'n klasgroep saamwerk om 'n bepaalde doel te bereik. Deur hierdie aktiwiteite leer hulle om ander se standpunte te verstaan en in ag te neem (Marthinus 2005:31-32).

Etiek sonder etos is leeg en waardeloos. As kinders (en volwassenes) onderrig word in abstrakte etiese beginsels beteken dit nie dat hulle gemotiveer sal word om oor te gaan tot morele optrede nie. Etos word stelselmatig opgebou wanneer mense

deelneem aan die praktyke van 'n gemeenskap en dit daar inoefen. Osmer (2005:260) bring Paul Ricoeur se perspektiewe vanuit die **filosofie** in gesprek met navorsing oor die morele self vanuit die **sielkunde**. Die morele self bestaan uit drie komponente: die morele emosies, morele kennis en morele optrede.

*Die morele emosies* ontwikkel reeds van babadae af en het ten doel om hul inner en uiterlike wêrelde in ooreenstemming met mekaar te bring. Soos wat die jong kind ontwikkel, ontwikkel hul gevoelens tot meer stabiele emosionele patrone en word dit gevorm deur hul interaksies met andere. Van die primêre morele emosies is:

- *Empatie* – dit is die kapasiteit om op andere se gevoelens te reageer. Dit sluit aan by hulpverlening en deel met mekaar.

- *Skaamte ("shame")* – dit is 'n emosie wat gerig is op die ander. Dit is gevoelens van verleentheid of ontbloting wanneer andere jou gedrag as onaanvaarbaar beskou.

- *Skuldgevoelens* – dit is 'n na binne gerigte emosie. Dit word georiënteer deur interne morele standaarde of reëls en die gevoelens van berou wanneer dit oortree word.

- *Woede* – dit is gevoelens van woede wat ontstaan wanneer kinders ervaar dat hulle ingedoen word of wanneer hulle ervaar andere word te na gekom. Deur hul deelname aan speletjies met reëls ontwikkel hul sin vir regverdigheid. Wanneer hulle dan ervaar dat strukture van regverdigheid oortree word, kan dit woede by hulle laat ontstaan.

- *Omgee* – dit is gewortel in gevoelens van warmte, vertroue en 'n positiewe uitkyk wat ontstaan in gesonde bindingsverhoudings. Dit is noodsaaklik om gewaardeerd en versorg te voel ten einde die kapasiteit te ontwikkel om vir andere om te gee.

- *Genot* – as 'n morele emosie is dit gewortel in die gevoelens van verrukking wat kinders ervaar soos wat hulle die wêreld rondom hulle

ontdek. Dit gaan gepaard met nuuskierigheid en speelsheid. Dit vind ook aansluiting by kreatiwiteit en die onwilligheid om stereotiperend om te gaan met antwoorde in die morele lewe.

(Osmer 2005:260)

*Morele kennis* fokus op die ontwikkeling van kognitiewe kapasiteite wat belangrik is vir morele redenasie sowel as op die verkryging van morele inhoude. Kognitiewe ontwikkeling is 'n belangrike bousteen vir die morele self maar dit opsigself is geen waarborg dat mense hul opkomende kognitiewe vermoëns op morele wyse sal gebruik nie. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat mense hul vermoëns gebruik om andere te manipuleer ten einde hul eie selfsugtige uitkomste te verkry. Die ontwikkeling van algemene kognitiewe kapasiteite moet geskied in noue verwantskap aan die morele inhoud wat daaraan gewig en rigting gee. Een van die kern boustene van die morele self is die *morele verbeelding*. Daar is ses inhoudryke kognitiewe strukture wat die basiese werking daarvan uitmaak:

- *Prototipes* – ons kategoriseer morele situasies en persone op die basis van prototipes, tipiese gevalle of kategorieë. Kinders sal byvoorbeeld begin om die kategorie van regverdigheid te ontwikkel op die basis van prototipiese situasies waar regverdigheid hom afspeel – koekies word gedeel tydens storietyd, beurte word gemaak om te swaai, die reëls van die spel word gevolg.

- *Verwysingsraamwerke* – hierdie is algemene raamwerke wat gebruik word om die verskillende situasies wat ons teëkom te verstaan. Dit aktiveer spesifieke woordeskat, prototipes en aksie skemas wat geassosieer word met die spesifieke raamwerk. 'n Voorbeeld hiervan is die gebeure wat gevolg het op dit wat op 11 September 2001 in Amerika gebeur het. Persone wat enigsins gelyk het of hulle van Midde-Oosterse afkoms kon wees, is gevange neem en aangehou sonder verhoor. Dit kan beskou word vanuit die verwysingsraamwerk van oorlog, die reg of menseregte. Elke raamwerk van waaruit dit bekyk word sal verskillende morele sake na vore bring.

- *Metafore* – metafore word ontleen aan dinge of gebiede waarmee ons bekend is sodat ons sin kan maak uit dinge of ervaringe waarmee ons minder bekend is. So sal ons byvoorbeeld die "kontrak" metafoor vanuit die besigheidswêreld gebruik om die huwelik te verstaan. Dit sou daartoe kon lei dat hierdie verhouding verstaan word as 'n regverdige ooreenkoms waar elke vennoot sekere dienste gee en sekere dienste ontvang.

- *Narratief* – dit verskaf die mees omvattende struktuur om die temporele dimensie van ons morele persoonlikheid en optrede te verstaan. Narratiewe help ons om die temporele vloei van ons ervaringe saam te voeg tot 'n betekenisvolle patroon, om 'n langtermyn identiteit op te bou en om spesifieke situasies te interpreteer as episodes van morele keuse, konflik of optrede binne 'n storie wat ontvou. Ons kulturele en godsdienstige tradisies verskaf aan ons 'n hele voorraad stories waaruit ons beide ons persoonlike en gemeenskaplike identiteite kan konstrueer.

- *Reëls en beginsels* – Morele reëls is praktiese riglyne wat leiding verskaf in herhalende, alledaagse situasies. Etiese beginsels is inklusiewe, morele ideale wat ons voortdurend herinner aan die gekoesterde waardes van die gemeenskappe en tradisies waaraan ons behoort.

(Osmer 2005:261-262)

*Morele optrede* sluit die volgende drie elemente in: gewoontes, selfbeheersing en bevoegde optrede. Gewoontes en selfbeheersing kan deur enige een toegepas word, selfs deur kriminele. Dit gaan hier dan juis daaroor om gewoontes en selfbeheersing te vorm tot bepaalde morele uitkomste wat 'n positiewe rol in 'n persoon se morele lewe kan speel.

- *Gewoontes* – dit is die vorming van gedragsgewoontes en handelinge wat gekenmerk word deur hul herhalende, geroetineerde eienskappe. Die vorming van gewoontes kan positief of negatief gemotiveer word.

Ten einde sekere gewoontes aan te leer moet kinders dikwels dinge doen wat nie noodwendig vir hulle lekker is nie, soos byvoorbeeld op 'n bepaalde tyd gaan slaap, gesonde kos eet, hulle huiswerk doen. Dan is daar weer ander aktiwiteite wat vir hulle lekker is waardeur hulle ook gewoontes aanleer, soos byvoorbeeld die beoefening van sport, die speel van 'n musiekinstrument. In albei hierdie gevalle sal die herhaling van die aktiwiteite veroorsaak dat hulle sekere gedragsgewoontes sal internaliseer wat hulle later outomaties sal uitvoer. Kinders begin baie vroeg al van die morele waardes wat hulle aangeleer het deur gewoonte handelinge, toepas op hulle eie gedrag en op die van ander.

- *Selfbeheersing* – dit is die vermoë om onmiddellike bevrediging te kan uitstel. Dit is 'n belangrike vermoë binne die morele lewe aangesien dit dikwels nodig is om onmiddellike bevrediging uit te stel ten einde meer blywende resultate op die langtermyn te verseker. Baie geweld, wreedheid en seksuele losbandigheid in vandag se samelewing is die gevolg van 'n gebrek aan selfbeheersing.

- *Bevoegde optrede* – dit is die aanleer van bepaalde vaardighede ten einde effektief te kan optree binne situasies waar 'n gewaardeerde einde noodsaaklik is. Dit is byvoorbeeld een ding om 'n vriend met depressie te wil help maar dit is 'n ander saak om oor die vaardighede te beskik om werklik waardevolle, lewensveranderende hulp te kan bied. Hierdie tipe vaardighede moet aangeleer word in verwantskap met bepaalde rolle, take en kontekste.

(Osmer 2005:262-263)

Morele emosies, kennis en handelinge kan uitmekaar gehaal word ter wille van die analise daarvan maar in die werklike lewe tref ons dit bitter selde los van mekaar aan. Dit is 'n integrale deel van ons morele self en word gevorm deur die gemeenskappe waaraan ons behoort (Osmer 2005:263).

## 5.6 Samevattend

In hierdie hoofstuk is gepoog om die drie kategorieë *"oortuiging"*, *"gedrag"*, en *"behoort/deel uitmaak"*, sowel as waardes, te belig aan die hand van Osmer (2008:78-128) se tweede taak (die interpretatiewe taak) van praktiese teologiese interpretasie. Daar is gepoog om die vraag: "Hoekom is dit aan te gang?" te beantwoord. Teorieë vanuit verskillende wetenskappe (teologie uitgesluit) is gebruik om te probeer verstaan.

In die volgende hoofstuk sal dieselfde drie kategorieë, sowel as waardes weer opgeneem word. Hier sal Osmer se derde taak (die normatiewe taak) van praktiese teologiese interpretasie gebruik word, ten einde te poog om die vraag: "Wat behoort aan te gaan?" te beantwoord.

# HOOFSTUK 6

# DIE NORMATIEWE TAAK

Die derde van Osmer se vier take van praktiese teologiese interpretasie is die normatiewe taak. Die vraag wat hier beantwoord moet word is: "Wat behoort aan te gaan?" Teologiese refleksie is hier nodig. Wat is die teologiese dimensies van wat hier aangaan? Hoe kan ons vanuit 'n teologiese basis in gesprek tree met teorieë vanuit die ander wetenskappe wat moontlike redes bied vir dit wat binne ons gemeenskappe aangaan?

Osmer (2008:130-132) stel drie maniere voor waarop hierdie taak benader kan word:

- Teologiese konsepte word gebruik om episodes, situasies en kontekste te interpreteer
- Etiese norme word gebruik om oor gewoontes, gebruike en gebeure te reflekteer en om rigting daaraan te gee
- Wat is goeie gebruike of gewoontes? Hier behoort ons van die Wysheid van andere gebruik te maak. Tradisie en wat ons daaruit kan leer sal ook hier 'n rol speel

Die normatiewe perspektief het nie ten doel om vir ons uit te spel hoe om sekere doelwitte te bereik nie. Dit is die pragmatiese taak. Die normatiewe taak help ons egter om te bepaal wat ons behoort te poog om te bereik (Osmer 2008:131-132).

## *6.1 'n Kort terugblik*

Oortuiging (*"belief"*), gedrag ("*behaviour*"), behoort/deel uitmaak ("*belong*") en *waardes* is vanuit verskillende vakwetenskappe bekyk. Dit is gedoen met die twee projekte (hoofstuk 3) en die kategumenaat wat in hoofstuk 4 bespreek is, in gedagte.

Hierdie selfde konsepte sal nou bekyk word vanuit 'n teologiese perspektief en waar moontlik en relevant ook vanuit 'n Bybelse perspektief in die hoop om normatiewe riglyne te kan ontdek en daar te stel wat vir geloofsgemeenskappe van waarde mag wees.

## 6.2 Oortuiging ("belief")

"Oortuiging" is nie 'n eenvoudige, eenduidige konsep nie. Ons vertaal die Engelse woord "belief" geredelik met "geloof" terwyl dit beduidend verskillende betekenisse het. Ek kies doelbewustelik om "belief" eerder met oortuiging te vertaal. Wanneer ek die woord "geloof" gebruik sal dit dan eerder dui op die Engelse "faith". Dit is nodig dat ons hier na beide sal kyk.

Audi (2008:87) onderskei tussen drie vorme van "belief": "propositional belief (belief *that*), objectual belief (believing something *to have a property*) and attitudinal (belief *in*)". Hy wys ook daarop dat dit belangrik is om nie soorte oortuigings ("kinds of belief") te verwar met verskillende wyses ("ways of beliefs") waarop oortuigings gehuldig kan word nie, byvoorbeeld aktiewelik, deur dit hier voor my op die papier te bekyk teenoor dit wat iewers in my geheue gestoor is (Audi 2008:89).

Oortuigings het verskeie dimensies. Drie dimensies waarna ons kan kyk as ons oor godsdienstige oortuigings praat is: verskansing, sentraliteit en intensiteit. Verskansing het te make met hoe diep gewortel 'n oortuiging is, hoe moeilik dit sou wees om so 'n oortuiging te elimineer. Perseptuele oortuigings is gewoonlik diep verskans (Audi 2008:89). 'n Eenvoudige verduideliking van hoe hierdie oortuigings so diep verskans kan raak mag moontlik hier van waarde wees. Oortuigings word geskep wanneer 'n gedagte of idee geredelik herhaal word. Dit word dan mettertyd aanvaar as 'n waarheid en word deel van die "sagteware programmering" in ons brein. Ons brein gee glad nie om of dit werklik waar is of nie. As 'n soortgelyke situasie plaasvind sal hierdie bestaande oortuiging na vore tree en dan sal jy op 'n soortgelyke wyse optree as vantevore. Dit is dan waar sentraliteit inkom. In watter mate beïnvloed die oortuiging 'n persoon en sy/haar gedragstendense? Watter ander

oortuigings rus hierop? Watter optrede is dit geneig om teweeg te bring? Mense soek dikwels buite hulself na redes waarom dinge gebeur. Dit is nie altyd duidelik dat ons oortuigings ons optrede of ons reaksies veroorsaak nie. As ons glo dat dit iemand of iets buite onsself is wat ons probleme veroorsaak sal ons ook buite onsself soek na iets of iemand om dit op te los. Intensiteit is die gevoel van oortuiging wat die oortuiging vergesel. Dit kan baie nou verband hou met verskansing maar kan ook los van dit funksioneer. Dit het te make met die krag van die oortuiging (Audi 2008:89).

As ons kyk na proposisionele oortuigings en ingesteldheid ("attitudinal") oortuigings dan dui beide op 'n bepaalde soort geloof. "Belief in" byvoorbeeld feetjies kan bloot daarop dui dat daar geglo word dat daar sulke wesens bestaan. Meer algemeen is egter dat "belief in" dui op 'n positiewe ingesteldheid en nie slegs 'n eksistensiële oortuiging nie (Audi 2008:90). Hierdie selfde beginsels sal deurgetrek kon word na "geloof in God". Dit kan bloot 'n uitdrukking wees dat iemand die proposisie aanvaar, byvoorbeeld glo dat God 'n plan vir die mensdom het. So 'n persoon sou dit kon glo maar jammer wees daaroor en dit nie noodwendig beskou as iets wat positief is nie. Daarteenoor kan 'n oortuiging gepaard gaan met 'n positiewe ingesteldheid teenoor die inhoud van die proposisie, byvoorbeeld dat God 'n plan vir die hoogste goed van die mensdom het (Audi 2008:90).

Karen Armstrong (2010:84) verwys ons terug na die rabbi's en hoe hulle geloof benader het. Die skrif was nie 'n geslote boek en openbaring 'n veraf historiese gebeurtenis nie. "The rabbis called scripture *miqra*: it was a 'summons to action'. No exegesis was complete until the interpreter had found a practical new ruling that would answer the immediate needs of his community. This dynamic vision could set the world aflame." (Armstrong 2010:84). Hier was dus geensins sprake van 'n krampagtige vasklou aan 'n vaste, onveranderlike, selfverduidelikende waarheid nie. *Midrash* het van die rabbi's verwag om die skrifte voortdurend te ondersoek en te soek na nuwe insigte. Christelike leerstellings sou dan ook gesien kon word as 'n *miqra* wat net sin kan maak as dit vertaal word in 'n ritueel, of 'n meditatiewe of etiese program (Armstrong 2010:84, 88).

Die woord "geloof" ("faith") soos ons dit in die Nuwe Testament aantref, kom van die Griekse woord **πίστις** en wissel in betekenis van 'n subjektiewe vertroue tot 'n

objektiewe basis vir vertroue. Dit kon ook dui op lojaliteit, betrokkenheid en verbintenis ("commitment") (Arndt, Danker & Bauer 2000). Dit wil dus lyk asof geloof soos ons dit in die Nuwe Testament aantref te make gehad het met 'n verbintenis tot die missie van Jesus, 'n betrokkenheid en toewyding daartoe om hulle wat honger was te voed, om te gee aan die armes, om nie terug gehou te word deur familiebande nie, om trots prys te gee, om selfbelang en die reg op dinge neer te lê, om te leef soos die voëls in die lug en die lelies van die veld en om op God te vertrou as hulle vader. Die goeie nuus van die Koninkryk moes aan almal versprei word, selfs aan prostitute en belastinggaarders (Armstrong 2010:90).

Geloof (**πίστις**) was dus nie hoofsaaklik iets wat iemand gedink het nie, die fokus was nie op leerstellings nie. Dit het veel eerder gegaan oor verbintenis, doen en die praktiese uitleef daarvan. Die waarheid van dit wat geleer is, is bekom deur praktiese handelinge. Dit is tog vandag steeds so. Ons sal nie in staat wees om 'n motor te bestuur deur net die handleiding te lees nie. Ons sal nie kan leer kook, dans, verf, hardloop, swem, sokker of rugby speel deur net daaroor te lees nie. Ons moet dit fisies dóén. Ons kan dit al beter doen hoe meer ons dit oefen en beoefen. Dit sal egter nie vanself kom nie. Net so is godsdiens 'n praktiese dissipline wat ons leer om nuwe kapasiteite van hart en denke te ontdek. Soos enige ander vaardigheid vra dit van ons volharding, harde werk, dissipline en deursettingsvermoë. Dit is net so moeilik om te verduidelik hoe die rituele en praktyke wat hiermee verband hou werk, as wat dit byvoorbeeld vir  'n ysskaatser is om te verstaan presies hoe die fisiese wette werk wat hom/haar in staat stel om so vinnig oor die ys te beweeg op 'n dun ysterlem (Armstrong 2010:4-5, 101).

As ons dan kyk na die vroeë Christene sien ons dat die Skrif nie net 'n teks was nie maar 'n "aktiwiteit". Jy het dit nie maar net gelees nie, jy moes dit *doen*. Dit is gewoonlik binne 'n liturgiese omgewing gelees. Soos ons uit Paulus se briewe kan aflei het die vroeë Christene hul eie rituele ontwikkel. Die doop en die nagmaal was geheimenisse. Nie omdat dit nie verstaan kon word nie maar omdat dit inisiasies was waardeur die geloofsgemeenskap geleer is om verby die simboliese te kyk en die heilige kern raak te sien. Juis dit het gelei tot 'n verandering in denke (Armstrong 2010:99).

Ek verwys graag terug na die kategumenaatsproses wat in hoofstuk 4 bespreek is. Ons het gesien dat die katkisante deur 'n intensiewe voorbereidingsproses geneem is (cf. Fahlbusch & Bromiley 1999-2003:186). Daar is nie vooraf van hulle verwag om enige iets te glo nie. Hulle sou onderrig ontvang het in die dieper waarhede van die Christelike geloof ná die inisiasie van die doop aangesien dit eers vir hulle sou sin maak na die transformerende ervaring van die ritueel. Teorie is sekondêr aan die rites en geestelike oefeninge waaruit dit ontstaan het (cf. Folkemer 1946:286). Christelike leerstelling is slegs oorgedra binne 'n geritualiseerde omgewing aan mense wat behoorlik voorberei was en wat gretig was om daardeur verander te word. Soos die insigte van enige inisiasie, sou die leerstellings wat aan die einde van die geritualiseerde proses geopenbaar is, onbeduidend of selfs absurd voorkom vir enige buitestaander. Dit was slegs nádat hulle deur die transformerende proses is dat daar van nuwe Christene gevra is om die Geloofsbelydenis op te sê (cf. Yarnold 1994:13). Dit was nie 'n uitdrukking van oortuiging ("belief") nie maar van verbintenis ("commitment") aan God wat 'n realiteit in hul lewens geword het as gevolg van hierdie deurgangsrite (Armstrong 2010:99-100). Geloof ("faith") was dus 'n saak van praktiese insig en aktiewe verbintenis eerder as abstrakte oortuiging ("belief") of 'n teologiese veronderstelling. Hulle het ortopraksie (van die Griekse **όρθοπραaξία**), dit is korrekte optrede, bevorder eerder as ortodoksie (van die Griekse **όρθοδοχεια**), korrekte leer. Dit het mettertyd verander en ortodoksie het belangriker geword as ortopraksie. Ek is tog van mening dat ortopraksie toenemend belangriker raak in ons hedendaagse samelewing. Albei is egter nodig en 'n goeie balans behoort te geld.

Beide ortopraksie sowel as ortodoksie het 'n invloed op ons gedrag, soos ons in die volgende punt sal sien.

## *6.3 Gedrag*

Driskell en Lyon (2011:386-404) het 'n baie interessante studie gedoen oor die invloed wat godsdienstige oortuigings ("beliefs") het op sekulêre en geestelike gedrag. Van hulle bevindinge was onder andere dat godsdienstige oortuigings 'n beter voorspeller van gedrag is as is godsdienstige deelname (insluitende kerk bywoning en godsdienstige tradisie). Selfs binne dieselfde denominasie het

godsdienstige oortuigings ‘n verskil gemaak. ‘n Studie onder Presbiteriane in Amerika het byvoorbeeld gevind dat diegene wat hulself as meer konserwatief beskou, hul finansiële bydrae aan die kerk of ander godsdienstige organisasies gee terwyl diegene wat hulself as meer liberaal beskou eerder geneig is om hul bydrae te gee aan sekulêre liefdadigheidsorganisasies (Driskell & Lyon 2011:387-388).

Ander bevindinge ten opsigte van spesifieke oortuigings is onder andere dat waar daar ‘n sterk oortuiging is dat God wel bestaan en dat Hy ‘n betrokke God is, is daar ‘n afname in burgerlike betrokkenheid en politieke deelname. God is in beheer en daarom is dit nie nodig dat gelowiges betrokke hoef te wees by burgerlike en politieke aangeleenthede nie. Dieselfde gebeur waar die Bybel letterlik verstaan word. Dit het moontlik ook te make met die oortuiging wat hier gehuldig word dat God letterlik alle wêreld gebeure beheer. Die teendeel is dan ook bevind dat waar die oortuiging gehuldig word dat God onaktief is of waar daar twyfel is oor God se bestaan, individue meer geneig is om betrokke te wees by burgerlike aktiwiteite en politieke deelname. Mense wat oortuig is van sosiale geregtigheid, wonderbaarlike fisiese genesings en dat gebed wêreld gebeure kan beïnvloed is geneig om meer betrokke te wees by burgerlike sake en politieke deelname. Sterk godsdienstige oortuigings beteken dus nie noodwendig passiwiteit ten opsigte van burgerlike en politieke aangeleenthede nie (Driskell & Lyon 2011:397). Hulle konklusie is dat alhoewel oortuigings ‘n komplekse saak is, dit ons tog kan help om ‘n verskeidenheid sosiale gedrag te verduidelik. Godsdienstige oortuigings kan moontlik van groter waarde wees om variasies in die gedrag van gelowiges te verklaar as noue liturgiese of hermeneutiese kerklike verskille (Driskell & Lyon 2011:400).

Gedrag het waarskynlik meer te make met ortopraksie en oortuiging as met ortodoksie. Tog is ortodoksie nie totaal uitgesluit nie. In die lig hiervan wil ek graag iets aanhaal wat Wilken (2003:xviii) gesê het:

> The distinctive marks of early Christian thinking can be set down in a few sentences. Christians reasoned from the history of Israel and of Christ Jesus, from the experience of Christian worship, and from the Holy Scriptures (and earlier interpretations of the Scriptures), that is to say, from history, from ritual, and from text. Christian thinking is anchored in the church’s life, sustained by such

> devotional practices as the daily recitation of the psalms, and nurtured by the liturgy, in particular, the regular celebration of the Eucharist. Theory was not an end in itself, and concepts and abstractions were always put at the service of a deeper immersion in the *res*, the thing itself, the mystery of Christ and of the practice of the Christian life. The goal was not only understanding but love ... I have tried to show the indispensability of love to Christian thinking.
>
> (Wilken 2003:xvii-xviii)

Lewe (*"gedrag"*) en denke was dus nou verweef. Smith (2009:18-19) stel voor dat ons anders moet kyk na onderrig, juis omdat ons as mens nie net 'n verstandelike wese is nie. Ons is geneig om onderrig te sien as iets wat met ons verstand moet gebeur. Onderrig behoort nie net te make te hê met die absorbering van idees en inligting nie maar moet ook te make hê met die vorming van ons harte en begeertes, dus ons gedrag. 'n Aanspreek van ons kop én ons hart. Ons liggame sal net so belangrik word in die hele proses as wat ons verstand is. Op hierdie wyse sal nie net ons intellek versadig word nie maar ons verbeelding sal ook getransformeer word. Nou gaan dit nie maar net meer oor wat ons weet nie maar ook oor wat ons liefhet. Die fokus is nie meer maar net informeer nie maar ook transformeer. As ons dan na onderrig vanuit 'n Christelike perspektief kyk en ons fokus op transformasie eerder as bloot net informasie is, sal liturgiese kategese 'n belangrike rol vervul. Dit is ook belangrik om ons sin vir die "ruimte" waarbinne onderrig behoort te geskied te verruim. Onderrig kán dan nie maar net tussen die vier mure van 'n klaskamer bly nie. Dan gebeur dit in huise, by die inkopiesentrum, op die rugbyveld, in die sokker stadium, tydens aanbidding en by die werk (Smith 2009:18-19).

As ons kyk na die gedrag binne ons Suid-Afrikaanse samelewing waarvan sensus statistieke[21] sê dat 79%[22] van die Suid-Afrikaanse bevolking Christene is, blyk dit nodig te wees om onderrig op 'n ander wyse te benader. Artikels in ons media met opskrifte soos "**SA - a very sick society in massive denial**" [23] is regtig kommerwekkend.

[21] http://www.southafrica.info/about/people/population.htm (Besoek op 4/7/2012)
[22] http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Fewer-religious-people-in-SA-survey-20120810 (besoek op 12/8/12). Volgens hierdie berig van "News24" is die persentasie Christene nou 64%. Dit is egter nog nie deur SA Statistiekdienste bevestig nie.
[23] http://www.news24.com/MyNews24/SA-a-very-sick-society-in-massive-denial-20120704 (Besoek op 4/7/2012)

Bied die kerk dan werklik iets formatief? Smith (2009:24-25) opper ‘n baie geldige punt. Hy kyk na kulturele praktyke as kwasi-liturgieë wat formatiewe pedagogieë van begeerte is en wat poog om ons te vorm tot ‘n sekere tipe persoon. Die pedagogie van byvoorbeeld die inkopiesentrum probeer nie om ons verstand aan te raak nie, dit mik vir ons hart. Dit is ‘n pedagogie van begeerte wat ons bereik deur ons liggaam. Is teen-vorming dan moontlik? Hoe lyk die kerk se teenmaatreëls? Het die kerk nie maar net onwetend dieselfde liturgiese praktyke as die mark en die inkopiesentrum aangeneem nie? Kan ons dan regtig praat van teen-vorming? Hoe sal die kerk se praktyke moet lyk as ons mense wil vorm wat iets anders begeer? Mense wat die koninkryk begeer? Hoe sou so ‘n alternatiewe pedagogie van begeerte lyk?

Dit is belangrik dat ons sal besef dat die Christendom nie net (of selfs primêr) ‘n stel kognitiewe oortuigings (“beliefs”) is nie. Dit is ook nie fundamenteel ‘n wêreldbeskouing nie. Dit is ook nie ‘n moralisme nie. Dit is eerder ‘n ontmoeting, ‘n gebeure. Wat Christene dink en glo (ortodoksie) groei uit wat Christene doen (ortopraksie). *Lex orandi, lex credendi*: wat die kerk bid is wat die kerk glo. Ons bid vóór ons glo, ons aanbid vóór ons ken, ons aanbid sodat ons kan ken. Die doelwit van Christelike onderrig is dus nie bloot maar net om ‘n Christelike perspektief of wêreldbeskouing te bekom nie. Dit behoort dieselfde as die doelwit van Christelike aanbidding te wees: om radikale navolgers wat Jesus te vorm, mense wat werklik anders lyk en doen as die res van die samelewing. Dit gaan nie maar net oor doen presies wat almal anders doen “plus Jesus” nie. Christene moet bemagtig word om in staat te wees om kreatiewe moontlikhede vir die wêreld te bedink, om die skepping se kulturele moontlikhede te ontvou in ooreenstemming met die “alreeds” maar “nog nie” van die Koninkryk (Smith 2009:220-221, 34).

Om sulke gedragsveranderende onderrig moontlik te maak kan liturgiese kategese ‘n groot bydrae lewer. Voorstelle oor hoe dit gedoen kan word sal in die volgende hoofstuk gemaak word. Smith (2009:224) wys op die belangrikheid van liturgiese praktyke in Christelike onderrig. Daar moet ‘n fyn balans wees tussen oortuigings (“belief system”) en emosionele ervaring. Dit is tydens liturgiese praktyke waar die verbeelding gevorm word. “If Christian education is formation, and such formation happens in the full-bodied practices of worship, then worship is the sine qua non of

Christian education. Worship, in other words, is the crucial incubator for hatching Christian accounts of the world" (Smith 2009:224).

David Kinnaman het twee boeke geskryf waarvan ons behoort kennis te neem as ons na gedrag kyk vanuit 'n teologiese perspektief. Die eerste een is *Unchristian* en handel oor wat 'n nuwe generasie (jongmense wat buite die kerk staan) dink van Christene. Hy het vir drie jaar 'n studie gedoen deur middel van uitgebreide onderhoude en navorsing (Kinnaman 2007:location 47). As ons jongmense wil onderrig en Christus met hulle wil deel móét ons kennis neem van hierdie sienings. Dit is ons jongmense in die kerk se generasie, hulle vriende, hulle medeskoliere en medestudente wat hierdie menings huldig. Dit is die menings en ervarings waarmee hulle daagliks te doen kry. Die negatiwiteit raak hulle dus direk. Mens sou kon vra of dit belangrik is wat mense buite die kerk van ons as Christene dink? As ons sê dat ons omgee vir buitestaanders en randfigure, soos Jesus gedoen het, kan ons nie anders as om aandag te gee hieraan nie. Veral as die grootste deel van die negatiewe kritiek en ervaring van hulle buite die kerk juis te make het met ons gedrag. Kinnaman skryf:

> At first I took on the project because I felt we would learn how Christians could connect more effectively with people outside the faith. If we understood outsider's objections I reasoned, perhaps we could better connect with them. But what we found was their perceptions are more than superficial image problems. Often outsiders' perceptions of Christianity reflect a church infatuated with itself. We discovered that many Christians have lost their heart for those outside the faith. The negative perceptions are not just "images" conjured up to debase Christianity. Yes, the issues are complex. No, it is not always "our" fault. However if we do not deal with our part of the problem, we will fail to connect with a new generation. We are not responsible for outsiders' decisions, but we are accountable when our actions and attitudes – misrepresenting a holy, just, and loving God – have pushed outsiders away. Often Christianity's negative image reflects real problems, issues that Christians need to own and be accountable to change. My purpose in writing this book is to pry open the hearts and minds of Christians, to prepare us to deal with a future where people will be increasingly hostile and sceptical toward us. A new generation is waiting for us to respond
>
> (Kinnaman 2007:location 79-86)

Die onderhoude is gevoer met jongmense tussen sestien en nege en twintig jaar oud. Hierdie buitestaanders se mees algemene reaksie tot die geloof is dat hulle dink dat Christene nie meer verteenwoordig wat Jesus in gedagte gehad het nie en dat Christendom in ons samelewing nie meer is wat dit bedoel was om te wees nie. Hulle vind dit moeilik om vir Jesus raak te sien tussen al die "bagasie" wat Hom omring (Kinnaman 2007:location 93-98).

Kinnaman (2007:location 105) wys daarop dat as ons nie-Christene wil betrek en Jesus met hulle wil deel, moet ons hulle verstaan en benader op grond van wat hulle werklik dink en nie op grond van ons aannames oor hulle nie. Ons kan nie hulle vyandigheid oorkom deur dit te ignoreer nie. Dit is juis ons verstaan van buitestaanders se skeptisisme wat ons kapasiteit om mense lief te hê kan vermeerder. Ons kán egte hoop en egte deernis en omgee bied as ons hóór wat hulle sê. 1 Kor. 8:1 "Ons weet dat ons almal kennis het. Kennis maak verwaand, maar liefde bou op."[24]

Die statistieke is ook nogal iets om van kennis te neem. Hierdie studie is wel in Amerika gedoen maar wat daar gebeur het 'n manier om ook mettertyd by ons te gebeur. In die ouderdomsgroep 16-29 is 40% buitestaanders en in die ouderdomsgroep 18-41 37% (Kinnaman 2007:location 137).

Buitestaanders is meer bekend met waartéén Christene is as waarvóór hulle is. Die algemene persepsie is as volg: "Most people I meet assume that *Christian* means very conservative, entrenched in their thinking, antigay, antichoice, angry, violent, illogical, empire builders; they want to convert everyone, and they generally cannot live peacefully with anyone who doesn't believe what they believe." (Kinnaman 2007:location 229). Dit is werklik hartseer as dit die negatiewe beeld is wat ons uitstraal. Van die mees algemene persepsies was die volgende: 91% buitestaanders sien Christene as anti-homoseksueel, 87% as veroordelend en 85% as skynheilig (sê een ding maar doen 'n ander) (Kinnaman 2007:location 237). Daar is darem tog ook positiewe persepsies: 82% sê dat die Christendom dieselfde basiese idee as ander

---

[24] Die Bybel Nuwe Lewende Vertaling. 1998. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

godsdienste leer, 76% sê dat die Christendom goeie waardes en beginsels het en 71% sê dat Christene vriendelik is (Kinnaman 2007:location 248).

Kinnaman maak bepaalde voorstelle hoe ons die mees algemene negatiewe persepsies kan vervang, kan "doodleef" met positiewe persepsies:

| PERSEPSIE | NUWE PERSEPSIE |
|---|---|
| Christene sê een ding en leef op heel 'n ander manier | Christene is deursigtig oor hulle tekortkominge en tree eers op, dan praat hulle |
| Christene is oneg en stel slegs daarin belang om mense te bekeer | Christene kweek verhoudinge en omgewings waarin andere op 'n dieper wyse getransformeer kan word deur God |
| Christene toon minagting vir homoseksuele en lesbiërs | Christene betoon deernis en liefde aan alle mense, ongeag hul leefstyl |
| Christene is vervelig, onintelligent, outyds en uit voeling met realiteit | Christene is betrokke, ingelig en bied gesofistikeerde antwoorde op die kwessies wat mense in die gesig staar |
| Christene word grotendeels gemotiveer deur 'n politieke agenda en bevorder regse politiek | Christene word gekenmerk deur respek vir mense, Bybelse denke, en die vind van oplossings vir komplekse sake |
| Christene is trots en vinnig om fout te vind met andere | Christene betoon genade deur die goeie in andere raak te sien en ook hulle potensiaal raak te sien om navolgers van Christus te wees |

(Kinnaman 2007:location 406, 707-708, 983-984, 1308-1309, 1660-1661, 1971)

Die tweede boek wat Kinnaman geskryf het is *You lost me*. Hierdie boek handel oor jongmense wat deel van die kerk was maar wat onaktief geraak het of heeltemal opgehou het om kerk toe te gaan. Die studie wat gedoen is verteenwoordig agt miljoen jongmense. Hiervan is daar 43% jongmense wat "uitval" in terme van kerklike betrokkenheid. Hierdie jongmense (tussen 18 en 29) is dus nie buitestaanders nie

maar "binnestaanders", jongmense wat in hul kinder- en tienerjare aktief betrokke was in die kerk. Die statistieke is skrikwekkend:

- 59% jongmense met 'n Christelike agtergrond sê dat hulle opgehou het om kerk toe te gaan
- 57% sê dat hulle minder aktief is in die kerk as toe hulle 15 jaar oud was
- 50% is gefrustreerd met geloof
- 38% sê dat hulle deur 'n tydperk gegaan het waar hulle hul geloof betwyfel het
- 32% sê dat hulle 'n periode beleef het waar hulle hul ouers se geloof wou verwerp het
- 22% ervaar dat ouer mense belangriker is in die kerk as jonger mense

(Kinnaman 2011:location 266-272, 284-301)

Hierdie studie is weereens in Amerika gedoen en ons sou maklik kon sê dat dit ons nie raak nie. As ons egter luister na wat van hierdie jongmense sê, klink dit nie só onbekend nie. As ons kan luister en proaktief iets hieraan doen, hoef ons nie oor 'n paar jaar met dieselfde skrikwekkende statistieke te sit nie. Kinnaman (2011:location 230-237) noem drie realiteite wat in gedagte gehou moet word. Dit kan ons ook baie help op ons reis na beter en nuwer liturgiese kategese:

- Tieners is van die mees godsdienstig aktiewe Christene wat mens in die kerk kry. Baie van hulle groei egter nie tot getroue jong volwasse dissipels/navolgers van Christus nie.

- Daar is verskillende tipes uitsakkers sowel as getroue jong volwassenes wat nooit uitsak nie. Ons moet nou oppas om nie te veralgemeen en 'n hele generasie as "uitsakkers" te benoem nie.

- Die uitsak probleem is in wese 'n geloof-ontwikkeling probleem, 'n dissipel-maak probleem. Die kerk berei nie die volgende generasie genoegsaam om Christus getrou te volg in 'n vinnig veranderende kultuur nie.

Wat sê van die jongmense self, want dit is tog hulle na wie ons moet luister:

> I wonder what percentage ... feel like I do, that we did not leave the Church, but rather, the Church left us.
>
> I hung in for a long while, thinking that fighting from within was the way to go, but I ultimately realized that it was damaging my relationship with God and my relationship with myself and I felt no choice but to leave.
>
> (Kinnaman 2011:location 95)

Baie van die jongmense voel dat die kerk nie 'n veilige en vriendelike plek is om hul twyfels uit te spreek nie. Hulle ervaar dat wanneer hulle wel netelige, eerlike vrae vra, hulle gladde of half-gebakte antwoorde kry. Die grense tussen reg en verkeerd, waarheid en dwaling, Christelike invloed en kulturele akkommodasie raak toenemend vaer. Om "in hierdie wêreld te wees maar nie van hierdie wêreld nie"[25] raak 'n al groter uitdaging. Die opkomende generasie moet geleer en gehelp word om getrou te kan leef binne hierdie nuwe konteks (Kinnaman 2011:location 115-127). Ons het te make met 'n nuwe generasie Christene wat eerder wil doen (ortopraksie) as net luister na leerstellings (ortodoksie). Hulle wil hul geloof in werking stel en nie maar net luister of praat nie. Dit bied vir ons as kerk wonderlike nuwe geleenthede. As ons net bereid is om na mekaar te luister.

'n Kritiese punt wat Kinnaman (2011:location 145-152) maak is:

[25] Johannes 17

> The Christian community must rethink our efforts to make disciples. Many of the assumptions on which we have built our work with young people are rooted in modern, mechanistic, and mass production paradigms. Some (though not all) ministries have taken cues from the assembly line, doing everything possible to streamline the manufacture of shiny new Jesus-followers, fresh from the factory floor. But disciples cannot be mass-produced. Disciples are handmade, one relationship at a time. We need new architects to design interconnected approaches to faith transference. We need new ecosystems of spiritual and vocational apprenticeship that can support deeper relationships and more vibrant faith formation. We need to recognize the generational shifts from left-brain skills like logic, analysis, and structure to the right-brain aptitudes of creativity, synthesis, and empathy. We need to renew our catechisms and confirmations – not because we need new theology, but because their current forms too rarely produce young people of deep, abiding faith. We need to rethink our assumptions and we need the creativity, honesty, and vitality of the next generation to help us.

Ek dink 'n belangrike les wat ons kan leer oor ons gedrag, dit wat ons doen as Christene, as geloofsgemeenskap, ons ortopraksie, is dat ons nie met mekaar hoef saam te stem oor alles nie. Binne 'n geloofsgemeenskap is ons verskillende geslagte, verskillende spiritualiteitstipes, verskillende persoonlikheidstipes en kán ons nie almal presies dieselfde voel, dink en doen nie. Ons moet egter nie bedreig voel daardeur nie maar dit omarm. Ons kan steeds 'n Christus gesentreerde gemeenskap wees en by mekaar leer.

## *6.4 Behoort / Deel uitmaak*

Ons individualistiese kultuur bemoeilik ware gemeenskap. Tog wil dit lyk asof mense (al besef hulle dit moontlik nie eers altyd nie) 'n behoefte het aan saamwees, om te behoort aan. Ons lewe as individue. Tog is dit nie hoe dit bedoel is, hoe ons inherent geskape is nie. Die mens wil binne groepsverband deel hê aan 'n missie buite hulself. Die mens hunker na avontuur (Hirsch 2009:34).

Hoe lyk ons saamwees as 'n geloofsgemeenskap? Maak dit mense binne ons gemeenskappe wat nie deel hiervan is nie, so opgewonde dat hulle na ons toe kom, dat hulle kom vra om deel hiervan te mag wees sodat hulle kan deel in hierdie gevoel van saamwees, van behoort aan wat hulle by ons waarneem? Ongelukkig is dit nie

aan die orde van die dag binne ons hedendaagse geloofsgemeenskappe nie. Tog was iets hiervan waar by die vroeë kerk. Iets van hulle gemeenskaplikheid moes mense na hulle toe aangetrek het. Dit te midde van erge vervolging in die vroeë jare van die Christendom! Hulle moes iets verstaan het van hierdie omgee vir mekaar, wat mense na hulle aangetrek het. 'n Mens wil nie die vroeë kerk oor-idealiseer nie want hulle het ook hul probleme en uitdagings gehad. Hulle moes egter iets reg gedoen het want mense wou deel wees van hierdie beweging ten spyte van vervolging.

Liturgie en lewe kan nie van mekaar geskei word nie. Daar behoort nie 'n onderskeid te wees tussen die heilige (gewyde) en die sekulêre nie. Aanbidding gebeur op alle terreine van die lewe, nie net vir 'n paar ure per week binne 'n kerkgebou nie. Ons hele lewe behoort aan God en ware aanbidding beteken dat ons elke aspek van ons lewe aan Hom wy (Hirsch 2009:47-52). As ons dit kan verstaan sal ons besef dat ons God net so aanbid op die rugbyveld, binne die sportstadion, by die werk as binne die erediens. Ons bring wie ons is, ons hele menswees en kultuur saam met ons waar ons ook al aanbid, dit is deel van ons menswees. Wat ons in ons alledaagse lewe doen, hoe ons ons geloof dáár uitleef, is wat mense raaksien. So was dit ook by die vroeë kerk. Tertullianus meld in sy *Apologie* (Tertullian 1931:84) in hoofstuk 39 die kommentaar van die gemeenskap op die vroeë Christene se lewenswyse en hul omgee vir mekaar. Hulle het gesê: "Kyk hoe lief het hulle mekaar!" Viola & Barna (2008:254) sluit hierby aan as hulle ons wys op die Nuwe Testament se prentjie van aanbidding. Aangesien aanbidding vir God belangrik is, moet dit 'n leefstyl wees en nie 'n gebeurtenis nie (Romeine 12:1). Viola & Barna (2008:254) wys ook daarop dat aanbidding in die Ou Testament en reg deur die Nuwe Testamentiese era 'n korporatiewe, 'n gemeenskaplike aangeleentheid was. In die Israeliete se geval was dit juis die feit dat hulle Jahwe saam aanbid het, wat hulle saamgebind het en hulle beskerm het daarvan om geabsorbeer te word deur die Kanaänitiese kultuur wat hulle omring het. Hulle aanbidding as 'n gemeenskap het hul self-identiteit bepaal.

Die rabbi's het iets hiervan verstaan. Hulle het gevind dat as twee of meer van hulle die Torah saam bestudeer hulle bewus kon word van die Shekinah in hulle midde. Studie van die Torah het dus nie in stilte en isolasie geskied soos in die hedendaagse biblioteek nie. Studieplekke was 'n plek van gemeenskaplike

bymekaarkom en dit het behoorlik gegons. Sáám het hulle Sy teenwoordigheid ervaar (Armstrong 2010:84, 94).

Die profete het hul male sonder tal uitgespreek daaroor dat aanbidding ‘n bespotting is en niks beteken het as daar nie vir medegelowiges omgegee word nie. Sosiale geregtigheid binne hul gemeenskappe was van die uiterste belang. Aanbidding was net ‘n verlengstuk van hul lewe as gemeenskap, in die teenwoordigheid van Jahwe. Ware aanbidding was slegs moontlik waar werklik onderlinge gemeenskap bestaan het (Cooke 1966:339-342).

Aanbidding was nie die domein van die individu nie. Vandag word mense aangemoedig om Jesus aan te neem as hul *persoonlike Verlosser*, wat ‘n hoogs individualistiese Christelike godsdiens versterk. Die Nuwe Testament ken nie iets soos ‘n “net-ek-en-Jesus” nie. Die Christelike geloof is uitgeleef as ‘n liggaam van gelowiges wat Christus gesamentlik geken het as Heer en Verlosser (Viola & Barna 2008:191). Jesus het ‘n *gemeenskap* van twaalf manne en ‘n klompie vroue bemagtig en geleer hoe om vir God te leef. Hierdie gemeenskap het uitgebrei tot gemeenskappe reg oor die Romeinse wêreld (Viola & Barna 2008:256). Gemeenskappe was dus aan die hart van die Christelike geloof. Burger (2009:19) sê ook iets hieroor as hy daarop wys dat van die eerste boek van die Bybel tot die laaste daar vir ons gesê word dat ons nie ons verhouding met God kan losmaak van ons verhouding met ander nie. Die Bybel handel nie oor individue wat op hul eie kan leef nie. “Jesus never wrote a book; He formed a community” (Newbigin soos aangehaal deur Burger 2009:19).

In sy boek *Jesus Today – A Spirituality of Radical Freedom* meen Albert Nolan[26] dat Westerlinge aan ’n sterk individualisme ly. Dit bemoeilik egte gemeenskap, maar versterk ook die behoefte om te kan behoort. Selfs ons daaglikse aanbidding vind in isolasie plaas. Dit was nie altyd so nie. Smith (2009:211) herinner ons daaraan dat in die monastiese tradisies en in voormoderne konfigurasies van die samelewing daaglikse aanbidding plaasgevind het as gemeenskaplike en sakramentele vierings. Aanbidding was holisties en het die verbeelding geaktiveer deur liggaamlike

[26] Artikel in Beeld van 10/6/2011 – geen outeur nie. Titel van artikel: “Ons almal is van een Gees.” Beskikbaar by: http://www.beeld.com/Opinie/HoofArtikels/Ons-almal-is-van-een-Gees-20110610

deelname. Gesamentlike aanbidding hóéf nie net op ‘n Sondag te gebeur nie. Dietrich Bonhoeffer (Smith 2009:211) het dit beskryf as “life together”. Sulke gemeenskaplike praktyke, liturgieë van die lewe, kan op soveel verskillende plekke in ons alledaagse lewe gebeur: rondom die etenstafel, by die huis, in ander eetplekke, op die sportveld, by die werksplek, in die koshuis, waar ons uitreik binne ons gemeenskappe, die moontlikhede is legio.

In ons saamleef speel ons waardes ‘n belangrike rol. Ons sal vervolgens hieraan aandag gee.

## *6.5 Waardes*

Een van die grootste besware wat gewoonlik teen Christene geopper word is dat ons een ding sê en ‘n ander ding leef. Dit bring ons weereens by wat in die vorige hoofstuk ook gesê is: Etiek sonder etos is leeg en waardeloos. Jakobus 2 leer ons dat ons geloof deur ons dade bevestig moet word. Osmer (2005:65) wys ons op die uitdagings wat jongmense vandag in die gesig staar. Die globale media, meer reis moontlikhede, die migrasie na stede binne landsgrense en oor landsgrense heen, bemoeilik alles die vorming van ‘n gemeenskaplike identiteit te midde van soveel verskillende kulturele “ander”. Jongmense is deeglik bewus daarvan dat hul eie kulturele gemeenskappe se waardes en oortuigings slegs een opsie is te midde van al die keuse wat ons multikulturele wêreld bied.

Osmer (2005:115) het tydens onderhoude met volwasse lidmate gevra dat hulle vir hom moet beskryf wat sommige van die kwaliteite is, wat hulle as hulle ideaal van die Christelike morele lewe beskou. Van die belangrikste en mees algemene kwaliteite wat uitgelig word, is: ‘n verbintenis tot sosiale geregtigheid, leierskap ten opsigte van menseregte, verdraagsaamheid teenoor mense wat “anders” is, moed ten tye van opposisie en verskeie persoonlike deugde soos regverdigheid, eerlikheid, bedagsaamheid, blydskap en ‘n bereidwilligheid om te vergewe.

Binne gemeenskappe en dan ook binne geloofsgemeenskappe word ons waardes en beginsels gevorm. Ricoeur (Osmer 2005:263) het gesê dat morele gemeenskappe

bereid moet wees om hulle praktyke en norme te toets aan universele etiese beginsels. Word die morele waardes van andere gelyk gestel aan hul eie? Wanneer die belange van hul gemeenskap in konflik is met die belange van andere, is hulle verbind tot prosedures wat regverdig en oop is vir alle betrokke partye? Kan hulle simpatiek wees teenoor die perspektiewe van mense en groepe wat kultureel, godsdienstig of op grond van ras van hulle verskil? In situasies van morele konflik is dit so maklik om die belange van ons eie families of plaaslike gemeenskappe bo dié van hulle buite hierdie groepe te plaas. Vandaar die belangrikheid om ons morele etos te toets teenoor universele beginsels sodat ons morele besorgdheid gerig is op die hele menslike gemeenskap en nie nét op morele antwoorde en handelinge wat tot voordeel van onsself is nie (Osmer 2005:264).

Die Christelike gemeenskap is een van die min plekke op aarde waar die volle verteenwoordiging van menslike lewe, van die wieg tot die graf, bymekaarkom met een gemeenskaplike motief en missie. Die kerk is (of behoort te wees) ‘n plek waar daar versoening is van ras, geslag, sosio-ekonomiese en kulturele verskille. Jesus het gesê dat aan ons liefde vir mekaar sal almal weet dat ons sy dissipels is[27]. Dit is ook ‘n gemeenskap waar verskillende ouderdomsgroepe mekaar werklik liefhet en in eenheid en met respek saam werk (Kinnaman 2011:location 3401-3411).

Conradie (2009:121) wys op die belangrikheid van die herwaardering van die rol van deugde binne die Christelike etiek. Dit kan ons moontlik help as ‘n kritiek teen die verbruikerskultuur. Hier speel morele opvoeding, gemeenskappe en praktyke ‘n belangrike rol. Die verbruikerskultuur bring die slegste in mense na vore: besitlikheid, genotsug, gierigheid, hebsug, jaloesie en selfgesentreerdheid. Verder ondermyn die verbruikerskultuur al vier die sogenaamde kardinale deugde: wysheid, regverdigheid, moed en matigheid. Dit hou ses van die sewe tradisionele doodsondes (luiheid word uitgesluit) voor as óf onskuldig óf heimlik as deugde[28] (Conradie 2009:122).

Die verbruikerskultuur fokus eerder op “om te hê” as op “om te wees”. Gulsigheid en gierigheid is veral twee ondeugde wat op die voorgrond is. Dit kan ook grypsug en hebsug genoem word. Hebsug het te make met die verterende drang om meer

[27] Johannes 13:35
[28] Die sewe tradisionele doodsondes is: hoogmoed, hebsug, wellus, woede, gulsigheid, afguns en luiheid

besittings en meer geld bymekaar te maak as wat jy nodig het en dan is jy nog boonop afgunstig op ander se besittings. Dit is ‘n begeerte wat onversadigbaar is. Hebsug wil voorhou dat ‘n mens geluk kan vind deur al meer in besit te hê (gierigheid) of deur al meer te verbruik (gulsigheid). Dit verslaaf mense en vernietig verhoudings (Conradie 2009:123-124). Nie almal kan hierdie leefstyl handhaaf nie en klasse ontstaan binne gemeenskappe op grond van verbruik. Vermorsing vloei ook hieruit voort. Mense dink hulle het die reg om te gebruik soveel as wat hulle wil en ook om daarmee te mors. Hulle het tog betaal daarvoor. Hulle neem ook aan dat waar ‘n bepaalde verbruikersitem vandaan kom daar noodwendig nog sal wees. Mense raak so vasgevang om hulle besittings op te berg en te versorg dat dit ‘n deug word om dinge te kan weggee en om nie alles te wil opgaar nie (Conradie 2009:125-126).

Mense word dikwels aangemoedig om te verbruik net omdat andere verbruik. Daar is verskillende redes hiervoor:

- die rol wat infrastruktuur en netwerke speel beïnvloed mense se gebruik
- mense het gesien ander gebruik iets en daarom wil hulle dit ook gebruik
- mense het die begeerte om gelyke status met andere te bekom – persepsie bestaan dat as jy dieselfde dinge verbruik jy gelyke status sal bekom
- mense het die begeerte om aan te dui dat hulle ‘n hoër status as ander het – wat jy verbruik kan ‘n aanduiding hiervan gee

(Conradie 2009:127)

Die normale wisselwerking tussen behoeftes wat geskep en bevredig word is nie ‘n probleem nie. Dit is egter wanneer daar ‘n spiraal van ontluikende behoeftes ontstaan wat ver verby die punt gaan waar mens werklik iets nodig het. Op hierdie punt kan dit begin om die vermoë tot die goeie (deugsaamheid) by mense te

ondermyn. Conradie (2009:128) wys daarop dat dit al vier die sogenaamde kardinale deugde of innerlike kwaliteite bedreig:

- Wysheid – dit word ondermyn as ons byvoorbeeld te veel op krediet koop

- Geregtigheid – dit word ondermyn as ons byvoorbeeld net vir onsself leef

- Moed – dit word ondermyn wanneer ons byvoorbeeld nie die versoekings kan weerstaan om voortdurend meer te besit en te wil ervaar nie

- Matigheid – dit word ondermyn as ons nooit tevrede is nie en voortdurend meer wil hê en besit

Hierdie deugde moet weer binne ons samelewings en veral binne ons geloofsgemeenskappe aandag kry en onderrig word want dit kan ons help om dinge toepaslik te beoordeel en om binne bepaalde omstandighede te weet wanneer die perk bereik is. Dit kan ons ook help om die goue middeweg tussen uitspattigheid en gebrekkigheid te vind (Conradie 2009:128).

Brian Swimme (2006-2012), 'n bekende kosmoloog meen dat die verbruikerskultuur reeds gelei het tot 'n nuwe wêreldbeskouing, 'n kosmologie. Hy gaan selfs verder en sê dat dit die heersende wêreld geloof geword het. Hy is veral bekommerd oor die geweldige invloed wat dit op ons kinders het. Van baie jongs af sit ons kinders aand na aand (en sommiges nog in die dag ook) voor die televisie. Lank voor hulle dus deel het aan enige godsdienstige seremonies is hulle deurdrenk in duisende advertensies. Televisiereekse kom en gaan maar advertensies deurstaan alle verandering. Tieners spandeer meer tyd aan die absorbering van advertensies (tussen al die televisieprogramme deur) as die totale tyd wat hulle op hoërskool deurbring. Volwassenes weet dit, voel nie altyd so goed daaroor nie maar oor die algemeen word dit net geïgnoreer. Swimme (2006-2012:1) vra of ons ook so nonchalant sou opgetree het as ons gehoor het van 'n land wat sy godsdienstige

dogmas op hierdie selfde wyse op sy mense afgedwing? Jare gelede was ons altyd bang dat die Sowjet Unie jong kinders sou neem en hulle breinspoel met onwaarhede sodat hulle teen hul ouers en God sou kies.

Ons rasionaliseer maklik oor advertensies en maak dit af as nie so erg nie. Tog behoort net die hoeveelheid tyd wat ons in die teenwoordigheid van advertensies spandeer al vir ons skrikwekkend te wees. Ons wil byvoorbeeld hê dat ons jong kinders gevorm word deur mense wat vir hulle omgee. Ons kies hulle skole en waar moontlik, onderwysers goed. Hulle is jonk en vatbaar vir invloede, so ons sien dit as belangrik. Tog gee ons so ‘n groot deel van ons kinders se vormingstyd oor aan mense (adverteerders) wat nie noodwendig ons kinders se belange voorop stel nie (Swimme 2006-2012:1-2). Adverteerders se hoofdoel is om mense ongelukkig te maak met dit wat hulle het. Wanneer ons ontspan voor die televisie is die laaste iets waaraan ons wil dink, die hele filosofie agter ‘n advertensie. Ons drink dit maar net in, laat dit onbewustelik oor ons spoel, deel word van ons psige. As volwassenes word ons in ‘n mate beskerm deur ons sinisme en lewenservaring maar hiervan het kinders niks nie (Swimme 2006-2012:2).

Wat Swimme (2006-2012:2-3) sê is kommerwekkend en om een of ander rede gaan dit maar net by ons verby. Ons behoort almal bewus te wees van hierdie gevare waarop hy ons wys en tog doen niemand juis iets hieraan nie. Ek haal meer omvattend aan:

> All of this is of great concern, but the point I wish to focus on here has to do with the question of how we are initiated into a world. Advertisements are where our children receive their cosmology, their basic grasp of the world's meaning, which amounts to their primary religious faith, though unrecognized as such. I use the word "faith" here to mean cosmology on the personal level. Faith is that which a person holds to be the hard-boiled truth about reality. The advertisement is our culture's primary vehicle for providing our children with their personal cosmologies.

Ons eerste reaksie hierop is dat ons dit wil ontken. Dit kan tog nie wees dat die materialisme wat advertensies voorhou ons outentieke spirituele ontwikkeling kan vervang nie. En tog gebeur dit. Ons word gebombardeer met advertensies twee en vyftig weke van die jaar.

> Perhaps the more recalcitrant children will require upward of a hundred thousand ads before they cave in and accept consumerism's basic world-view. But eventually we all get the message. It's a simple cosmology, told with great effect and delivered a billion times each day not only to Americans of course but to nearly everyone in the planetary reach of the ad: humans exist to work at jobs, to earn money, to get stuff. The image of the ideal human is also deeply set in our minds by the unending preachments of the ad.

Die ideaal wat ons kinders nastreef is nie meer die van rolmodelle wat ly ter wille van ander nie, wat liefde en wysheid leef nie.

> In the propaganda of the ad the ideal people, the fully human humans, are relaxed and carefree – drinking Pepsis around a pool -- unencumbered by powerful ideas concerning the nature of goodness, undisturbed by visions of suffering that could be alleviated if humans were committed to justice. None of that ever appears. In the religion of the ad the task of civilizations is much simpler. The ultimate meaning for human existence is getting all this stuff. That's paradise…

Ons sien nie raak dat verbruikerswese die oorheersende wêreldgeloof geword het nie. Ons verstaan nie dat as ons voortgaan om ons kinders in die sorg te laat van hierdie verbruikerskultuur, ons hulle oorlaat in die hande van die planeet se mees gesofistikeerde predikers nie.

> If those bizarre cults we read about in the papers used even one-tenth of 1 percent of the dazzling deceit of our advertisers, they would be hounded by the federal justice department and thrown into jail straight-away. But in American and European and Japanese society, and increasingly everywhere else, we are so blinded by the all encompassing propaganda we never think to confront the advertisers and demand they cease. On the contrary, as if cult members ourselves, we pay them lucrative salaries and hand over our children in the bargain.
>
> (Swimme 2006-2012:2-3)

Dit wil nie voorkom asof die Christelike godsdiens doelbewustelik iets doen om die verbruikerskultuur te beveg nie. Is dit 'n hopelose saak? Smith (2009:88) praat van 'n "counter-formation". Hy spreek nie hiermee per se die verbruikerskultuur aan nie. Ek hou egter van sy konsep en dink dat dit ons moontlik iets kan bied om te gebruik teen die verbruikerskultuur. Ons gewoontes word gevorm deur ons gebruike of

praktyke. Hierdie gebruike of praktyke kan dun of dik wees. Dik praktyke is identiteitvormend en het 'n bepaalde doel. Ons dikste praktyke vorm en funksioneer as *liturgieë*. Praktyke is tipes rituele, dit is roetines wat ons oor en oor doen. Dit het gewoonlik 'n spesifieke doel. Omdat dit so gereeld herhaal word, word dit deel van wie ons is, deel van ons tweede natuur. Daar is baie roetines of rituele wat dun is soos byvoorbeeld tandeborsel, die volgorde waarin ons ons klere aantrek, die manier waarop ons eet. Ons sal dit nie sommer beskryf as *liturgieë* nie omdat ons *liturgie* assosieer met religieuse rituele. Smith (2009:86) wil ons denke hieroor uitdaag en sê dat baie van hierdie sogenaamde sekulêre rituele eintlik liturgie konstitueer. Liturgieë word hier onderskei as "rituals of ultimate concern". Hierdie rituele is identiteitvormend. Meer spesifiek sê Smith (2009:87) dan die volgende oor liturgieë:

> Liturgies are the most loaded forms of ritual practice because they are after nothing less than our hearts. They want to determine what we love ultimately. By *ultimately* I mean what we love "above all", that to which we pledge allegiance, that to which we are devoted in a way that overrules other concerns and interests. Our ultimate love it what defines us, what makes us the kind of people we are. In short, it is what we worship. Another way of putting this... is to say that liturgies are ritual practices that function as pedagogies of ultimate desire.

Smith (2009:88) wys daarop dat "sekulêre" liturgieë formatief is. Vanuit 'n Christelike perspektief konstitueer hierdie sekulêre liturgieë dikwels 'n *mis*-vorming van ons begeertes en het dit ten doel om ons hart weg te draai van die Skepper af na een of ander aspek van die skepping asof dit God is. Sekulêre liturgieë wil ons harte gevange neem deur ons verbeelding vas te vang en ons in te trek in rituele praktyke wat ons leer om iets lief te hê wat baie anders is as die koninkryk van God. Hierteenoor behoort Christelike aanbidding intensioneel liturgies, formatief en pedagogies te wees ten einde hierdie *mis*-formasies en verkeerde leiding teen te werk. Christelike aanbidding kan funksioneer as 'n kontra-formasie teen die mis-formasie van sekulêre liturgieë waarin ons "gegooi" word van 'n vroeë ouderdom af (Smith 2009:88).

Aan die einde van alles wat ons oor waardes kan sê moet ons maar weer terugkom by wat ons aan die begin gesê het: Etiek sonder etos is leeg en waardeloos.

## *6.6 Samevattend*

As ons as Christene se leefwyse en gedrag maar net so lyk soos nie-Christene se leefwyse en gedrag, as ons een ding sê (oortuigings) en 'n ander ding leef (gedrag), kan ons nie verwag om ernstig opgeneem te word nie. Ons ortopraksie en ons ortodoksie móét met mekaar ooreenstem. Ek wil graag hierdie hoofstuk opsom in die woorde van James Smith (2009:32-33):

> Being a disciple of Jesus is not primarily a matter of getting the right ideas and doctrines and beliefs into your head in order to guarantee proper behavior; rather it's a matter of being the kind of person who loves rightly – who loves God and neighbor and is oriented to the world by the primacy of that love.

In die volgende hoofstuk sal daar gekyk word na Osmer se vierde taak (die pragmatiese taak) van praktiese teologiese interpretasie. Hier kom die vraag: "Hoe kan ons reageer?" aan die orde. Hier sal daar graag so prakties as moontlik gekyk word hoe ons van hierdie uitdagings kan aanspreek binne liturgiese kategese.

# HOOFSTUK 7

# DIE PRAGMATIESE TAAK

Die vierde van Osmer se vier take van praktiese teologiese interpretasie is die pragmatiese taak. Die vraag wat hier beantwoord moet word is: “Hoe kan ons reageer?” Hier gaan dit oor praktiese strategieë en aksies ten einde situasies of kwessies op gewenste wyses te beïnvloed. Hoe kan ons nou al drie die vorige take van praktiese teologiese interpretasie byeenbring en benut op ‘n praktiese wyse wat van waarde kan wees tydens die liturgie van die erediens? Ons wil hier op ‘n hermeneutiese wyse van die liturgie van die lewe, die “erediens” van die lewe, beweeg na die erediens(te) soos wat dit op ‘n Sondag plaasvind. Dit wat ons waargeneem het in die erediens van die lewe, en dan veral by Ubabalo en ook in die vroeë geskiedenis van die kategumenaat, sal in ag geneem word in voorstelle met betrekking tot liturgiese kategese. Hier sal ook eksemplaries verwys word na gebeure binne ‘n spesifieke NG gemeente. Dit is nie gevallestudies nie en dien bloot as verheldering.

## *7.1 Inleiding*

Ek staan op 12 Junie 2012 by ‘n boekbekendstelling en gesels met ‘n jong siviele ingenieur. Hy vertel my van sy stryd wat hy gehad het met vrae rondom die doop. Dan deel hy ook met my sy bekommernis oor aand eredienste. Soveel kinders en jongmense woon net aanddienste by. Dit is dan juis by hierdie dienste waar daar nooit gedoop word nie. Hulle kry dus geen blootstelling aan die doop en wat die betekenis daarvan is nie. Hy vra die vraag of aanddienste nie ‘n plek geword het waar jongmense “entertain” word nie. Daar is “bands”, ligeffekte, ensovoorts, alles om dit so lekker en aantreklik as moontlik vir die jongmense te maak. Word daar nie dalk net melkkos uitgedeel en geen vaste kos nie? ‘n Belangrike saak om oor te dink. Ek moes self my kop swaai en is baie dankbaar vir hierdie nuwe saak wat hy vir my kom oop breek het. Persoonlik het ek ook net aan die oggend erediens gedink in my vraag na liturgiese kategese. Nou is ek nie meer so seker of dit wel net in die oggend

erediens tuishoort nie? Hoe meer ek daaroor gedink het, hoe meer het ek besef dat liturgiese kategese dit daartoe leen om op drie vlakke gebruik te word. Dit kan gebruik word tydens die oggend erediens waar daar tyd afgestaan word aan die kleuters en laerskool kinders, verder tydens die oggend erediens waar daar gefokus word op die volwassenes en dan ook tydens die aand erediens met die fokus op die hoërskool kinders, studente en ander jongmense.

Hierdie drie vlakke – kleuter en laerskool kinders; volwassenes; en ander jongmense (hoërskoolkinders, studente en jong volwassenes) sowel as die drie kategorieë van "*oortuiging*", "*gedrag*" en "*behoort/deel uitmaak*" en waardes wat ek regdeur hierdie studie gebruik het, sal hier as 'n raamwerk dien aan die hand waarvan ek praktiese voorstelle ten opsigte van liturgiese kategese sal maak.

As ons egter hier verby teorieë beweeg, in die rigting van praktiese voorstelle raak dit toenemend moeilik om klinkklaar te onderskei tussen "*oortuiging*", "*gedrag*", "*behoort/deel uitmaak*" en waardes. Dit sal in 'n toenemende mate ineenvloei.

## *7.2 Liturgiese kategese*

Ons het in hoofstuk 2 gesien dat kategese die mondelinge onderrig in die basiese beginsels van die Christelike geloof en godsdiens is (Deist 1984:25). Liturgie is 'n lewende en lewegewende handeling. Dit het ten doel om 'n veranderende effek te hê op die lewens van hulle wie daarin betrokke is (Graigner 2009:vi). Simbole en rituele vorm die grondslag van die liturgie (Barnard & Vos 2001:19).

Liturgiese kategese sal dan mondelinge onderrig insluit maar gaan ook om 'n ervaring, 'n meedoen aan, 'n meeleef, 'n deelneem met ons hele menswees. "Belief", "belong" en "behavior" wat byeenkom, ineenvloei. Sodoende word ons gevorm, vier ons ons Christelike identiteit, waar ons vandaan kom en waar ons ons tans bevind maar word dit ook vir ons moontlik om 'n potensiële nuwe wêreld raak te sien. Om te leer ook deur dit wat ons beleef en beoefen.

### 7.2.1 Oortuiging ("belief")

Ons het in hoofstuk 5 (p.44 – 5.2) gesien dat oortuigings al van 'n jong ouderdom af ontwikkel. Daarom is dit 'n goeie idee om jongmense en kinders by die erediens te betrek. Hulle moet weet dat hulle as belangrik geag word en dat daar moeite gedoen word om vir hulle ruimte te skep binne die erediens. Thomas Long (2001) argumenteer ook in hierdie rigting en praat daarvan as "a third way" waar alle ouderdomsgroepe in die erediens geakkommodeer word in plaas daarvan om aparte eredienste te hou omdat verskillende generasies nie met mekaar gemaklik is nie.

In hoofstuk 6 (p. 67 – 6.2) het ons gesien dat oortuigings geskep word wanneer 'n gedagte of idee geredelik herhaal word. Herhaling word binne die opvoedkunde gesien as een van die mees noodsaaklike leermiddele. Dit word buite die formele klaskamer opset suksesvol gebruik in ander leersituasies soos byvoorbeeld die aanleer van musiek. Dit kan met wysheid en kreatiwiteit in verskeie leer situasies aangewend word (Saville 2011:69). Brein navorsing het bewys dat herhaling neurale verbindings versterk. Herhaling vind op verskillende wyses plaas. 'n Mens moet egter ook besef dat alhoewel herhaling 'n kragtige leermiddel is, dit kan lei tot verveling, frustrasie en stagnasie. Herhaling moet altyd met 'n spesifieke doel voor oog gedoen word en op allerhande kreatiewe maniere gekamoefleer word. Herformulering en nuwe wyses van formulering kan stimulasie behou. Dit is tegnieke wat 'n gevoel van nuwigheid skep. Dieselfde leerles word op 'n nuwe wyse ervaar. Die hele liggaam moet tydens die leerproses ingespan word (Saville 2011:69-70).

As ons aan die Sondag erediens in die lig van bogenoemde dink maak die gebruik van vaste rituele soveel sin. Wessels (2009:31-33) sê dat vaste rituele die funksie het van herdenking, herinnering, verduideliking, bemoediging, toewyding, danksegging. Ek is van mening dat herhaling en die waarde daarvan ook by hierdie funksies gevoeg kan word. Die krag van 'n ritueel lê juis in die herhaling daarvan. Rituele kommunikeer dieper as net op 'n kognitiewe vlak. Dit spreek ook die sintuie en die emosies aan. Ons word liggaamlik daarby ingetrek. Rituele hou in stand. So hou die erediens die geloofsgemeenskap al millenia in stand. Rituele inkorporeer. Al neem jy

nie fisies deel aan die ritueel nie, trek dit jou in. Daarom moet rituele bekend en konstant bly. Jy word in die handeling en viering ingetrek en jy neem vanselfsprekend deel (Wessels 2009:45-47).

Rituele help ons in tye van risiko, onsekerheid, stres en vrees. Dit is die bekende in tye van onbekendheid. Dit verskaf 'n gevoel van stabiliteit en beheer. Vaste rituele gaan ook gepaard met 'n bepaalde vorm van gedissiplineerdheid. Selfdissipline is 'n deug waaraan die moderne mens nie genoegsame aandag skenk nie. Ons hedendaagse oombliklike bevrediging ("instant gratification") mentaliteit veroorsaak dat ons gewoond geraak het daaraan om alles vinnig te bekom. Wanneer iets dan nié vinnig en maklik na ons kant toe kom nie, verloor ons gou belangstelling daarin. Om dinge maklik en vinnig te bekom laat ons egter nie altyd met 'n gevoel van genoegdoening nie. Dit is dikwels eerder die dinge wat ons moeilik, deur harde werk en opofferings, met selfdissipline bekom het wat ons laat met 'n gevoel van bevrediging. Selfdissipline is nie iets wat sommer vanself kom nie. Dit moet gekweek word. Dit kan net gekweek word deur vaste roetines wat oor en oor herhaal word, en deur rituele wat vas is en gereeld herhaal word (Flynn 2011:89).

Ons leef in 'n wêreld waar alles voortdurend verander. Rituele bied vastigheid, stabiliteit. As geloofsgemeenskap het ons iets om te bied deur middel van ons geloofsrituele – 'n vastigheid te midde van voortdurende verandering. Selfdissipline, vaste roetine, gebede, Bybelstudie, kan 'n kontra kultuur bied op die huidige verbruikerskultuur ("instant gratification" mentaliteit). Deur selfdissipline te beoefen dra ek ook by tot die welstand van andere. Dit mag lyk soos self fokus maar kan juis geskied tot voordeel van diegene rondom ons. Ons kan nie omgee vir andere en goed na hulle kyk as ons nie eers vir ons self kan omgee en vir onsself goed kan wees nie. Jesus het ons geleer dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself (Matteus 19:19; Matteus 22:39). Rituele het 'n sosiale dimensie. Dit maak 'n bepaalde kollektiwiteit wakker tussen mense (Wepener en Van der Merwe 2009:208).

Daar was vaste elemente (rituele) wat deel was van die vroeë Christene se byeenkomste, onder andere die lees en verklaring van die *Ou Testament*; die *sj'ma* (Deut. 6:4-9); die *doop* (wat 'n voortsetting en uitbreiding was van die Ou Testamentiese besnydenis); die *nagmaal* (wat 'n voortsetting en uitbreiding was van

die Pasga); die sing van *psalms*; die *amida* (staande gebed) en die *berakot* (seënbedes). Die eerste Christene was Jode en het voortgegaan met hul Joodse feeste en rituele. Al verskil was dat hulle in Jesus as die Messias geglo het en Hom nagevolg het. Daar het eers veranderinge ingetree namate meer nie-Jode deel geword het van die Messiaanse beweging (Wessels 2009:38-40).

Daar was 'n tydperk in ons geskiedenis waar gemeentes toenemend weggedoen het met vaste rituele. Huidiglik sien ons weer 'n terugdraai na, 'n behoefte aan rituele. Wepener en Van der Merwe (2009:195-196) noem dat postmoderne mense 'n hunkering beleef na die meer misterieuse kant, die mistieke kant, die nie-rasionele en simboliese kant van die lewe. Hier speel rituele 'n belangrike rol. Gemeentes gaan terug op ou vorms van die erediens en nuwe rituele word ontwerp rondom die groot oorgange in die lewe. Mense het 'n toenemende behoefte om nie net kognitief aangespreek te word en deel te neem aan aanbidding nie. 'n Klemverskuiwing vanaf 'n rasionele godsbelewing na 'n behoefte aan 'n belewing deur middel van alle sintuie word aangetref. Rituele betrek die hele mens in sy of haar volle sintuiglikheid (Wepener en Van der Merwe 2009: 204).

Prakties sou ek dan wou voorstel dat ons weer moeite doen met ons aanbiddingsgeleenthede en vaste elemente in ons liturgie inbou sodat ons die waarde wat dit vir die gemeente inhou kan benut.[29] Omdat ons dan ook weet dat rituele en herhaling belangrik is en omdat ons verskillende vorme van leer[30] in ag neem kan ons dit ook inbou tydens ons verskillende aanbiddingsgeleenthede. In ons gemeente het ons byvoorbeeld nou met 'n reeks begin wat transformasie as oogmerk het. Dit leen ditself daartoe om die element van herhaling te gebruik te einde leer te bevorder en (hopelik) nuwe gedragspatrone vas te lê. Tydens die oggend erediens sit die kleuters en junior katkisante op die verhoog tydens die aanbidding aan die begin van die diens. Na die aanbidding word daar vir hulle 'n kort boodskap aangebied. Ons het nou begin om dit deur middel van 'n poppekas te doen. Hulle kry dan dieselfde boodskap wat die res van die eredienstgangers die oggend gaan kry, maar net op 'n baie vereenvoudigde wyse. Ek maak ook 'n

[29] Sien gerus Wepener, C. 2011. *Soos 'n blom na die son draai: liturgiese voorstelle vir gebruik in die algemene erediens en in ander spesifieke dienste*. Wellington: Bybel-Media. Hierin is baie praktiese en vars voorbeelde wat gebruik kan word tydens ons aanbiddingsgeleenthede.
[30] Ek verwys graag terug na Hoofstuk 5 (5.2.1 Verskillende vorme van leer).

*Powerpoint* met ‘n paar skyfies wat die boodskap opsom. Op hierdie wyse poog ek om soveel as moontlik sintuie te betrek en leer verder te bevorder. Saville (2011:70) beveel aan dat ons herhaling op elke moontlike wyse moet inkorporeer sonder dat ons enigsins moet probeer verduidelik “hoe” en “hoekom”. Dit moet net spontaan gebeur. Die boodskap moet op elke moontlike wyse ook in rituele en aanbidding herhaal, ervaar en beleef word, sodat dit méér as net ‘n kognitiewe belewenis is. Die kinders verlaat die erediens na die poppekas aanbieding. Die ander erediensgangers hoor dan dieselfde boodskap op ‘n “volwasse” vlak. Herhaling vind nou vir hulle plaas en die verdere voordeel is dan ouers en kinders op dieselfde bladsy is. Hierdie selfde boodskap (met ‘n ander baadjie aan) word tydens die erediens op ‘n Sondagaand herhaal. Die aand erediens word hoofsaaklik deur senior katkisante, studente en lidmate wat jonk van gees is, bygewoon. Deur die herhaling van die boodskap (al is dit anders ingekleur) kan verseker word dat die hele gesin op ‘n Sondag in dieselfde boodskap gedeel het. Die ideaal is dan dat hulle gedurende die week oor hierdie boodskap sal besin en in die gesin daaroor sal gesels, dit hul eie sal maak en ook sal beoefen in hul handel en wandel gedurende die week.

Die verskillende aspekte van ons geloof, behoort na my mening op al drie vlakke aandag te geniet. Dit behoort veral te geskied wanneer ons bewus word van vrae oor byvoorbeeld die doop, soos bespreek in 7.1 hier bo. Wanneer daar ‘n doopgeleentheid is tydens die oggend erediens is dit ‘n goeie geleentheid om die doop te verduidelik tydens die kindergedeelte van die erediens of om hulle op een of ander wyse iets te laat ervaar van die doop. Die preek tydens die aanddiens kan dan ook oor die doop handel. Dit sou hier van waarde wees om besprekingstyd in te ruim waartydens die jongmense geleentheid gegun word om hul vrae rondom die doop te stel. ‘n Mens sou selfs doelbewustelik op die uitkyk kon wees vir ‘n paartjie wat bereid sou wees om tydens die aanddiens te doop. Hier besef mens dat die logistieke dit hiertoe moet leen – as daar nie grootouers is wat die diens wil bywoon nie, die somer is meer geskik hiervoor, daar is nie familie wat ver reis om die geleentheid by te woon nie, ensovoorts.

Die onderrig gedeelte van liturgiese kategese wil oortuigings en beginsels tuis bring. Dit bly egter kopkennis en van geen beduidende waarde as ons dit nie beoefen en dit ons gedrag verander nie. Vervolgens sal ons dan na *gedrag* kyk.

### 7.2.2 Gedrag

Een van die hoof doelstellings van liturgiese kategese is om veranderde gedrag tot gevolg te hê. Veranderde gedrag is ongelukkig nie iets wat vanself kom nie en moet ingeoefen word. Dit is makliker om hoorders van die woord te wees as daders. 'n Doelbewustelike poging moet aangewend om gemeentelede uit te daag om te gaan oefen, te gaan leef wat hulle tydens die erediens gehoor en ervaar het. Ek verwys hier graag terug na die *Ubabalo* program (3.1 p. 28-30) wat juis aan die einde van elke les die groeplede uitdaag om te gaan oefen wat hulle geleer het. Hulle doen dieselfde wanneer hulle 'n *Discovery Bible Study* aanbied en die groeplede hulself moet verbind tot gehoorsaamheid (hart) en aksie (hand) (3.1 p. 28-29). Wanneer die groep dan weer bymekaarkom vir 'n volgende les of 'n volgende Bybelstudie word hulle gevra om te vertel hoe hulle dit waartoe hulle hulself verbind het, uitgevoer het. Op hierdie wyse word gedrag ingeoefen en vind toerekenbaarheid plaas.

*Geloof* en *gedrag* sluit baie nou aan bymekaar. Leonora Tisdale (2010:location 84) sê die volgende:

> As a young adult who was also a Christian, I hungered for the Church to be a prophetic witness in the midst of those times. I longed for a church that would speak to me not only about personal faith and piety but also about key events that were going on in city, nation, and world, and I wanted a church that would help me discern what we as Christians should believe and do in the midst of them.

As 'n mens kyk na die statistieke soos waaroor Kinnaman (2011) in *You lost me* en Kinnaman & Lyons (2007) in *Unchristian* berig besef mens dat jongmense selfs in 'n toenemende mate behoefte het daaraan om oop en eerlik te praat oor dinge wat in die samelewing plaasvind en hoe ons dit kan aanspreek vanuit 'n Christelike konteks. Hierin kan profetiese prediking ons help. Tisdale (2010:location 117) verwys na Walter Brueggemann wat wys op die hoopvolle aard van profetiese getuienis in die bybelse storie. Profetiese getuienis is kontra-kultureel.[31] Dit was gewoonlik tweeledig. Dit kritiseer die ou bestel en kondig God se oordeel daaroor aan en terselfdertyd

[31] Dit sluit aan by die voorstel tot "teen-vorming" van Smith (sien 6.3 p. 73)

verskaf dit nuwe energie aan hul hoorders met ‘n visie van die nuwe wat God tot stand sal bring. Kritiek was nie gewild in die tyd van die Bybelse profete nie en dit is vandag steeds nie gewild nie. Tog dra die profetiese hoop as kern. Dit spreek die realiteite aan deur dit op die naam te noem maar daarmee saam bring dit ‘n nuwe visie van wat God kan doen (Tisdale 2010:location 130). Die kuns verbonde aan profetiese prediking is om altyd die waarheid in liefde te praat (Tisdale 2010:location 160). Hoe swaar dit ook al is kan ons nie daarvan wegskram nie. Gedrag kan net verander as mens bewus gemaak word van ou gedragspatrone wat nie strook met die Evangelie nie en as mens geleer word hoe nuwe gedrag dan daar behoort uit te sien.

Martin & Sihn (2009:71) wys daarop dat verandering in gedrag slegs teweeggebring kan word as ‘n persoon self wil verander. Geen hoeveelheid vermaning, oorreding of argumentering kan dit bewerk nie. Dit is dus belangrik dat ons ook in ons prediking gebruik sal maak van die lidmate (kinders en volwassenes) se eie persepsies, doelwitte en waardes. Sodoende sluit mens aan by hul eie intrinsieke motivering om te verander en is dit nie iets wat van buite af op hulle afgedwing word nie. Wanneer hoop opgeroep word vanuit ‘n persoon se eie ryk interne hulpbronne, is dit baie suksesvol om gedragsverandering te weeg te bring. Die aanspreek van gedrag deur middel van agape-tipe empatie lewer ook baie goeie resultate op (Martin & Sihn 2009:72). Daar moet voortdurend bevestiging plaasvind dat die individu oor die vermoë beskik om te verander as en wanneer hy/sy besluit om dit wel te doen. Hulle moet weet dat die keuse deurentyd hul eie bly. Druk om te verander werk nie. Hulpmiddels kan egter voorgestel word, soos byvoorbeeld hulp ten einde te bepaal wat die waardes is wat vir hulle belangrik is. As jy weet watter waardes vir jou belangrik is bevorder dit ook gedragsverandering[32] (Martin & Sihn 2009:74-75).

Ten opsigte van tieners sê Terrile en Echols (2012:22) dat hulle volwasse leiding nodig het en wil hê solank as wat hulle as individue verstaan en geag word en daar nie gepoog word om te veralgemeen en hulle geëtiketteer word nie. Dit is futiel om

[32] ‘n Nuttige hulpmiddel om te help hiermee is “personal values cards”. Dit kan in kleiner groepe of in Bybelstudiegroepe gebruik word ten einde gedragverandering verder te bemiddel. Dit is verkrygbaar by: http://casaa.unm.edu/inst/Personal%20Values%20Card%20Sort.pdf of in meer verduidelikende vorm by: http://www.wellness.swansongroupinc.com/pdf/value_card_sort.pdf (beide is besoek op 9/9/2012)

hulle te probeer verander om in te pas by een of ander verwagting wat ons van en vir hulle koester. Dit is nie 'n nuwe tendens om te hoor "die kinders van vandag" is sus of so nie. Dit is iets wat met elke geslag herhaal word. Vandag is wat tieners doen dalk net meer in die ope met sosiale netwerke soos Facebook, Twitter en YouTube. Dit bring 'n hele nuwe tipe interaksie mee (Terrile & Echols 2012:20). Ons het in die vorige hoofstuk gesien (6.5) watter geweldige invloed die media op ons kinders en jongmense het. As ons 'n teeninvloed wil uitoefen sal ons dit in ons liturgiese kategese moet inbou en dit korporatief as geloofsgemeenskap moet modelleer. Hier kan dit wat ons by die *Ubabalo* program gesien het van groot waarde wees. Interaktiewe onderrig vind plaas. Dit is egter nie lukraak nie en weldeurdagte lesse word uitgewerk waardeur waardes en beginsels oorgedra word. As ons die *Ubabalo* projek se lesse vergelyk met die *Teaching Personal and Social Responsibility* teorie wat ons binne die Sportwetenskappe aantref (5.3 p. 47) dan sien ons dat *Ubabalo* se teoretiese onderbou goed is en dat hulle teoretiese beginsels volg in die saamstel van hul lesse. Die hoofdoel is om dit in die praktyk te laat werk en gedrag en lewens te verander.[33]

Ons kan veral konsentreer op dit wat werklik wesenlike probleme is en wat reeds deur hierdie studie uitgewys is, naamlik vaderloosheid en die geweldige invloed wat die media op ons samelewing uitoefen. Kinders baseer hul gedrag op dit wat hulle by hul ouers sien. Of die pa aanwesig of afwesig is speel ook 'n baie belangrike rol. Vaders se betrokkenheid het veral 'n invloed op kinders se sosiale gedrag later in hul lewens (Mullins 2011:3). Uit die *Ubabalo* projek het ons gesien dat hulle veral fokus daarop om afrigters te gebruik as rolmodelle vir vaderlose kinders. Dit werk baie goed. Binne 'n gemeente het ons soveel meer moontlikhede vir rolmodelle, as ons net 'n bietjie kreatief dink. Die moontlikhede is legio: onderwysers, kategete, besigheidsmanne, sportmanne, werkende jongmense, jeugwerkers, hoërskool leerlinge betrokke by jeugwerk, ensovoorts. In werklikheid enige iemand wat hulself bereid verklaar hiertoe. 'n Mens sou dan gebaseer op die *Ubabalo* projek en ander beskikbare materiaal 'n program kon uitwerk om struktuur aan hierdie modellering te

[33] Opgetekende resultate is beskikbaar in die volgende verslag: The Ultimate Goal. 2010. *Combined report: Outreach initiative during 2010 FIFA World Cup South Africa*. Cape Town: TUG Communication Team and TUG Conveners.

gee. Onderrig op al drie vlakke (soos verduidelik in 7.1 hierbo) en die liturgie kan dan hierby aansluit en dit versterk.

‘n Gemeente opset kan ‘n waardevolle bydrae lewer tot gesinne in die algemeen en dan deur middel van rolmodelle in die besonder. Soms mag ‘n gebrek aan kennis die vernaamste oorsaak wees van verskeie probleme. Een van die aspekte wat ‘n rol speel in die *vaderlose kinders* probleem is afwesige vaders. Tydens my navorsing en my poging om meer uit te vind in verband met die probleem van vaderloosheid het ek tot die besef gekom dat vaders soms werklik net nie weet hóé nie en waarskynlik te trots is om hulp te vra. Wat vir my baie interessant is, is dat die Departement van Opvoeding in Groot Brittanje selfs sover gegaan het om ‘n boekie te publiseer getiteld *How to be a more involved dad.*[34] Dit bevat goeie praktiese raad. Klein dingetjies soos die praktiese raad in hierdie boekie kan van onskatbare waarde wees. Iets soos dit sou baie maklik deur *liturgiese kategese* aangespreek kon word.

Iets anders wat ‘n groot invloed het op hoe ‘n vader sy rol vertolk maar dan ook op rolmodelle in die algemeen is hoe ‘n persoon sy of haar eie identiteit beleef. Die verwerwing van ‘n eie identiteit is ‘n belangrike keerpunt in die lewe van elke mens. Volgens Erikson (Van der Westhuysen & Schoeman 1982:216-217) is die ontwikkeling van ‘n identiteit die hooftaak van die kind gedurende adolessensie. Dit is die belangrikste faset van sy persoonlikheidsontwikkeling. Ten einde emosionele volwassenheid te bereik moet die komplekse vraag “wie is ek?” beantwoord word. Die adolessent bevind hom/haarself binne ‘n omgewing vol teenoorgestelde en konflikterende moontlikhede. Te midde hiervan word daar van hom/haar verwag om keuses uit te oefen. Dit terwyl die adolessent nog onseker is oor wie hy/sy werklik is, wie hy/sy wil wees, watter indruk hy/sy op andere maak en of hy/sy in staat is om besluite oor belangrike onderwerpe te neem. Die oplossing en worsteling met hierdie vrae lei tot die verwerwing van ‘n eie identiteit.

Daar is verskillende dinge wat ‘n invloed het op hierdie ontwikkelingsproses. Die verhouding van die adolessent met sy/haar ouers speel ‘n geweldige belangrike rol. As dit positief en fasiliterend is, lei dit gewoonlik tot ‘n positiewe identiteit. Erikson

[34] Verkrygbaar by: https://www.education.gov.uk/publications/eOrderingDownload/PKHFM8-PDF.pdf (Besoek op 9/8/2012)

wys op die belangrikheid van 'n agtergrond van liefde en respek vir die verwerwing van 'n positiewe selfbeeld en identiteit. Die portuurgroep speel ook 'n belangrike rol. Hierdie is 'n stadium van moeilike besluite en keuses en die portuurgroep se ondersteuning is vir die adolessent baie belangrik. Die portuurgroep se rol is selfs groter en belangriker as die adolessent voel dat sy/haar gesinslede hom/haar nie verstaan nie of indien hy/sy poog om meer onafhanklik van hul ouers te word. Die adolessent se kognitiewe ontwikkeling van formele en morele denke beïnvloed ook hierdie proses van identiteitsvorming. In die soeke na antwoorde op die vraag "wie is ek?" soek die adolessent na algemeen geldende reëls en lei dit dikwels tot introspeksie. Die vorming en vestiging van 'n eie identiteit gaan voort tydens vroeë volwassenheid (18 jaar tot ongeveer 40 jaar) (Van der Westhuÿsen & Schoeman 1982:221,223).

Hoe ons onsself en ons eie rolle sien beïnvloed ons gedrag teenoor ander (Harper & Fine 2006:287). Ander se reaksies en optrede teenoor ons het egter ook 'n invloed op ons identiteit en dit is 'n wederkerige proses. Ander mense dien as 'n sosiale spieël en 'n mens leer om jouself te sien soos wat jy dink andere jou sien. Ons gevoel van selfwaarde is ook hieraan gekoppel (McMurray et al. 2011:211-212). Dit moet in ag geneem word as ons die ware self van iemand wil leer ken. Mense hou dikwels en maklik 'n front voor ten einde aanvaar te word deur andere of om in te pas by wat hulle dink ander van hulle verwag. Om vertrouens verhoudings te bou neem tyd, deursettingsvermoë en verbintenis. Rolmodelle moet bereid wees om 'n lang en nie altyd so maklike pad nie te stap met wie hulle ook al mentor. Dit is veral so as 'n nuwe, gesonde identiteit geherkonstrueer moet word (McMurray et al. 2011:216-217).

Daar is bevind (Hamilton et al. 2006:728) dat rolmodelle en mentorskap goed werk binne gemeenskapskontekste, en hier kan die geloofsgemeenskap 'n waardevolle rol speel. Dit bevorder sosiale kapitaal, verbeter kennis en bou netwerke ten einde mense te help om hul doelwitte te bereik. Dit kan mense wat verskil met mekaar verbind, byvoorbeeld 'n vaderlose kind met 'n vaderfiguur maar dit kan ook mense wat met mekaar kan identifiseer verbind en sodoende kan groepsidentifikasie en solidariteit versterk word. Mentorskap het ten doel om leiding, ondersteuning en aanmoediging te verskaf (Hamilton et al. 2006:729).

Rolmodelle en mentorskap is nodig op al drie vlakke binne die geloofsgemeenskap. Dit kan natuurlik of gestruktureerd binne reeds bestaande groepe of deur liturgiese kategese geskied. Mense van alle ouderdomme kan bemagtig word om as rolmodelle of mentors op te tree. Creps (2008) erken die bewese onderrig metode waar die ouer persoon die jonger persoon leer ("teaching down") maar hy sê dat ons nie die waarde moet onderskat van 'n jonger-leer-ouer metode nie ("teaching up"). Hy noem dit *"reverse mentoring*". Daar is dinge waarvan jonger mense net eenvoudig meer weet as ouer mense. Ons behoort dit positief te benut. Creps (2008:location 173-179) noem as voorbeelde jonger mense se vermoë om inligting te bekom via die Internet, hul kennis van verskillende sosiale netwerke, hul vermoë om te verskeie take gelyktydig te verrig, hul vindingrykheid. Dit mag dalk onbelangrik en nie geestelik belangrik klink nie maar op die langduur kan dit almal in die geloofsgemeenskap bevoordeel. Een van Creps se vriende beskryf *"reverse mentoring"* as *"young guys who help the older guys learn young stuff"* (Creps 2008:location 185). Hierdie is nie 'n onbekende verskynsel in die besigheidswêreld nie. Creps (2008:location 191-201) noem verskeie voorbeelde binne die korporatiewe wêreld wat hierdie beginsel gebruik. In die kerk het dit egter nog nie lekker posgevat nie. Hy skryf dit toe aan 'n *"humility deficit"* en sê dat geestelike leiers geleer moet word om *"reverse mentoring"* as 'n geestelike dissipline aan te wend, as 'n wyse waarop nederigheid beoefen word wat jonger mense aanmoedig om as tutors vir ouer leiers op te tree (Creps 2008:location 226-237). Daar is nie spesifieke metodes wat gevolg kan word om dit aan te moedig nie. Dit gaan oor die bereidwilligheid om met mekaar in verhouding te tree en om die bereidwilligheid uit te spreek om van die jongmense te leer. Onderrig volg dan redelik spontaan. 'n *"Reverse mentoring"* verhouding beteken dat jy nie by 'n subkultuur hoef aan te sluit om dit te probeer verstaan nie. Jy word egter die geleentheid gegun om dit te leer ken deur die oë van iemand wat deel is daarvan (Creps 2008:location 547).

Egtheid raak toenemend belangrik, veral onder jonger mense. In ons gemeente sien en beleef ek dit. Jongmense is ook verbasend bereidwillig om uit te reik na ouer mense. Van die jeugleiers het byvoorbeeld kom vra of hulle nie meer betrokke kan wees by gemeente aktiwiteite nie (waar hulle tradisioneel van uitgesluit is omdat daar waarskynlik gemeen is dat hulle nie sou belangstel nie). Ons moet hierdie

geleentheid aangryp om saam met hulle te werk en van hulle te leer. Dikwels dink gemeentes hulle verstaan wat jongmense wil hê en dan probeer almal *"cool"* wees, probeer vermaak verskaf – kontemporêre musiek, aankondigings gebaseer op YouTube-agtige video's ensovoorts – en dan werk dit steeds nie en word die aanddienste swak bygewoon. Creps (2008:location 795) wys daarop dat jongmense nie wegbly omdat die leiers nie *"cool"* is nie. Soms is dit juis ons pogings om te probeer *"cool"* wees wat hulle wegdryf. Die beste manier waar en hoe ons kan leer wat vir 'n jonger geslag werk is om hulle toe te laat om in ons wêreld in te kom, verhoudings met mekaar te bou en van mekaar te leer.

Ons vind tog sáám ons identiteit in Christus  en sáám is ons deel van die familie van Christus. Ons sal dan vervolgens kyk na *behoort aan.*

### 7.2.3 Behoort aan / Deel uitmaak

Old (2002:1-3) wys daarop dat die mens geskape is om God te aanbid. Dit is die rede vir ons bestaan. Ons aanbidding, ons diepste toewyding, ons diepste liefde behoort gerig te wees op God en nie op onsself nie. Voor ons onsself of ons naaste liefhet moet ons onsself eerste aan God toewy. Ons moet God liefhê met ons hele hart, ons hele verstand en ons hele siel. Ons aanbidding behoort nie leeg te wees nie maar eerlik en eg, in gees en in waarheid. Hierdie tipe aanbidding is nie gemik daarop om God of mekaar te probeer vermaak nie. Eenvoud en liefde lê aan die wese hiervan. Uit hierdie tipe aanbidding sou liefde vir ons naaste 'n noodwendige uitvloeisel wees.

'n Belangrike konsep in die Nuwe Testament is dat die kerk die liggaam van Christus is. Die vroeë Christene (soos ons dan ook deur die geskiedenis van die kategumenaat in hoofstuk 4 gesien het) het dit sigbaar verstaan. Hulle het God saam aanbid as liggaam van Christus onder leiding van die Heilige Gees. Verder het hulle begryp dat ware aanbidding heilig moet wees. As ons God met ware integriteit aanbid en dien sal diens aan ons naaste nie uitbly nie. Ons aanbidding is nie vir God aanvaarbaar as dit nie deurvloei na ons hele lewe toe en sigbaar is in ons gedrag

teenoor ons naaste nie.[35] Hoe ons lewe behoort die vrug van ons aanbidding te wees (Old 2002:4-6).

Aanbidding wat God verheerlik, wat volgens sy Woord geskied, wat God dien, is die werk van die Heilige Gees in die liggaam van Christus en onderrig en bou die kerk op. In en deur ons aanbidding word ons gevorm volgens sy beeld, word ons waarlik liggaam van Christus en reflekteer ons Sy eer (Old 2002:6).

Hoe ons as liggaam van Christus funksioneer is ons uitdaging binne die kerk. Soos in die vorige hoofstuk gesien het word selfs ons Christenwees gekleur deur die verbruikersmentaliteit. Die kerk het haarself ook laat meevoer hierdeur in plaas van om aktief daaraan te werk om ‘n teen-vorm daar te stel. Tog is daar hoop en het ons veel om te bied. Alhoewel ons in ‘n baie individualistiese kultuur leef sien ons toenemend hoe mense ‘n behoefte daaraan het om te behoort. In ons eie land kan ons dit duidelik sien in die enorme bywoning en “saamstaan” tydens sportbyeenkomste. Ons sien dit ook in die toenemende getal mense wat nasionale feeste[36] bywoon. Ons het ‘n verantwoordelikheid teenoor die individu maar ook om mense te help om verhoudings te bou en te versterk en te behou. Daar is ‘n ek-ons teenstelling wat ons in en deur liturgiese kategese kan aanspreek. Verhoudings is vir jonger mense ontsettend belangrik terwyl hulle terselfdertyd geweldig selfgesentreerd is. Kinnaman (2011:location 385) beskryf dit as volg: “We want to change the world! Look at me! Let’s make a difference together! I want to be famous!” Daar is dus voortdurend hierdie stryd tussen die twee pole. Hulle wil gementor word maar hulle wil dit op hul eie regkry. Hulle wil alles saam met hul vriende doen maar hulle wil tog ook dinge op hul eie regkry. Dit is hierdie verhouding-individu dissonansie waarmee die Christelike gemeenskap moet probeer help (Kinnaman 2011:location 391).

Ons sal hoe ons inbou in mense se lewens en hoe ons dissipels maak moet herbedink. Dissipels word nie in massas geproduseer nie. Dissipelskap vind slegs binne verhoudings plaas, een verhouding op ‘n slag. Dit is dan juis hierdie uitdaging wat veroorsaak dat ons hoe ons onderrig, ons kategumenaat moet herbedink. In die

[35] Sien Amos 5:21-24
[36] Ek dink hier aan feeste soos die Klein Karoo Nasional Kunstefees, Aardklop, Innibos om maar ‘n paar te noem

huidige formaat lewer dit nie altyd ware dissipels op nie, lewer dit ook nie altyd mense op met ‘n diepgaande, standhoudende geloof nie (Kinnaman 2011:location 149-155). Vandaar my voorstel om weer ‘n slag in diepte te kyk na die geskiedenis van die kategumenaat. Dit was ‘n moeiliker en langer proses as wat dit vandag is maar juis dit het moontlik bygedra daartoe dat hierdie Christene enige iets sou doen of ly vir dit wat hulle geglo het. Dit is waarskynlik ook die saam ontbeer wat bygedra het tot ‘n groter samehorigheidsgevoel en daar wees vir mekaar.

Ons taak is nie ‘n nuwe een nie maar die noodsaak hiervoor is groter as ooit. Hebert soos aangehaal deur Pecklers (2003:163) vat dit baie mooi saam:

> To worship God in church is not a substitute for the service of God in daily life: rather, it is that which makes the service of God possible by bringing the things of daily life into the light of eternity. And as the Christian redemption is not merely individual but social, so the normal type of Christian worship is not the individual’s meditation, but the common worship of the Body, when the members are met together to learn the common life which is in Him.

Ons het gesien in die vroeë kategumenaatgeskiedenis dat die katkisante onderrig is in hoe hulle behoort te leef as deel van die Christelike gemeenskap (“*oortuiging” en “gedrag”*) maar dat hulle eers die inisiasieproses en die ryke simboliek daarmee saam moes ervaar voordat dit aan hulle verduidelik is en hulle kon deel wees (“*behoort/deel uitmaak”*) van die geloofsgemeenskap.

Op die oomblik beleef ons die Olimpiese Spele 2012 in Londen. Daar is duisende mense op die pawiljoene wat na die atletiek kyk. Gisteraand (8/8/2012) toe ek saam met hulle (op die pawiljoene) na die atletiek kyk besef ek dat ek dit wat op die atletiekbaan gebeur baie beter as hulle kan sien op my TV skerm. Daar is van die toeskouers wat regtig ver van die baan af en hoog bo die baan sit. Tog is daar nie ‘n manier wat ek kan beleef wat hulle beleef nie, al kan ek die gebeure van “naderby” beskou. Hulle is liggaamlik deel van die gebeurtenis en ek nie. Alhoewel ek “nader” is, is ek ‘n buitestaander. Ek beleef die gebeure met sommige van my sintuie maar ek is nie liggaamlik betrokke nie.

Ons aanbidding beliggaam wat ons glo en leer. Tydens ons gemeenskaplike aanbidding leer ons hoe om met God in verhouding te wees maar ook met mekaar. Binne hierdie aanbidding val alle grense weg. Hier word ons waarlik Liggaam van Christus. Op grond van Sy offer wil ons ook offer, kan ons nie meer ons aanbidding tydens die gemeentelike erediens en ons aanbidding tydens die erediens van die lewe skei nie, móét dit mekaar wedersyds beïnvloed (Pecklers 2003:163-167). Ons moet mekaar bly uitdaag dat ons soos Martin Luther (Pecklers 2003:168) opgemerk het, dit nie maklik vind om Christus te erken en beleef in die erediens maar nie Sy teenwoordigheid raaksien in op straat waar Hy uitroep om kos en skuilplek nie.

Ons “*oortuiging”*, ons “*gedrag”, “hoe ons behoort”* en ons *waardes* hou baie nou verband met mekaar. Alles wat ons sê ons glo word getoets in en deur hoe ons leef. Ons sal dan nou kortliks na *waardes* kyk.

### 7.2.4 Waardes

Ons het gesien (6.3 p. 76) dat een van die hoofbesware van jongmense wat nie Christene wil wees nie is dat Christene een ding sê en ‘n ander ding leef/doen. Dit is so maar ons mag nie ophou streef nie. Die uitdaging, soos Pecklers (2003:170) dit ook stel is dat ons anders sal leef as gevolg van die aanbidding waarvan ons deel is tydens die erediens op ‘n Sondag, dat die rituele waarvan ons deel is sal lei tot dade, dat ons liggaam van Christus sal wees in die wêreld.

As die liturgie van die erediens na behore gevier word hef dit die verbruikerskultuur op. Die verbruikerskultuur wat soos ons gesien het (6.5 p. 83) fokus op “om te hê”, dit verslaaf mense aan besittings en wil hê dat ons moet glo ons identiteit word bepaal deur die vertoon van die regte handelsmerke (“*brands*”). Binne die liturgie van die erediens kan ons net wees, en verdwyn die onderskeid wat geslag, ouderdom, ras of rykdom meebring. Hier kan ons die nuwe orde van die Koninkryk van God vier, hier ontmoet die *alreeds* en die *nog nie* op ‘n vreemde manier. Hier kan ons respek vir mekaar en vir die skepping betoon (Pecklers 2003:174). Hier kan ons saam ons rol kom vervul waarvoor ons geskape is, om God te aanbid. Hier kan ons Hom kom vier, ten spyte van... Ons identiteit word bepaal deur ons deelname (Cilliers 2012:77).

‘n Verdere kenmerk van die hedendaagse kultuur wat ook deurspoel het na die kerk toe is verandering bloot net ter wille van verandering. Besighede verander voortdurend hul strukture selfs al is die status quo perfek. Huise wat niks makeer nie word platgeslaan en nuwes word gebou. Senior personeel, wat oor wysheid en ervaring beskik word afgelê ten gunste van jonger personeel, bloot net omdat hul dienste goedkoper is. Tegnologie vervang die dienste van mense (Pecklers 2003:178). Pecklers (2003:179) sê dat dit soos twee kulture is wat teenoor mekaar staan. Aan die eenkant is daar ‘n stabiele, getroue kultuur van gemeenskap, interafhanklikheid en gemeenskaplike visie en aan die anderkant is daar die kultuur van normatiewe onstabiliteit, oppervlakkigheid en onafhanklikheid. Soos ons reeds gesien het, het hierdie nuwe kultuur tog tot gevolg dat mense ‘n toenemende behoefte het om te *behoort*. Tog is daar ook ‘n gebrek aan vertroue, ‘n vrees vir buitestaanders en ‘n groot mate van self-afhanklikheid. Dit is dan ook van die dinge wat in en deur ons aanbidding teen gewerk moet word. Ons wil juis op God vertrou en dan ook mekaar vertrou, ons wil buitestaanders verwelkom op so wyse dat hulle binnestaanders sal word en ons wil onsself gee ter wille van die gemeenskap. Ons wil liturgies as een liggaam handel sodat ons individualisme ondergeskik kan stel aan die liggaam. Dit laat dan nie plek vir die “wat kan ek hieruit kry” of “wat is in dit vir my” wat so eie is aan die verbruikerskultuur nie (Pecklers 2003:179).

Ten slotte kan ons dan sê dat hoe ons aanbid nie geskei kan word van hoe ons leef nie. Ons aanbidding tydens die gemeentelike erediens eindig altyd met een of ander vorm van gestuurdheid wat ons oproep om die Evangelie na buite te neem in vleesgeworde vorm. Wanneer ons aanbidding ‘n geleefde realiteit word in ons daaglikse lewe – waar ons werk, sport beoefen, ontspan, op die markplein – verbind ons waarlik die Kerk met die res van die wêreld, word ons werklik die liggaam en bloed van Christus in die wêreld (Pecklers 2003:213).

### 7.2.5 Praktiese voorbeelde

Creps (2008) het “*reverse mentoring*” voorgestel (soos hierbo bespreek). Pecklers (2003:212) stel voor dat ons luister wat diegene sê wat die Kerk liefhet. Dit is iets wat

regtig kan werk as ons bereid is om al ons vooropgestelde "kennis" eenkant toe te skuif en regtig te luister. Dit kom soms makliker as ander kere en dit kan mens selfs aangenaam verras! (Later meer hieroor).

Ons het in hoofstuk 3 gesien dat die *Ubabalo* program uit goed uitgewerkte lesse bestaan. Daar is dus 'n basiese en goeie onderbou wat elke sessie vergesel. Tog wys die praktyk en word die afrigters opgelei om te besef dat die hele program onsuksesvol sal wees as jy tydens 'n oefensessie die les ten alle koste probeer afdwing op die deelnemers. Jy moet goed voorberei wees en jy moet weet wat jou beoogde uitkomste is. Die les gebeur egter in aksie en jy moet voorbereid wees op enige moontlike afwyking en dinamika wat tydens die sessie kan uitspeel. Dit mag selfs nodig wees om die volgorde van jou sessie aan te pas as jy agter kom 'n seker deel van die sessie leen dit tot 'n leermoment op 'n spesifieke tydstip tydens die oefening. 'n Meer ervare afrigter of iemand wat beter bekend is met die program mag dit dalk minder bedreigend ervaar om af te wyk van die volgorde van die les as 'n minder ervare afrigter of iemand wat minder bekend is met die program. Dit is egter slegs in die praktiese inoefening hiervan en deur gekonfronteer te word met sulke situasies wat die afrigter hierin kan groei en gewoond kan raak daaraan om enige iets te verwag tydens 'n oefensessie en om gereed te wees om dit te kan hanteer. Hoe beter jou voorbereiding hoe makliker sal jy die onverwagte kan hanteer.

Ons sou die lesse opgesluit hierin ook kon deurtrek na liturgiese kategese.

As ons in die praktyk kyk na *"reverse mentoring"* kan ek uit eie ervaring die volgende deel. In ons gemeente doen ons gesamentlike erediensbeplanning vir die aand erediens. Hierdie erediens word bygewoon deur die senior katkisante, studente en ander gemeentelede wat jonk van gees is. Tydens my eerste bywoning van so 'n erediensbeplanningsessie het ek gou agtergekom dat ek nie hier die liturgie gaan dikteer nie. In retrospek besef ek dat hier *"reverse mentoring"* plaasgevind het. Die liturgie is vir my baie belangrik en ek doen werklik altyd moeite dat alles 'n goeie geheel vorm en dat die prediking versterk word deur alles wat tydens die erediens plaasvind. Ek was dus totaal uit my diepte om dit oor te gee aan die baie jong musiek ("*band*") leier. Ek deel my teksgedeelte en my tema met hom en ek kan sommer in sy oë sien dat ons nie op dieselfde bladsy is nie. Ek is nie eers seker of hy weet dat

Esegiël wel 'n boek is wat in die Bybel voorkom nie. Hy verseker my dat daar géén musiek is wat by my tema "Lewe in oorvloed" pas nie. Ek maak 'n paar voorstelle wat hy totaal verwerp (alhoewel ek weet dit is musiek wat hy al vantevore in eredienste wat ek bygewoon het, gespeel het). Ek raak al hoe meer benoud en ek kan regtig nie sien hóé ons deur hierdie erediens gaan kom nie... Ons is op die ou einde uit mekaar met 'n belofte van sy kant af dat hy die teksgedeelte sal gaan lees en sal kyk wat hy kan doen. Verder moes ek my Powerpoint vir hom stuur gedurende die week sodat hy dit kan verander na goeddunke. Ek raak steeds net meer benoud. Hy belowe darem dat ek daarna kan kyk vóór Sondagaand.

Die Powerpoint was 'n verrassing en ek het begin moed skep. Ek het nié gedink dat hy my Powerpoint beter sou kon laat lyk nie en ek moet eerlik waar sê dat hy het. Ek was verder verras dat hy dit toe tog reggekry het om "Lewe" op 'n baie besonderse wyse uit te beeld. Op 'n vreemde manier het ek begin uitsien na die erediens.

Na die tyd en nou, moet ek sê dat *"reverse mentoring"* dalk tog nie so slegte idee is nie. Veral as ons besef dat die geloofsgemeenskap die Here s'n is en dat Hy omgee oor wat daar gebeur. Ons onderskat (wel ek het) moontlik ook die werking van die Heilige Gees. Die musiekleier het 'n uitstekende werk gedoen en 'n pragtige liturgie saamgestel. Hy het ook 'n gebed gedoen voor die prediking en hierna was ek werklik opgewonde. Hy het die kern van die preek in sy gebed opgesom – dit sonder dat hy die vaagste benul gehad het wat ek gaan preek. Ek kon toe rustig raak en weet dat God werklik in beheer is en die hoof van sy Kerk is en bly ten spyte van ons menslike vooropgesteldhede.

'n Volgende voorbeeld is ten opsigte van die oggend erediens waar ons tyd maak vir die kleuters en junior katkisante. Soos ek reeds vroeër genoem het word dit in die vorm van 'n poppekas gedoen. Ek skryf die kort lessie/parodie/prekie en ek en my man bied dit dan aan. Die poppekas is nuut in die gemeente en die kinders se interaksie was nie na wense tydens ons eerste aanbieding nie. Die ouer gemeentelede het dit almal geniet maar baie van hulle het kommentaar gelewer op die interaksie wat nie na wense was nie. Dit was 'n jonger gemeentelid ("*reverse mentoring"*) wat nie net met kritiek vorendag gekom het nie maar met 'n werkbare plan en voorstel. Sy het ons dilemma besef en raakgesien dat ons nie vanuit die

poppekas kan sien hoe die kinders reageer nie. Sy het byvoorbeeld met my kon deel dat 'n seuntjie sy hand opgesteek het om een van ons vrae te beantwoord maar omdat ons hom nie kon sien nie het die geleentheid dat hy kon deelneem verby gegaan. Haar voorstel was dat ons die kategete wat saam met die kinders op die verhoog sit moes betrek. Omdat hulle wel die kinders kan sien kan hulle die interaksie fasiliteer. Nodeloos om te sê was ons tweede poging 'n reuse verbetering en het oud en jonk dit ten volle geniet. Ek het liggaamlike deelname in die storie ingeskryf, die kategete het voorgegaan en die kinders laat meedoen, daar was goeie saampraat en spontane deelname het hieruit gevloei. *"Reverse mentoring"* het hier tot voordeel van die hele geloofsgemeenskap gewerk.

Ons sal moontlik daarby baat om deelname en interaksie op al drie vlakke te verhoog. Barnard, Cilliers & Wepener (2012:19-20) haal Broer Emile van Taizé aan wat sê dat vandag se jongmense versigtig en agterdogtig is ten opsigte van woorde. Daarom gebruik hulle nie lang preke nie maar eerder liedere, ikone en kerse. Die eenvoud van die spiritualiteit bring hulle uit by die kern van waaroor die aanbidding gaan. Daar word nie aan die jongmense voorgeskryf nie. Vrae word wel gevra en die jongmense word gestimuleer om by antwoorde uit te kom.

Hierin is die *Discovery Bible Study* van die *Ubabalo* projek ook 'n baie goeie voorbeeld en kan dit ons dalk help om gesprek en interaksie te bevorder. Dit het ten doel om dissipelskap en 'n diepgaande, standhoudende geloof te bevorder (wat in 7.2.3 hierbo as 'n leemte voorgehou is). Elke Bybelstudie begin met twee vrae:

- Waarvoor is jy vandag dankbaar?
- Wat pla jou vandag / Waarmee sukkel jy op die oomblik / Waaroor is jy bekommerd?

Hierdie twee vrae kan mens op enige een van die drie vlakke gebruik. Jy kan dit op 'n vereenvoudigde wyse aan kleuters en jong kinders vra, jy kan dit aan volwassenes stel en ook aan tieners en jongmense. Dit kan binne enige liturgiese ruimte aan die orde kom. 'n Mens sou dit selfs binne 'n formele erediens kon gebruik. Na elke vraag kan jy 'n tyd van stilte en refleksie inruim. Die eerste vraag leen dit tot 'n tyd van

aanbidding en die tweede vraag leen dit tot 'n tyd van gebed. Wat my verder ook opgewonde maak oor hierdie vrae is dat dit vir 'n gebalanseerdheid in ons spiritualiteit en ons Godsbeskouing kan sorg. Op 'n onbewuste vlak, sonder dat ons dit hoef te verduidelik leer ons mense dat alles nie net altyd goed gaan in ons lewens nie en dat dit nie beteken daar is fout met ons nie. Die lewe is net baie meer genuanseerd en daar is altyd die soet en die suur. Die Bybel en veral die Psalms is vol daarvan.

Van die ander beginsels wat ons in die *Discovery Bible Study* aantref sou mens ook suksesvol in liturgiese kategese kon benut.

- Begrip (kop) – 'n Mens sou gemeentelede op al drie vlakke kon uitdaag om aan die einde van 'n preek dit wat hulle gehoor en verstaan het, vir hulself in 'n paar woorde op te som

- Gehoorsaamheid (hart) – Hulle kan dan gevra word om te dink hoe hulle hierdie gedeelte in die komende week gaan toepas of gehoorsaam? Tyd vir refleksie kan weereens ingeruim word. Hulle moet spesifiek wees en aan hulself beantwoord hoe, wanneer en wie

- Aksie (hand) – Die volgende vraag is dan met wie hy/sy hierdie gedeelte gaan deel in die komende week

Gesinne kan aangemoedig word om hul antwoorde met mekaar te deel en om hulself dan te verbind hiertoe. Hulle kan mekaar help en aanmoedig om dit wel te doen. Dit kan selfs in selgroep/omgeegroep verband of tussen vriende gedoen word. Op hierdie wyse kan dit wat in die gemeentelike erediens gebeur werklik voortgeleef word in die erediens van die lewe.

## 7.3 Samevattend

In hierdie hoofstuk is gepoog om aan die hand van Osmer se vierde taak (die pragmatiese taak) van praktiese teologiese interpretasie die vraag: "Hoe kan ons reageer?" te beantwoord.

Ek wil hierdie hoofstuk graag opsom in die woorde van Deuteronomium 6:4-9:

4“Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.
5Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.
6“Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly.
7Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou
huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.
8Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet ’n
merk op jou voorkop wees.
9Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.

As ons dit kan regkry om deur middel van liturgiese kategese die boodskap van wat ons glo (*oortuiging*), hoe ons behoort te leef (*gedrag*) en wat dit beteken om gemeenskap van gelowiges (*behoort*) te wees oor te dra aan al die ouderdomsgroepe wat ons gemeentelike eredienste bywoon, sal dit beteken dat al die lede van ‘n gesin dieselfde boodskap hoor, beleef en ervaar. Dit sal dan moontlik wees dat hulle dit kan inskerp en daaroor kan praat in hul huise, op pad, as hulle opstaan en voor hulle gaan slaap. Op hierdie wyse kan die boodskap hulle lewens deursuur en kan dit nie anders as om die hele samelewing te deurtrek nie. Gebreekte brood en gestorte bloed wat werklik ‘n verskil maak in ‘n wêreld wat kreun...

# HOOFSTUK 8

# GEVOLGTREKKING

Ons wil graag alles in ons vermoë doen om hierdie boom, die Kerk in stand te hou. Hoe ons dit doen behoort van so aard te wees dat ons ‘n volgende geslag deur die toewyding, geduld en hoop wat hulle by ons sien, kan inspireer om hierdie taak eers saam met ons te doen en later by ons oor te neem. Tog moet ons ophou om te dink dat ons hulle (die jonger generasie) moet wys hoe hulle hierdie boom moet versorg omdat nét ons weet hoe. Uit hierdie studie het ons gesien dat ons dalk moet begin kyk hoe hulle die boom versorg. Ons kan dalk ‘n ding of twee leer wat ons nie eers aan gedink het nie. Hulle kyk nuut en vars en kreatief na dinge en ons kan beslis beide kante toe van mekaar leer. Ons het ook gesien dat die jonger geslag meer wil fokus op doen (ortopraksie) as op om te luister na leerstellings (ortodoksie). Die een sonder die ander is nooit ‘n goeie idee nie maar ons kan heel moontlik by die jonger geslag leer hoe om die verpakking anders te doen.

*Ubabalo* stel aan ons ‘n goeie voorbeeld van hoe ons anders kan dink en doen. Hulle hoofbesorgdheid is ‘n vaderlose generasie[37] en hulle het ten doel om ‘n wesenlike verskil te maak deur die gebruikmaking van sport. Sport is ‘n universele taal wat ‘n maklike aanknopingspunt bied. Hulle gebruik die liturgiese ruimte wat sport bied om deur opgeleide afrigters (“coaches”) lewenswaardes aan kinders en jongmense oor te dra. Baie van hierdie jongmense het werklik nie veel ander mense in hul lewens wat vir hulle omgee nie. Binne so ‘n sportspan kry hulle lewens sin en betekenis. Die “coach” gee vir hulle om en hulle word ook begelei om vir mekaar om te gee. Op ‘n speelse maar doelgerigte manier word die struktuur van ‘n bepaalde sportsoort en die reëls van hoe dit gespeel moet word, gebruik om lewenslesse en waardes daaraan te verbind en vas te lê. Die “coach” stap as rolmodel ‘n pad met hierdie kinders of jongmense in sy span. Wanneer daar mettertyd ‘n vertrouensverhouding gebou is gaan die “coach” dieper en begin hy met sy span ‘n *Discovery Bible Study*. Nou bly wat die span tydens hul sessies en tydens die Bybelstudie leer nie maar net meer iets waarmee die span hulself besig hou en wat tot hul eie voordeel is nie. Elke

[37] Hierdie hele uitdaging rondom ‘n vaderlose generasie en hoe die Kerk dit kan aanspreek leen dit tot verdure navorsing.

spanlid word nou uitgedaag om weekliks dit wat hulle leer met andere te gaan deel. Elkeen se verbintenis hiertoe is baie belangrik en hulle hou mekaar toerekeningsvatbaar. Elke spanlid moet weekliks kom verslag doen oor hoe, wanneer en met wie hulle dit gedeel het. Hierdie span word dan in werklikheid 'n dissipelskap groepie wat werklik begin om 'n verskil in hul gemeenskappe te maak.

*Ubabalo* sukkel om die Kerk te kry om hande te vat met hulle en om saam met hulle en deur hulle uit te reik na die gemeenskappe waarvan hulle deel is. Hieroor sou verdere navorsing gedoen kon word. Wat hou die Kerk byvoorbeeld terug? Hoekom benut die Kerk nie hierdie deur wat wawyd oopstaan nie? Hierdie klein groepies is ontsettend beweeglik en die beginsels wat hulle gebruik kan maklik gedupliseer word. Soveel gemeentes wil altyd een of ander projek aanpak. Hier is 'n projek wat reeds werk. Die wiel hoef nie herontwerp te word nie. Gemeentes kan by hierdie projek betrokke raak en dit help om 'n selfs groter sukses te word. Klein vlammetjies sou regdeur die hele Suid-Afrika kon begin brand. Soveel gemeentelede is wel op een of ander manier betrokke by sport. Deur die *Ubabalo* opleiding te deurloop kan hulle die kennis kry om te weet hoe mens deur jou sport, wat jy in elk geval beoefen 'n sinvolle bydrae kan lewer tot jou gemeenskap.

Die lang en moeisame pad van die vroeë kategumenaat in die kerkgeskiedenis het vir ons gewys dat die vroeë Christene se hoofdoel was om Christene te "maak" wat geweet het wat hulle glo (*"oortuiging"*), wat geweet het hoe hulle behoort te leef (*"gedrag"*) en wat op grond hiervan geweet het dat hulle *"behoort"* en deel was van mekaar se lewens. As geloofsgemeenskap het hulle werklik vir mekaar omgegee en mekaar se belange op die hart gedra. Ons het kategese waarskynlik te maklik en lukraak gemaak en ons jongmense is waarskynlik nie altyd seker van dit wat hulle glo (*"oortuiging"*) en hoe hulle behoort te leef (*"gedrag"*) as Christene nie. Ons het gesien dat jongmense se beswaar veral is dat Christene een ding sê en 'n ander ding doen. Dit maak dit verwarrend vir hulle om met sekerheid te weet hoe 'n Christen dan behoort te leef. *"Behoort aan"* ervaar hulle ook nie altyd positief nie omdat die ouer generasie dikwels neerkyk op die jonger generasie en hulle uitsluit.

Ons kan nie weer kategese bedryf soos wat dit in die vroeë kerkgeskiedenis gebeur het nie. Die lang en moeisame pad was ook meestal bedoel vir mense wat uit die

heidendom tot die Christendom toegetree het en wat geen onderbou gehad het van die Joodse tradisie waaruit die Christendom voortgevloei het nie. Dit wil egter lyk asof ons huidige kategese nie die gewenste uitwerking het om Christene te vestig wat anders lyk as die verbruikerskultuur rondom ons nie. Dit wil voorkom asof ons net so lyk en leef soos die verbruikerskultuur en dan "plus" ons Jesus.

'n Maklike en klinkklare antwoord is daar ongelukkig nie. My voorstel vir die ontwikkeling van 'n teorie vir die praxis is dan dat ons moet kyk na liturgiese kategese waar die mens in sy of haar geheel binne die liturgie van die erediens op elke denkbare, kreatiewe wyse moontlik geleer, gehelp, gevorm word om dan in die erediens van die lewe te kan gaan glo (*"oortuiging"*) en leef *("gedrag"*) terwyl ons verseker wéét dat ons aan 'n geloofsgemeenskap *"behoort".* 'n Geloofsgemeenskap waarheen ons keer op keer kan terugkeer om weereens by mekaar te leer, mekaar te help en te vorm sodat ons deelname aan mekaar, veroorsaak dat ons boom vrugte dra wat die gemeenskap rondom ons meer en meer voed, 'n boom van HOOP.

# HOOFSTUK 9

# BIBLIOGRAFIE

Anderson, E.B. 1997. Liturgical catechesis: congregational practice as formation. *Religious Education* 92(3):349-362.

Armstrong, K. 2010. *A case for God: what religion really means*. London: Vintage books.

Arndt, W., Danker, F. W., & Bauer, W. 2000. *A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature* (3rd ed.). Chicago: University of Chicago Press.

Arnold, C.E. 2004. Early church catechesis and new Christians' classes in contemporary evangelicalism, *Journal of the Evangelical Theological Society* 47(1):39-54.

Audi, Robert. 2008. Belief, faith and acceptance. *International Journal for the Philosophy of Religion* 63:87-102.

Barnard, M. & Vos, C.J.A. 2001. 'n Besinning oor die liturgie, teorievorming, ondersoek en praktykvorming. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 16(2):17-32.

Barnard, M. 2009. Ontdek die nagmaal in die gereformeerde erediens, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi.

Barnard, M., Cilliers, J. & Wepener, C. Forthcoming. *Worship in the network culture: Liturgical-ritual studies – fields and methods, concepts and metaphors*.

Bradshaw, P.F. 1999. The Gospel and the Catechumenate in the Third Century. *Journal of Theological Studies* 50(1):143-152.

Burger, C. 2009. Ontdek die belang van die erediens, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi BM.

Cilliers, J. 2012. *Dancing with Deity: re-imagining the beauty of worship*. Wellington: Bible Media.

Colley, H., Hodkinson, P. & Malcolm, J. 2002. *Non-formal learning: mapping the conceptual terrain – A consultation report*. Leeds: Lifelong Learning Institute, University of Leads.

Colley, H., Hodkinson, P. & Malcolm, J. 2003. Understanding informality and formality in learning, *Adults learning* 15(3):7-9.

Conradie, E. 2009. *Uitverkoop: In gesprek oor... die verbruikerskultuur*. Wellington: Lux Verbi BM.

Cooke, B.1966. Eucharist: Source or Expression of Community? *Worship* 40(6), 339-348.

Crain, W.C. 1985. *Theories of Development: concepts and applications*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Creps, E. 2008. *Reverse mentoring: how young leaders can transform the church and why we should let them*. [Kindle edition]. San Francisco: Jossey-Bass.

Deist, F. 1984. *A concise dictionary of theological terms*. Pretoria: J.L. van Schaik.

*Die Bybel Nuwe Lewende Vertaling*. 1998. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Die Oratorium Uitgewery, Redaksie. 2012. *Christelike Inisiasie van Volwassenes*. Beskikbaar by: http://dieoratorium.org/new/index.php?option=com_content&view=article&id=330:rite-vir-christelike-inisiasie-van-volwassenes-rciv&catid=30:ensiklopedie&Itemid=34 Besoek op 17 Junie 2012.

Driskell, R.L. & Lyon, L. 2011. Assessing the role of religious beliefs on secular and spiritual behaviors, *Review of Religious Research* 52(4):386-404.

Duduit, M. 1992. *Handbook of Contemporary Preaching*. Nashville, TN: Broadman Press.

Fahlbusch, E., & Bromiley, G.W. 1999-2003. *The encyclopedia of Christianity*. Grand Rapids, MI: Wm. B. Eerdmans.

Flynn, D.S. 2011. *'n Verkennend-beskrywende prakties-teologiese ondersoek na die waarde van "liturgiese" momente binne sport gemik op liturgiese inkulturasie*. MDiv skripsie. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Folkemer, L.D. 1946. A study of the Catechumenate, *Church History* 14(4):286-307.

Gifford, E.H. 1894. The Catechetical Lectures of S. Cyril: introduction, in: *A select library of the Nicene and Post-Nicene Fathers of the Christian Church, second series, volume VII: S. Cyril of Jerusalem, S. Gregory Nazianzen*, Schaff, P. & Wace, H. (eds). New York: Christian Literature Company.

Grainger, R. 2009. *The drama of the rite: worship, liturgy and theatre performance*. Eastbourne: Sussex Academic Press.

Groskop, V. 2007. Get a life, *New Statesman* 136 (4827):28-29.

Hamilton, S.F., et al. 2006. Community contexts for mentoring, *Journal of Community Psychology* 34(6):727-746.

Harper, S.E. & Fine, M.A. 2006. The effects of involved nonresidential fathers' distress, parenting behaviors, interparental conflict, and the quality of father-child relationships on children's well-being, *Fathering* 4(3):286-311.

Hellison, D. 2011. *Teaching personal and social responsibility through physical activity*. 3rd ed. Champaign, IL: Human Kinetics.

Hestenes, R., Hendricks, H.G., & Palmer, E.F. 1991. *Mastering teaching*. Portland, Or.: Multnomah Press.

Hewitt, M.A. 2008. Attachment theory, religious beliefs, and the limits of reason. *Pastoral Psychology* 57:65-75.

Hirsch, A. 2009. *The forgotten ways handbook: a practical guide for developing missional churches*. Grand Rapids, MI: Brazos Press.

Horn, W.F. 2006. Fatherhood, cohabitation, and marriage, *Gender issues* Fall:21-35.

Kinnaman, D. & Lyons, G. 2007. *Unchristian: what a new generation really thinks about Christianity... and why it matters*. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Kinnaman, D. 2011. *You lost me: why young Christians are leaving church... and rethinking faith*. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Kreider, A. 1999. *The change of conversion and origin of Christendom*. Harrisburg, PA: Trinity Press International.

Leonard, J., Barnes-Johnson, J., Dantley, S.J. & Kimber, C. 2011. Teaching science in urban contexts: the role of elementary preservice teachers' beliefs, *Urban Review* 43: 124-150.

Liddell, H. 1996. *A lexicon: Abridged from Liddell and Scott's Greek-English lexicon*. Oak Harbor, WA:Logos Research Systems, Inc.

Long, T.G. 2001. *Beyond the worship wars: building vital and fruitful worship*. Washington DC: The Alban Institute.

Mael, F.A. & Ashforth, B.E. 2001. Identification in work, war, sports, and religion: contrasting the benefits and risks. *Journal for the Theory of Social Behaviour* 31(2):197-222.

Malcolm, J., Hodkinson, P. & Colley, H. 2003. The interrelationships between informal and formal learning, *Journal of Workplace Learning* 15(7/8):313-318.

Marthinus, M. 2005. *Morele opvoeding aan leerders binne die konteks van plekke van veiligheid in Wes-Kaapland*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Martin, J.E. & Sihn, E. 2009. Motivational Interviewing: Applications to Christian Therapy and Church Ministry, *Journal Of Psychology & Christianity 28*(1):71-77.

Martinek, T. & Lee, O. 2012. From community gym to classrooms: a framework for values-transfer in schools, *Journal of Physical Education, Recreation and Dance* 83(1):33-51.

McCluskey, C. 2008. A Christian therapist-turned-coach discussing his journey and the field of life coaching, *Journal of Psychology and Christianity* 27(3):266-269.

McMurray, I., Connolly, H., Preston-Shoot, M. & Wigley, V. 2011. Shards of the old looking glass: restoring the significance of identity in promoting positive outcomes for looked-after children, *Child and Family Social Work* 16:210-218.

Meredith, P. 2009. Introducing attachment theory to occupational therapy, *Australian Occupational Therapy Journal* 56:285-292.

Moriarty, D.C. 2003. Introduction, in *Activities for differentiated instruction addressing all levels of Bloom's taxonomy and eight multiple intelligences*, Rule, A.C & Lord, L.H. (eds.). Available at:

http://www.eric.ed.gov/contentdelivery/servlet/ERICServlet?accno=ED475517 Visited on 23 March 2012.

Mullins, D.F. 2011. Linkages between children's behavior and nonresident father involvement: a comparison of African American, Anglo, and Latino families, *Journal of African American Studies* 15:1-21.

Nel, M. 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion.

News24. 2012. *SA – a very sick society in massive denial*. Available at: http://www.news24.com/MyNews24/SA-a-very-sick-society-in-massive-denial-20120704. Visited on 4 July 2012.

News24. 2012. *Fewer religious people in SA – survey*. Available at: http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Fewer-religious-people-in-SA-survey-20120810. Visited on 12 August 2012.

Old, H.O. 2002. *Worship: reformed according to Scripture*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Osmer, R.R. 1990. *A teachable spirit: recovering the teaching office in the church*. Louisville, KY: Westminster.

Osmer, R.R. 2005. *The teaching ministry of congregations*. Louisville, KY: Westminster.

Osmer, R.R. 2008. *Practical theology: an introduction*. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans.

Pajares, M.F. 1992. Teachers' beliefs and educational research: cleaning up a messy construct, *Review of Educational Research* 62(3): 307-332.

Pecklers, K.F. 2003. *Worship: a primer in Christian ritual*. Collegeville, MN: The Liturgical Press.

Smit, D, 2009. Ontdek die eie aard van die gereformeerde erediens, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi.

Smith, J.K.A. 2009. *Desiring the Kingdom: worship, worldview and cultural formation*. Grand rapids, MI: Baker Academic.

Stafleu, M.D. 2007. Philosophical ethics and the so-called ethical aspects, *Philosophia Reformata* 72:21–33.

Swimme, B. 2006-2012. *How do our kids get so caught up in consumerism?* Available at: http://www.education.com/reference/article/ Visited on 13 July 2012.

Terrile, V.C. & Michele Echols, S. S. 2012. They don't leave their lives at the door, but neither do we changing our minds about changing teens' behaviors. *Young Adult Library Services* 10(2):19-23.

Tertullian. 1931. *Apology*. (translated by S. Thelwall). OrthodoxEbooks.

The Ultimate Goal. 2010. *Combined report: Outreach initiative during 2010 FIFA World Cup South Africa*. Cape Town: TUG Communication Team and TUG Conveners.

Tisdale, L.T. 2010. *Prophetic preaching: a pastoral approach*. [Kindle edition]. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

Ubabalo eAfrica. 2012. *Ubabalo Level 1 Module*. Available at: http://www.max7.org/resource.aspx?id=81ef014f-b21e-42a4-a0ed-8836c9ece872&division=True Visited on 21 July 2012.

Van der Merwe, I.J. 2001. "*Hoe kan ons die lied van die Here sing in 'n vreemde land?" Oor die verband tussen liturgie en lewe*. Beskikbaar by: http://academic.sun.ac.za/buvton/Liturgie_files/Liturgie%20en%20lewe%20NGTT Besoek op Junie 2011.

Van der Westhuizen, A. 2008. *Die verband tussen akademiese selfkonsep en akademiese prestasie in gemengde- en enkelgeslag skole*. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Van der Westhuÿsen, T.W.B. & Schoeman, W.J. 1982. Ontwikkelingpsigologie, in: *Inleiding tot die psigologie*, Louw, D.A. (red). Johannesburg: McGraw-Hill.

Van Niekerk, A. 2009. The role of the Institute for Missiological and Ecumenical Research in the past and present, *Verbum et Ecclesia* 30(3):1-7.

Vella, S., Oades, L. & Crowe, T. 2011. The role of the coach in facilitating positive youth development: moving from theory to practice, *Journal of Applied Sport Psychology* 23:33-48.

Viola, F. & Barna, G. 2008. *Pagan Christianity? Exploring the roots of our church practices.* Carol Stream, IL: Tyndale House.

Wepener, C. 2007. Die lang pad van bekering. Deel 1. Die opkoms van die kategumenaat in die Patristieke tyd, *NGTT* 48(1&2):307-317.

Wepener, C. 2009. Ontdek die draaipunte in die geskiedenis van die liturgie (aan die hand van die liturgiese viering van vergifnis en versoening), in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi.

Wepener, C. & Van der Merwe, J. 2009. Ontdek die kenmerke en waarde van simbole en rituele, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi.

Wepener, C. 2011. *Soos 'n blom na die son draai: liturgiese voorstelle vir gebruik in die algemene erediens en in ander spesifieke dienste*. Wellington: Bybel-Media

Wessels, F. 2009. Ontdek die Joodse wortels in die erediens, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi.

White, J.F. 1993. *A brief history of Christian worship*. Nashville: Abingdon Press.

Wilken, R.L. 2003. *The spirit of early Christian thought: seeking the face of God*. London: Yale University Press.

Yarnold, E. 1994. *The awe-inspiring rites of initiation: the origins of the RCIA*. Edinburgh: T& T Clark.